UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE WERKWYSE MET HERSAAMGESTELDE GESINNE

deur

**Tania Kapp**

Voorgelê luidens die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**

in die vak

**OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF L J JACOBS**

**April 2002**

© University of Pretoria

Ek verklaar hiermee dat:
***'N GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE WERKWYSE MET HERSAAMGESTELDE GESINNE*** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

T. Kapp

# DANKBETUIGING

**Besondere waardering en opregte dank word hiermee betuig aan die volgende persone sonder wie se hulp die studie nie moontlik sou gewees het nie:**

- My gesin, wat elkeen op hul eie unieke manier my ondersteun het; veral vir my ma vir haar wonderlike bystand en bereidwilligheid om te help, my sussie vir haar betrokkenheid en my pa vir sy stille teenwoordigheid en deurlopende geloof in my.

- 'n Spesiale woord van dank aan Elani, wat my ongelooflik ondersteun, bygestaan en gemotiveer het en wat altyd bereid was om te luister en te help.

- Die egpaar wat hul vrye tyd opgeoffer het sodat ek met hulle kon werk. Hul samewerking en bereidwilligheid word opreg waardeer.

- Ingrid vir haar professionele en puik taalversorging

en

- Dank aan Prof L.J Jacobs, my studieleier, vir sy onuitputbare geduld, deurlopende beskikbaarheid, flinke terugbesorging van my werk en positiewe leiding. Dit word opreg waardeer.

**SOLI DEO GLORIA**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 'N GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE WERKWYSE MET HERSAAMGESTELDE GESINNE

deur

Tania Kapp

**Graad**: Magister Educationis

**Departement**: Opvoedkundige Sielkunde

**Promotor**: Prof L.J. Jacobs

## OPSOMMING

Die studie spreek die multiproblematiek van die hersaamgestelde gesin aan deur gebruik te maak van 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model. Die hersaamgestelde gesin is 'n vinnig groeiende gesinsvorm in die huidige samelewing. Dié gesin se unieke problematiek, byvoorbeeld lewensiklus-diskrepansies en lojaliteitskonflikte, ontstaan wanneer hulle saam begin funksioneer.

Die problematiese grondslag waarop die hersaamgestelde gesinsisteem berus en die unieke samestelling daarvan verg 'n spesifieke terapeutiese werkwyse wat die kompleksiteit van dié gesinsvorm in ag neem. Die navorser gebruik die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen. Die model is uit ses erkende metodes uit die veld van gesinsterapie saamgestel, naamlik: probleemoplossings-, interaksionele-, strukturele-, kognitiewe-, multigeneratiewe en objekrelasiemetodes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# AN INTEGRATIVE FAMILY THERAPY METHOD WITH STEPFAMILIES

by

Tania Kapp

**Degree**: Magister Educationis

**Department**: Educational Psychology

**Promoter**: Prof L.J. Jacobs

## Summary

This study addresses the multiple problems a stepfamily may encounter by using a integrative family therapy model. The stepfamily is a rapid growing family structure in modern society. The stepfamilies' unique problems, for instance, life-cycle discrepancies and loyality conflicts, begin when they start functioning together as a family.

The problematic foundation of a stepfamily and its unique composition, require a specific therapeutic method that will take the complexities of these families into account. The researcher will use the integrative family therapy model of David.C Olsen. This model is constructed out of six accredited methods in the field of family therapy: problem solving-, interactional-, structural-, cognitive-, multigenerational- and object-relation methods.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## ORIëNTERENDE INLEIDING: BEWUSWORDING EN ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding....1

1.2 Bewuswording van die probleem....2

1.2.1 Ten opsigte van die hersaamgestelde gesin....2

1.2.2 Ten opsigte van gesinsterapie....5

1.3 Ontleding van die probleem....6

1.3.1 Ontleding van die gesinsterapeutiese probleem....6

1.3.1.1 Tendense in die gesinsterapeutiese literatuur met betrekking tot die hersaamgestelde gesin....10

1.3.1.1.1 Selfhelpaksie....10

1.3.1.1.2 Modelle vir benaderings tot die hersaamgestelde gesin....10

1.3.2 Ontleding van die hersaamgesteldegesinsprobleem....16

1.4 Probleemstelling van die huidige ondersoek....20

1.5 Begripsverklaring....21

1.5.1 Hersaamgestelde gesin....21

1.5.2 Gesinsterapie....22

1.5.3 Kerngesin....22

1.5.4 Stiefouer....23

1.5.5 Transaksie....23

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.5.6 Interaksie....23

1.5.7 Model....23

1.5.8 Geïntegreerde gesinsterapie....24

1.5.9 Psigo-opvoeding....24

1.6 Program van ondersoek....24

1.7 Slot....25

## HOOFSTUK 2

## DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

2.1 Inleiding....26

2.2 Oorsake vir die ontstaan van die hersaamgestelde gesin....26

2.2.1 Hertrou na die ontbinding van die huwelik as gevolg van die dood....27

2.2.2 Hertrou na die ontbinding van die huwelik deur middel van 'n egskeiding....28

2.3 Mites ten opsigte van die hersaamgestelde gesin....30

2.3.1 Kitsliefde....30

2.3.2 Kitsklaar kerngesin....31

2.3.3 Aspoestertjie-mite (Cinderella myth)....31

2.4 Tipologieë van die hersaamgestelde gesin....31

2.5 Eienskappe van 'n hersaamgestelde gesin....34

2.6 Die eienskappe van die hersaamgestelde gesinstruktuur....35

2.7 Faseverloop....36

2.7.1 Die vroeë fase....37

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.7.2 Die middelfase....38

2.7.3 Die latere fase....38

2.8 Problematiek van die hersaamgestelde gesin....39

2.8.1 Verandering en verlies....39

2.8.2 Onrealistiese mites....39

2.8.3 Groepvorming binne die hersaamgestelde gesin....40

2.8.4 Lewensiklusdiskrepansies....42

2.8.5 Lojaliteitskonflik....42

2.8.6 Grense....43

2.8.7 Dissipline....44

2.8.8 Finansies....45

2.8.9 Gesinsrolle....47

2.8.10 Nabyheid/afstand....48

2.9 Die kind in 'n hersaamgestelde gesin....49

2.9.1 Effek van die verlies van 'n ouer op 'n kind....49

2.9.1.1 Die hantering van verlies deur die dood....50

2.9.1.2 Die hantering van verlies deur 'n egskeiding....51

2.9.2 Probleemareas vir kinders van verskillende ouderdomme....53

2.9.3 Rol en plek van die kind in die hersaamgestelde gesin....56

2.9.4 Lidmaatskap van twee huishoudings....56

2.9.5 Die nie-inwonende teenoor inwonende kinders....57

2.9.6 Die selfbeeld van die stiefkind....58

2.9.7 Algemene knelpunte vir kinders....59

2.10 Ouerskap in 'n hersaamgestelde gesin....60

2.11.1 Die rol van die stiefouer....61

2.11.1.1 Die rol van die stiefvader....61

2.11.1.2 Die rol van die stiefmoeder....62

2.12 Persone buite die hersaamgestelde gesin wat 'n rol speel....64

2.13 Die krag van 'n hersaamgestelde gesin....65

2.14 Ontwikkelingstake van die hersaamgestelde gesinsisteem....67

2.15 Kenmerke van 'n suksesvolle hersaamgestelde gesin....68

2.16 Die hersaamgestelde gesin en 'n geïntegreerde model....70

2.17 Slot....71

HOOFSTUK 3

DIE GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE MODEL

3.1 Inleiding....72

3.2 Die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen....75

3.3 Metodes wat Olsen gebruik vir die samestelling van sy geïntegreerde gesinsterapeutiese model....78

3.3.1 Probleemoplossingsmetode....78

3.3.1.1 Teoretiese konstrukte....79

3.3.1.2 Terapeutiese strategieë....80

3.3.1.3 Tegnieke....80

3.3.1.4 Kritiese beskouing....82

3.3.2 Interaksionele metode....82

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.3.2.1 Teoretiese konstrukte ... 83

3.3.2.2 Terapeutiese strategieë ... 86

3.3.2.3 Tegnieke ... 88

3.3.2.4 Kritiese beskouing ... 89

3.3.3 Strukturele metode ... 90

3.3.3.1 Teoretiese konstrukte ... 90

3.3.3.2 Terapeutiese strategieë ... 94

3.3.3.3 Tegnieke ... 95

3.3.3.4 Kritiese beskouing ... 98

3.3.4 Kognitiewe metode ... 98

3.3.5 Multigeneratiewe metode ... 100

3.3.5.1 Teoretiese konstrukte ... 101

3.3.5.2 Terapeutiese strategieë ... 106

3.3.5.3 Tegnieke ... 107

3.3.5.4 Kritiese beskouing ... 108

3.3.6 Objekrelasiemetode ... 109

3.3.6.1 Teoretiese konstrukte ... 109

3.3.6.2 Terapeutiese strategieë ... 111

3.3.6.3 Tegnieke ... 112

3.3.6.4 Kritiese beskouing ... 113

3.4 'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese model ... 113

3.5 Slot ... 114

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 4

## VOORSTELLING VAN DIE GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE MODEL

4.1 Inleiding ........ 115

4.2 Doelwit ........ 115

4.3 Metode van ondersoek ........ 116

4.3.1 Literatuurstudie ........ 116

4.3.2 Kwalitatiewe navorsing ........ 116

4.4 Struktuur ........ 117

4.4.1 Die geïntegreerde assesseringsmodel ........ 117

4.4.2 Die geïntegreerde behandelingsmodel ........ 123

4.5 Proefpersone ........ 133

4.6 Hipoteses ........ 133

4.7 Slot ........ 135

## HOOFSTUK 5

## NAVORSINGSRESULTATE

5.1 Biografiese gegewens ........ 136

5.2 Sessie 1 ........ 136

5.2.1 Uitkomste ........ 136

5.2.2 Bespreking ........ 138

5.3 Sessie 2 ........ 138

5.3.1 Uitkomste ........ 139

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.3.2 Bespreking.....141

5.4 Sessie 3.....143

5.4.1 Uitkomste.....143

5.4.2 Bespreking.....145

5.5 Sessie 4.....146

5.5.1 Uitkomste.....146

5.5.2 Bespreking.....150

5.6 Sessie 5.....150

5.6.1 Uitkomste.....150

5.6.2 Bespreking.....153

5.7 Sessie 6.....154

5.7.1 Uitkomste.....154

5.7.2 Bespreking.....156

5.8 Individueel ontwikkelende kwessies.....156

5.9 Slot.....157

## HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding.....158

6.2 Doelwit.....158

6.3 Bevindings uit die literatuurstudie.....158

6.3.1 Literatuurbevindings rakende die hersaamgestelde gesin.....159

6.3.2 Literatuurbevindings rakende 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



model ..... 162

6.4 Bevindings uit die navorsing ..... 164

6.5 Tekortkominge van die studie ..... 167

6.6 Aanbevelings ..... 170

6.6.1 Aanbevelings ten opsigte van die hersaamgestelde gesin ..... 170

6.6.2 Aanbevelings ten opsigte van geïntegreerde gesinsterapie ..... 171

6.7 Slot ..... 172

Bronnelys

# LYS VAN DIAGRAMME

Diagram 1: Kerngesin.......................................................................17

Diagram 2: Hertrou van Huweliksmaat B...............................................18

Diagram 3: Hertrou van Huweliksmaat A en B........................................19

Diagram 4: Die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen....77

Diagram 5: Aangepaste geïntegreerde gesinsterapeutiese model..................167

# BYLAES

Bylaag 1: Stappe tot probleemoplossing

Bylaag 2: Alternatiewe vir probleemoplossing

Bylaag 3: Kommunikasie

Bylaag 4: Die verloop van kognitiewe geloofsisteme

Bylaag 5: Genogram

Bylaag 6: Vlak van differensiasie

# Sleutelwoorde

| | |
|---|---|
| Hersaamgesteldegesin | Stepfamily |
| Kerngesin | Nuclear family |
| Gesinsterapie | Family therapy |
| Geïntegreerde gesinsterapie | Integrative family therapy |
| Model | Model |
| Probleemoplossingsmetode | Problem-solving method |
| Strukturele metode | Structural method |
| Interaksionele metode | Interactional method |
| Kognitiewe metode | Cognitive method |
| Multigeneratiewe metode | Multigenerational method |
| Objekrelasiemetode | Object-relation method |

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERENDE INLEIDING: BEWUSWORDING EN ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM, PROBLEEM-STELLING EN BEGRIPSVERKLARING

## 1.1 Inleiding

Die hedendaagse lewe word gekenmerk deur snelle verandering op tegnologiese, kulturele, sosiale en politieke gebied. Een van die opvallendste veranderinge en tendense van ons tyd is die disintegrasie van die kerngesin. Hoë egskeiding- en hertrousyfers het tot gevolg dat die hersaamgestelde gesin 'n vinnig groeiende vorm van gesinslewe in die huidige samelewing word. Die hersaamgestelde gesin se multiproblematiese situasies word deur Booth en Dunn (1994:7) beskryf as 'n mynveld van verdeelde lojaliteite, emosionele lokvalle en bestuurskonflikte, wat hierdie gesinsvorm broos laat.

Die belangstelling in gesinsterapie as 'n behandelingsmetode het derhalwe gedurende die afgelope twee dekades geweldig toegeneem. 'n Legio gesinsterapeutiese teorieë behandel verskeie aspekte van die gesin. In dié verband pas terapeute gewoonlik die teorie toe waarmee hulle gemaklik voel. 'n Gefragmenteerde eklektisisme kan egter ook plaasvind. Volgens Lebow (1987:1) is daar 'n opmerklike ontwikkeling in die veld van gesinsterapie en 'n geweldige toename in belangstelling in die integrasie van gesinsterapeutiese metodes. (Dus alreeds in die tagtigerjare).

Die navorser beoog om in hierdie studie 'n geïntegreerde model voor te hou waarin die krag en voordele van verskeie gesinsterapeutiese metodes op die hersaamgestelde gesin toegepas word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2 Bewuswording van die probleem

Die navorser toon vervolgens haar bewuswording van die probleem vanuit-

- die perspektief van die hersaamgestelde gesinstruktuur; en
- die gesinsterapeutiese perspektief.

1.2.1 Ten opsigte van die hersaamgestelde gesin

Daar is 'n dramatiese groei in die aantal egskeidings in Suid-Afrika. Volgens die Sentrale Statistieksdiens van Suid-Afrika (verslag P0307) was daar in 1997 34 231 egskeidings, wat in 1998 tot 35 792 toegeneem het. Die aangepaste egskeidingsyfer vir die hele Suid-Afrika het van 643 per 100 000 in 1997 toegeneem tot 662 per 100 000 in 1998. Die toename in die aantal kinders wat in 1997 by egskeidings betrokke was teenoor die aantal in 1998 (onderskeidelik 43 476 en 45 123) is opvallend.

Die media, tydskrifte en boeke het gesorg dat woorde soos *egskeiding* en *stiefgesinne* alledaags geword het, juis as gevolg van die toenemende aantal huwelike wat misluk. Die hersaamgestelde gesin word veral deur negatiewe stereotipering beïnvloed. Wanneer daar na 'n hersaamgestelde gesin verwys word, word daar gewoonlik van stiefkinders en stiefouers gepraat. Veral aan die benaming *stiefma* kleef daar 'n stigma. In sprokies word die stiefma altyd as wreed en onregverdig voorgestel; iemand wat haar stiefkinders mishandel en afskeep. Hierdie benaming het dus 'n ongunstige konnotasie, wat by voorbaat afbreuk doen aan 'n toekomstige toereikende verhouding tussen die nuwe ouer en nuwe kind. Die samelewing in die breë blyk egter nog onkundig te wees oor die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin (Kriel 1996:3; Pasley & Ihinger-Tallman 1987:35).

'n Fokusverskuiwing van die egskeiding en die aanvaarding daarvan, na die aanpassing in 'n hersaamgestelde gesin vind plaas, aangesien hersaamgestelde gesinne volgens Ihinger-Tallman en Pasley (1987:38) meer geneig is om te misluk as eerste huwelike (juis as gevolg van die problematiese gesinstruktuur). Uit laasgenoemde blyk dit dat die hersaamgestelde gesin 'n groter risiko loop om 'n tweede keer te misluk. Die oorgrote meerderheid persone betree hierdie gesinseenheid onvoorbereid. Parkinson (1987:133) het in 'n longitudinale studie getoon dat die risiko van die mislukking van 'n gesin met 'n stiefvader besonder hoog is: Een uit elke vyf kinders wat by 'n stiefvader gewoon het, was teen die ouderdom van elf jaar nie meer in daardie situasie nie.

Talle eise word verder met die intrapslag aan die hersaamgestelde gesin gestel; onder andere nuwe grense, norme, rituele en rolverdelings. Parkinson (1987:133) noem ook dat konflik kan figureer as gevolg van onverwerkte emosies en probleme uit die verlede. Spanning kan toeneem as die lede van die nuwe gesin hulle in verskillende fases van die gesinslewensiklus bevind, byvoorbeeld 'n jong vrou wat skielik adolessente stiefkinders het. Dit is dus te verstane dat die integrasie van twee gesinne 'n besonder stresvolle proses kan wees.

Die lede van die hersaamgestelde gesin begin (anders as die kerngesin) hul lewens met verswarende omstandighede. Die hersaamgestelde gesin het bande met die verlede sowel as die hede en word dus op 'n komplekse en potensieel problematiese fondament gebou. Die gesinslede bestaan uit 'n netwerk van persone en verhoudinge wat ontstaan het uit die verlies (egskeiding of dood) van 'n huweliksmaat of 'n ouer, of uit 'n hertroue. Derhalwe is die hersaamgestelde gesin gebaseer op verlies en vrees vir die herhaling van 'n moontlike volgende verlies, wat die stabiliteit van die verhoudingsnetwerk negatief kan beïnvloed (Scheepers 1991:1).

Die hersaamgestelde gesin is nie 'n nuwe konsep nie. Van die vroegste tye af was daar as gevolg van die dood van 'n huweliksmaat sprake van die teenwoordigheid van 'n stiefouer. Wat wel nuut en anders is, is die tempo waarteen die hersaamgestelde gesin die tradisionele gesin vervang, sowel as die redes vir die totstandkoming van die hersaamgestelde gesin en die gepaardgaande problematiek.

"Today stepfamilies may have become even more problematic than in the past because they are created mostly by divorce and nonmarital births rather than by the death of a parent. Many studies have verified that children whose birth families have been disrupted by divorce, show more emotional and behavioral problems than those whose families have been disrupted by the death of a parent" (Booth & Dunn 1994:6).

Veral die kinders blyk 'n bron van probleme en spanning vir die nuwe gesin te wees "... the presence of stepchildren in the home was specifically identified as a principal source of strain in second unions... couples in complex households, especially those in which both partners are remarried and have children, are more likely to say that they should not have gotten remarried. Apparently having stepchildren in the home diminishes the satisfaction of family life" (Pasley & Ihinger-Tallman 1987:46).

Vir praktiese insig het die navorser met die direkteur van 'n gesinsgebaseerde terapeutiese organisasie (FAMSA) gesels oor die behoeftes in die samelewing. Volgens dié organisasie bestaan daar, wat die hersaamgestelde gesin betref, 'n enorme behoefte in die gemeenskap. Die rede hiervoor is die geweldige groei in die voorkoms van sulke gesinne en die eiesoortige problematiek wat in die samestelling daarvan gewortel is.

1.2.2 Ten opsigte van gesinsterapie

Die primêre vraag is hoe hersaamgestelde gesinne gehelp kan word. In die veld van gesinsterapie is 'n wye verskeidenheid modelle, benaderings, teorieë en metodes beskikbaar. Elke hulpverleningsmodel fokus op 'n aspek wat volgens 'n bepaalde terapeut aangespreek moet word alvorens die gesin weer optimaal kan funksioneer. Ondersteuners van byvoorbeeld die multigeneratiewe metode fokus op hoe gesinne temas en patrone van generasie tot generasie oordra. Die gesin-van-oorsprong word dus as belangrik beskou (Carlson, Sperry & Lewis 1997:46).

Die navorser het deur 'n studie van verskeie modelle tot die gevolgtrekking gekom dat elke teorie 'n element van waarde het. Elke gesin is egter eiesoortig wat betref die samestelling van die individuele gesinslede en die geskiedenis van hoe daardie spesifieke gesin 'n hersaamgestelde gesin geword het. Die veelvuldige problematiek van die hersaamgestelde gesin kan volgens die navorser nie slegs deur *een* siening aangespreek word nie.

'n Verdere tendens is dat studente tydens hul studies in die beradingsveld blootgestel word aan 'n verskeidenheid denkrigtings. Dit wil voorkom asof elke denkrigting relevante elemente aanspreek, maar dat studente volgens Olsen (1993:34) nie opgelei word om weldeurdagte besluite te neem ten opsigte van watter metodes om te gebruik of hoe om verskillende metodes sistematies te integreer nie.

Die navorser het derhalwe die gevolgtrekking gemaak dat, eerder as om alle gesinne volgens een spesifieke model te behandel (wat die gesin in die terapeut se perspektief kan indwing), 'n geïntegreerde model gebruik kan word. Hierdie siening het veral waarde as die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesin in aanmerking geneem word. Die hersaamgestelde gesin se waarskynlike stormagtige verlede, multi-problematiese hede en potensieël ingewikkelde

toekoms, vereis volgens die navorser 'n breë en sorgvuldige werkwyse wat alle moontlike elemente in aanmerking moet neem.

'n Geïntegreerde model het volgens Lebow (1984:2) die volgende voordele:

- Dit kan vanuit 'n breë teoretiese basis selekteer en gevolglik 'n groter verskeidenheid menslike gedrag aanspreek.
- Dit is meer buigsaam wat betref die behandelingsmetodiek vir 'n spesifieke gesin of individu, wat beteken dat daar 'n groter kans is dat die kliënt die terapeut as bevoeg sal ervaar. In 'n geïntegreerde model is dit makliker om by 'n groot verskeidenheid uiteenlopende kliënte aan te pas.
- Kragtige intervensies is moontlik en behandelingstrategieë kan ontwerp word om spesifieke problematiek aan te spreek.
- Dit bevat meer ruimte vir die terapeut om behandelingstrategieë by sy of haar persoonlike styl aan te pas.
- Dit laat ook groter objektiwiteit toe, asook meer objektiwiteit in die seleksie van strategieë (Case & Robinson 1990:154-155).

## 1.3 Ontleding van die probleem

Die navorser sal eerstens die gesinsterapeutiese probleem ontleed en daarna die problematiek van die hersaamgestelde gesin.

### 1.3.1 Ontleding van die gesinsterapeutiese probleem

Inleidend word daar gelet op 'n historiese perspektief op gesinsterapie. Die historiese perspektief bied 'n helder beeld van die groei in die veld van gesinsterapie as antwoord op die geweldige veranderinge wat in die gesinsisteem ontstaan het. Die problematiek van die gesin in die 1930's en dié van die gesin in 2002 verskil hemelsbreed. Daar kan spesifiek gelet word op die hersaamgestelde gesin in die 1930's, wat meestal ontstaan het as gevolg van die

afsterwe van 'n eggenoot, teenoor die fenomenale toename in hersaamgestelde gesinne as gevolg van egskeidings in die 21ste eeu (Booth & Dunn 1994:3-4).

Die saadjie van die gesinsterapeutiese beweging is in die laat 1930's en vroeë 1940's geplant. "Having found fertile soil, the movement put down roots in the 1950s, began to bud in the 1960s, and finally blossomed in the 1970s" (Becvar & Becvar 2000:14). In die 1980's was daar 'n periode van integrasie. Die laaste dekade is deur uitdaging en innovasie gekenmerk namate dié veld begin toeneem het. Intensiewe self-kritiek en pogings tot die vestiging van nuwe vennootskappe is 'n verdere kenmerk van hierdie tydperk (Becvar & Becvar 2000:47).

Namate die gesinsterapeutiese veld uitgebrei het, het daar ook al hoe meer teorieë en metodes ontstaan. Onder die verskeie metodes van gesinsterapie is daar onder meer dié wat sterk beïnvloed is deur die psigo-analitiese teorie, dié wat gebaseer is op die kommunikasieteorie en dié wat in die sisteemteorie gegrond is. Ander metodes is weer probleemoplossingsgeoriënteer en nog ander het 'n behavioristiese inslag. Thorman (1982:52-55) spreek hom uit oor hierdie tendens:..." Approaching family therapy from these various forms of practice indicates that different therapists place different emphasis on certain areas of family dysfunctioning and the intervension techniques that can be employed to bring about significant changes in family systems" (Thorman 1982:52-55).

Tesame met die groei in die gesinsterapeutiese veld kan versplintering egter ook voorkom. Die student van gesinsterapie bevind hom of haar op 'n kruispad ten opsigte van die keuse van gesinsterapiemetodes en kom dus te staan voor talle moontlike rigtings wat ingeslaan kan word:

"Underlying this rise of divergent theories or perspectives has been the idea that the student of family therapy has to choose one school above others. Family

therapy has been expected to adopt an either/or attitude when choosing perspectives or schools" (Avis 1991:112).

Om dié probleem te kan ontleed, is dit belangrik om te weet wat reeds in die veld van gesinsterapie in Suid-Afrika gedoen is. Gesinsterapie is 'n terapeutiese veld wat as gevolg van die samelewingsveranderinge in ons tyd vinnig groei. Tydens 'n soektog na studies oor gesinsterapie by tersiêre instansies tussen 1990 en 2000 het die navorser 51 studies gevind. Net twee van hierdie studies fokus op spesifieke gesinsterapeutiese benaderings (by wyse van vergelykende studies). Die een studie vergelyk strategiese en ekosistemiese metodes (Hovsha, 1990), terwyl die ander studie strategiese, strukturele en konstruktivistiese metodes met mekaar vergelyk (Avis, 1991). Slegs een studie bied 'n integrerende perspektief deur strukturele en strategiese metodes te integreer (Hodgson, 1983). Daar moet gelet word dat laasgenoemde studies nie resente studies is nie. Dit is belangrik in die lig daarvan dat, in antwoord op die samelewings-dinamika, die bestek vir gesinsterapie in die laaste jare radikaal gegroei en verander het.

As Suid-Afrika se hoë egskeidingsyfer in aanmerking geneem word, is dit verbasend dat slegs drie studies oor behandelingstrategieë vir die hersaamgestelde gesin verskyn het. Die eerste studie handel oor die gebruik van Gestaltspelterapie met adolessente in die hersaamgestelde gesin (Blom, 1997), die tweede oor die herbalansering van stiefverhoudinge volgens Ivan Boszormenyi-Nagy se kontekstuele terapie (Schmidt, 1998) en die derde oor 'n terapeutiese program wat uit 'n opvoedkundig sielkundige perspektief vir die hersaamgestelde gesin geskep is (Du Plessis, 1993).

Twee studies is dus oor spesifieke terapeutiese metodes uitgevoer. 'n Studie wat wel onderneem is met die fokus spesifiek op die hantering van die multiproblematiek van die hersaamgestelde gesin neem die vorm aan van 'n terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin - uit 'n opvoedkundig

sielkundige perspektief. Die betrokke navorser (Du Plessis 1993:10-11) fokus in dié studie op aspekte soos -

- die struktuur, kenmerke van en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin;
- redes waarom ouers 'n gesin hersaamstel en hul verwagtinge;
- hantering van die oorgangsfase van enkelouer tot ouer in die hersaamgestelde gesin;
- aanpassingsprobleme eie aan bogenoemde oorgangsfase;
- gesinsverhoudinge in die hersaamgestelde gesin;
- verhoudingsprobleme wat ondervind word; en
- watter hersaamgestelde gesinne suksesvol is.

Aan die hand van bogenoemde inligting is 'n terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin opgestel met die doel om die ouers insig te gee in die aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin en om te help om die probleme wat ondervind word, beter of meer suksesvol te hanteer en/of reg te stel.

Die verskil tussen bogenoemde studie en hierdie studie, is dat daardie studie se klem slegs geval het op 'n program vir die ouers. Die problematiek van die kinders is wel bespreek, maar uit die ouers se perspektief. 'n Verdere verskil is dat die betrokke navorser 'n terapeutiese program ontwerp het na aanleiding van geïdentifiseerde problematiek, ná 'n loodsstudie met hersaamgestelde gesinne. Die huidige navorser se fokus is op die gebruik van 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model vir die hersaamgestelde gesin en op die unieke problematiek van dié gesin.

Die navorser het dit nodig gevind om bogenoemde inligting by die studie in te sluit, in die lig van die duidelike tekort aan studies in hierdie veld in Suid-Afrika.

1.3.1.1 Tendense in die gesinsterapeutiese literatuur met betrekking tot die hersaamgestelde gesin

Tesame met 'n kennisontploffing (grootliks internasionaal) op die gebied van gesinsterapie is daar ook 'n toename in literatuur oor die hersaamgestelde gesin. Die navorser het in haar literatuurstudie twee tendense geïdentifiseer wat kortliks bespreek sal word:

1.3.1.1.1 Selfhelpaksie

Navorsers wat die verskynsel van hersaamgestelde gesinne bestudeer, identifiseer kernproblematiek na aanleiding van hul bevindinge. Hulle strategieë word dan geïmplementeer om daardie spesifieke problematiek te hanteer. As voorbeeld kan daar verwys word na dissipline in die hersaamgestelde gesin. Volgens Kelley (1995:33) moet die hersaamgestelde gesin gereelde vergaderings hou om dissipline en reëls te bespreek. Hierdie werkwyse dien amper as 'n tipe selfhelpaksie. Die terapeut verskaf inligting na aanleiding van sy of haar bevindinge en gee praktiese raad aan hersaamgestelde gesinne.

1.3.1.1.2 Modelle vir benaderings tot die hersaamgestelde gesin

Vervolgens word verskeie modelle kortliks as moontlike werkwyses met 'n hersaamgestelde gesin uitgelig:

* Modelle van hersaamgestelde gesinsontwikkeling:

Volgens Ganong en Coleman (1994:140-147) is daar drie modelle van hersaamgestelde gesinsontwikkeling:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(1) Mill's se model vir hersaamgestelde gesinsontwikkeling

Volgens hierdie model skep hersaamgestelde gesinne vir hulself probleme deurdat hulle poog om 'n patroon van interaksie van die kerngesin te herskep. Spesifieke doelwitte word aan die hersaamgestelde gesin gestel, onder meer kreatiewe keuses van reëls en rolle (na aanleiding van die gesinslede se spesifieke behoeftes).

(2) McGoldrick en Carter se ontwikkelingsfasemodel

Hierdie model beklemtoon dat strydpunte wat met die vorige huwelik en die egskeiding verband hou, opgelos moet word *voordat* die problematiek met betrekking tot die hertrou en die hersaamgestelde gesin gekonfronteer kan word. Die doel van hierdie model is om na 'n oop sisteem met werkbare grense te werk.

(3) Die hersaamgestelde gesinsiklus

Individuele en gesinsdinamika word saam gebruik om die ontwikkelingsproses van die hersaamgestelde gesin te verduidelik. Hierdie model is gunstig ontvang, moontlik omdat dit 'n bruikbare raamwerk vir die konseptualisering van individuele en hersaamgestelde gesinsontwikkeling en -verandering bied en oor intervensievoorstelle vir individue en gesinne beskik.

* Model van hersaamgesteldegesinsaanpassing:

Die modelle van Mills en Papernow (in Ihinger-Tallman & Pasley 1987:117-118) bied elk spesifieke voorstelle en dienooreenkomstige temas. In albei is aanpassing en integrasie die resultaat van die volgende:

- Die afsien van fantasieë en enige onrealistiese verwagtinge deur nuwe familielede.
- Die verkryging van duidelikheid oor die emosies en behoeftes van individuele gesinslede.
- Die daarstel van nuwe vertroue in die ontwikkeling van rolle, reëls en roetines vir saamleef.

* Multivlak en multiveranderlike ontwikkelingsperspektief:

Hierdie model funksioneer volgens Pasley en Ihinger-Tallman (1987:65-66) op drie analitiese vlakke, naamlik:

- Die hersaamgesteldehuishoudingsvlak, wat saamgestel word uit die individuele karaktertrekke van gesinslede en die aard van hul onderlinge verhoudings.
- Die ekstrahuishoudingsnetwerkvlak, wat bestaan uit die informele sosiale netwerk van lede van die hersaamgestelde gesin. Lede van die uitgebreide gesin en vriende (in ander huishoudings) word hierby ingesluit.
- Die sosiale-instansievlak, wat formele en semiformele instansies insluit wat 'n invloed op beide bogenoemde vlakke kan hê.

By elk van die drie analitiese vlakke is daar meervoudige veranderlikes wat die kwaliteit van gesinsverhoudings en kinderopvoeding kan beïnvloed. Dié vlakke is ook interafhanklik (Pasley & Ihinger-Tallman 1987:65-66).

Daar bestaan verskeie integrerende gesinsterapeutiese modelle, onder andere die volgende:

- Integrerende multivlakterapie: Dit bied 'n omvangryke interpersoonlike en intrapsigiese benadering tot die kliniese assessering van en terapeutiese intervensie met disfunksionele gesinne. Integrerende multivlakterapie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorbrug die gaping tussen individuele en gesinsterapeutiese behandelingstrategieë (Feldman 1985:357-372).

- Die gebruik van kognitief-behavioristiese gesinsterapie saam met sisteem- en behavioristiese teorieë. Hierdie teorie fokus op hoe individue se kognisies en familieskemas hul gedrag in die gesinsisteem reguleer en hoe hul eie gedrag weer interaksies tussen familielede kan voed (Smith & Schwebel 1995:203-211).
- 'n Integrerende raamwerk wat beide sistemiese en persoonlike konstrukteorieë insluit. Dit staan bekend as "Kelly's Personal Construct Theory" (Feixas 1990:1-20).

Dit blyk dat daar selfs op die terrein van integrering talle verskillende integrasies voorkom.

Dit wil voorkom asof die literatuur op die gebied van die hersaamgestelde gesin en die hantering van hertrou, na aanleiding van die onderskeie outeurs se ervaring met gekonstrueerde modelle, meer klem plaas op praktiese raadgewing. Aspekte soos die volgende word bespreek: Inligting en feite ten opsigte van hertrou en finansies, voorhuwelikse kontrakte, testamente, voorbereiding op hertrou, wat om die nuwe pa of ma te noem, ouerskap van iemand anders se kinders en stiefbroers en susters (Belovitch 1987:25-88; Kelley 1995:49-69).

Die vernaamste gesinsterapeutiese modelle neem tydens die assessering van gesinsfunksionering ooreenstemmende faktore in ag. Dié modelle oorvleuel ten opsigte van intervensie en vraagstelling. Definitiewe verskille bestaan ook, veral ten opsigte van die faktore wat die problematiek van die gesin beïnvloed en wat dus aangespreek moet word. Elke model se behandelingsdoelwit word dus gefokus op die vermoedelike beïnvloedbare faktore. Intervensie word dus primêr gebruik om hierdie beïnvloedbare faktore te verander (Nelsen 1983:28).

Na die bestudering van die bestaande gesinsterapeutiese modelle maak die navorser die gevolgtrekking dat terapie wat op een spesifieke model geskoei is, tonnelvisie kan veroorsaak en dus die terapeutiese proses kan beperk. Die navorser het reeds by die ontleding van die probleem getoon dat daar al veel gedoen is op die gebied van navorsing oor gesinsterapeutiese modelle en selfs geïntegreerde modelle. Die navorser se oogmerk is egter om met die hersaamgestelde gesin as 'n eietydse verskynsel te werk. As gevolg van die multiproblematiese aard van die hersaamgestelde gesin word die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van die outeur David.C Olsen as werkwyse gebruik.

Die verskillende metodes word vervolgens genoem en kortliks omskryf (Olsen 1993: 21-34). (Dit word meer breedvoerig in Hoofstuk 3 behandel)

- **Probleemoplossingsmetode**

Hierdie gesinsterapeutiese metode is 'n direkte, korttermynmetode en fokus op die ontwikkeling van die gesin se probleemoplossingsvaardighede. Die gesin bepaal spesifieke probleme waaraan hulle wil werk en die terapeut gebruik take tydens en buite die sessie (huiswerk) om die gesin te help om hul probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en sodoende hulle probleme te oorbrug.

- **Interaksionele metode**

Die interaksionele metode fokus op disfunksionele interaksionele style en poog om dit te verbreek. Interaksionele patrone wat probleme in stand hou, word dus uitgeskakel. Hierdie metode spreek ook verskeie ander kommunikatiewe kwessies aan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **Strukturele metode**

Strukturele terapie fokus op die strukturele hiërargieë van gesinne en die maniere waarop hulle hulself organiseer. Die gesinsisteem verrig sy funksies deur subsisteme. Elke individu in 'n gesin behoort aan 'n subsisteem binne die gesinsisteem. Daar bestaan drie subsisteme:

- die egpaarsubsisteem
- die ouersubsisteem
- die kinder- of broer-suster-subsisteem

Grense word bestudeer om te bepaal hoe goed die gesin die grense tussen generasies behou en om die invloed van die uitgebreide gesin te bepaal. Die doel van die strukturele metode is om die gesin te help om bestaande strukture (en grense) te verander en om nuwe strukture daar te stel om die gesin te help om hulle probleme beter op te los.

- **Kognitiewe metode**

Die kognitiewe metode fokus op die manier waarop kognitiewe distorsies emosionele probleme kan veroorsaak. Kognitiewe distorsies verwys na die geloof van mense in die betekenis van gebeure of kommunikasie, en kan dit wat werklik gesê is of gebeur het, verdraai. Kognitiewe terapeute bepaal die distorsies (verbaal of nie-verbaal) wat in spesifieke interaksiesiklusse in mense se gedrag of denke uitkom en gebruik dit dan om gesinne te laat verstaan tot watter mate hulle kommunikasie kan verdraai.

- **Multigeneratiewe metode**

Dié metode fokus op die manier waarop gesinne temas se patrone van generasie na generasie oordra. Die mening bestaan dat indien angs in 'n

verhouding ontstaan, persone klieks (driehoeke) sal skep om die angstigheid van die situasie te verminder en die verhouding te probeer stabiliseer. Die doel met terapie is nie slegs insig nie, maar ook verandering.

- **Objekrelasiemetode**

Gesinne word gesien as 'n sisteem van *pakkette van verhoudings*. Die teorie fokus op die manier waarop persone vroeë primêre verhoudinge en selfbeelde geïnternaliseer het. Hierdie geïnternaliseerde verpersoonliking formuleer 'n denkpatroon wat 'n groot invloed uitoefen op die keuse van 'n huweliksmaat, verhoudingsdinamika, ens. Die doel van objekrelasie is nie om probleme op te los nie, maar om 'n veilige omgewing te bied wat ontwikkeling van die gesinslede toelaat.

1.3.2 <u>Ontleding van die hersaamgesteldegesinsprobleem</u>

Om 'n duidelike beeld te kry van die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesin en die potensieel problematiese fondament waarop dit gebou word, stel die navorser die volgende verduideliking uit Prinsloo (1991:3-8) voor:

Diagram 1 stel 'n kerngesin voor, met die egpaar se ouers en die egpaar se kinders.

**Diagram 1: Kerngesin**



Huweliksmaat A se ouers



Huweliksmaat B se ouers



Huweliksmaat A & B



Huweliksmaat A & B se kinders

In Diagram 2 sien ons reeds 'n meer komplekse verhoudingstruktuur. Wanneer Huweliksmaat B met nuwe Huweliksmaat C trou, tree sy ouers tot die prentjie toe en Huweliksmaat B se kinders het nou drie pare grootouers. Daarbenewens het hulle 'n biologiese pa, 'n stiefpa en stiefbroers en –susters wat nie by hulle in die huis woon nie, maar dikwels oor naweke en vakansies kom kuier. (Ons neem aan dat die kinders in elke egskeidingsgeval aan die moeder toegeken is, aangesien dit die normale patroon in die egskeidingshof is). Huweliksmaat A betaal onderhoud vir sy kinders se versorging en het steeds wetlike mag oor die kinders. Huweliksmaat C (die stiefvader) tree op as die versorgings- en gesagsfiguur sonder enige wetlike mag. Intussen besoek Huweliksmaat C sy kinders by sy gewese huweliksmaat (Huweliksmaat D).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Diagram 2: Hertrou van Huweliksmaat B**




Wanneer Huweliksmaat A hertrou (Diagram 3) tree daar verskeie nuwe interaksiepatrone na vore en word dit duidelik waarom daar na die aard en struktuur van die hersaamgestelde gesin as *kompleks* verwys word. Hierdie komplekse verhoudingstruktuur lei tot moontlike konfliksituasies oor die hele linie van die verhoudinge in, asook rondom die nuwe gesinseenheid. Schulman in Prinsloo (1991:5-6) lewer die volgende uitspraak: " Although all families (natural as well as reconstituted ones) share some social and interpersonal characteristics, the stepfamily has certain unique problems which tend both to intensify the normally existing family conflicts and tension and to create some new ones that stem from the joining of two family groups in which the children are biologically related to only one parent."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Diagram 3: Hertrou van beide Huweliksmaat A en B**




Afgesien van die komplekse struktuur van die hersaamgestelde gesin wat tot problematiek aanleiding gee is daar talle ander probleme waarmee die hersaamgestelde gesin as unieke gesin worstel, soos -

- die plek en rol van die hersaamgestelde gesin in die samelewing;
- die stereotipering en stigmatisering van die hersaamgestelde gesin;
- die onduidelike roldefinies;
- die problematiese eenheidsontwikkeling in die nuwe gesin;
- die verhouding van die nuwe egpaar;
- die stiefouer- en stiefkindverhouding;

- die verhouding met stiefbroers en -susters en halfbroers en -susters;
- die verhouding met gewese eggenote; en
- finansiële probleme.

Die problematiek van die hersaamgestelde gesin kan met 'n boom vergelyk word. Die takke verteenwoordig die problematiek wat die hersaamgestelde gesin asook die kerngesin ervaar, soos die dissiplinering van die kinders. Wat die hersaamgestelde gesin betref, is daar egter meer vertakkings, byvoorbeeld die rol van die stiefvader as outoriteitsfiguur ten opsigte van die dissiplinering van sy stiefkinders. Vérdere vertakkings ontstaan as daar in aanmerking geneem word dat die kinders 'n naweek by hul biologiese vader gaan woon, waar 'n verskillende stel reëls aan hulle voorgehou word. Aangesien die biologiese vader sy kinders min sien, kan dit gebeur dat hy hulle voortrek of oorsien. As die biologiese vader ook weer getroud is en stiefkinders het wat laasgenoemde gedrag waarneem, kan dit verdere konflik veroorsaak. Konflik sal ook ontstaan wanneer die kinders ná die naweek na hul biologiese moeder terugkeer en teen hul moeder en stiefvader se reëls in opstand kom. Die hersaamgestelde gesin kan dus voorwaar 'n komplekse en multiproblematiese gesin wees.

1.4 Probleemstelling van die huidige ondersoek

Die eiesoortige samestelling van die hersaamgestelde gesin verg 'n spesifieke terapeutiese werkwyse wat die verwikkeldheid van die gesinsvorm in ag neem. 'n Integrasie van die mees toepaslike gesinsterapeutiese metodes in 'n geïntegreerde model wat die multiproblematiese aard van die hersaamgestelde gesin kan aanspreek, is dus nodig. 'n Geïntegreerde model wat in sy struktuur keuses laat, is veral nodig. Die navorser sal die geïntegreerde model van David.C Olsen as werkwyse met 'n hersaamgestelde gesin gebruik.

In die loop van die ondersoek sal daar gepoog word om die volgende vrae te beantwoord:

- Is die hersaamgestelde gesin 'n komplekse en multiproblematiese gesinstruktuur wat derhalwe 'n breër terapeutiese werkwyse vereis?
- Kan 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model, en spesifiek die geïntegreerde model van die skrywer David.C Olsen, die lede van die hersaamgestelde gesin suksesvol met hul problematiek help?

## 1.5 Begripsverklaring

Vir die doel van hierdie studie is dit vir die leser nodig om die terminologie ten volle te begryp. Dit is verder ook nodig vir die leser en die navorser om dieselfde siening ten opsigte van die kernbegrippe te hê.

### 1.5.1 Hersaamgestelde gesin

In Engels word verskeie begrippe gebruik wanneer daar na die hersaamgestelde gesin verwys word, naamlik: "reconstituted family", "blended family", "remarried family" en "stepfamily".

Du Plessis (1993:14) is van mening dat die woord "hersaamgestelde" in die begrip *hersaamgestelde gesin* 'n byvoeglike naamwoord is wat in dié geval meer sê omtrent die selfstandige naamwoord of dit omskryf. Die byvoeglike naamwoord "hersaamgestelde" dui dus aan dat die gesin op 'n *ander* wyse saamgestel is. Die gewone definisie van 'n gesin geld gevolglik nie in die geval van 'n hersaamgestelde gesin nie.

i 16093604
b15464283

Vir die doel van hierdie studie word daar na analogie van Sauber, L'Abate, Weeks en Buchanan (1993:379) na die hersaamgestelde gesin verwys as:

- 'n Gesin waar die kinders by 'n hertroude ouer en 'n stiefouer woon.
- 'n Gesin waar kinders van 'n vorige huwelik besoek aflê by hul hertroude ouer en stiefouer.
- 'n Gesin waar die paar nie getroud is nie en kinders uit 'n vorige huwelik besoek aflê of inwoon. Die inwonende individue word in hierdie verband as 'n gesin gereken, al is die paar nie getroud nie.

In 'n hersaamgestelde gesin is daar dus altyd sprake van 'n volgende (tweede of daaropvolgende) huwelik deur een of albei van die huweliksmaats en dat slegs een lid van die nuwe ouerpaar die biologiese ouer van die kinders of sommige van die kinders is. Die volgende huwelik kom gewoonlik tot stand deur of die dood van die eerste (vorige) huweliksmaat of 'n egskeiding.

### 1.5.2 Gesinsterapie

Volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:126) kan gesinsterapie omskryf word as 'n vorm van terapie waarby die hele gesin of individuele lede betrek word. Die doelwit is om onderlinge verhoudings te verbeter en invloede wat tot die wanfunksionering van een of meer lede bydra, uit te skakel. Die terapeut help individuele lede om meer bewus te word van hulle reaksies en moedig hulle aan om sinvol te kommunikeer en hulle probleme meer konstruktief te hanteer.

### 1.5.3 Kerngesin

'n Kerngesin bestaan uit 'n man, vrou en hul eie kinders.

1.5.4 Stiefouer

'n Stiefouer is 'n vader of moeder wat in 'n ouerlike hoedanigheid optree teenoor 'n kind of kinders van wie hy of sy nie die biologiese ouer is nie.

1.5.5 Transaksie

Hierdie term word volgens Sauber et al. (1993:407) omskryf as: "A unit of social intercourse when two people contact each other. As long as transactions are complementary, communication can continue indefinitely, with the response of each person serving as the stimulus for the next transaction".

1.5.6 Interaksie

'n Interaksie is 'n dinamiese opeenvolging van die uitruil van verskeie boodskappe tussen ten minste twee persone. Elke interaksie het 'n spesifieke aard en is afhanklik van die deelnemers se unieke persoonlikheidstruktuur. (Miermont 1995:216).

1.5.7 Model

Volgens Scheepers (1991:24) word 'n model soos volg beskryf: "Die spesifieke riglyne wat gestel word, lei die persoon in die praktyk met die werkwyse. 'n Model is meer spesifiek as 'n teorie. 'n Model word beskou as 'n gestruktureerde, konseptuele verwysingsraamwerk (of riglyn) ten opsigte van hulpverlening gebaseer op teoretiese uitgangspunte wat afgestem is op die doel en funksie van 'n bepaalde optrede".

### 1.5.8 Geïntegreerde gesinsterapie

Volgens Watts, Kempf en Cottone (1997:193) word die integrasie van gesinsterapie in die gesinsterapeutiese literatuur gesien as -

- die samevoeging van individuele en gesinsterapie;
- die ontwikkeling van 'n spesifieke behandelingsmetode wat die elemente van verskillende gesinsterapeutiese skole kombineer;
- die aanpassing van gesinsterapeutiese modelle by die gesinstyl of -probleem; en
- die totstandkoming van meta-teoretiese modelle.

### 1.5.9 Psigo-opvoeding

Psigo-opvoeding verskaf inligting, ondersteuning, struktuur en gevoel van beheer wat gesinne in 'n krisis benodig. Die gesin of individu kan, in plaas daarvan om op blaamtoeskrywing te fokus, bemagtig en gemobiliseer word deur psigo-opvoeding, sodat insig in en begrip van die betrokke situasie verkry kan word. Psigo-opvoeding plaas die terapeut in 'n posisie waar hy of sy met die kliënt of gesin saamwerk, sodat hy of sy verandering (psigies of fisies) in die gesin kan bewerkstellig (Worden 1999:129-130).

## 1.6 Program van ondersoek

Hierdie ondersoek bestaan uit ses hoofstukke wat soos volg ingedeel is:

- Hoofstuk 1 is die algemene inleiding en oriëntering tot die ondersoek en bevat die volgende: Bewuswording van die probleem; ontleding van die probleem; probleemstelling; omskrywing van tersaaklike begrippe; hoofstukindeling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Hoofstuk 2 behels 'n literatuurstudie oor die hersaamgestelde gesin met spesifieke klem op die unieke onderliggende problematiek van die hersaamgestelde gesin.

- In Hoofstuk 3 word 'n literatuurstudie gedoen oor die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen. Die ses metodes waaruit dit saamgestel is, word bespreek.

- Hoofstuk 4 stel die geïntegreerde gesinsterapeutiese model prakties aan die leser voor. Dit word verdeel in 'n assesserings- en behandelingsplan.

- In Hoofstuk 5 word die uitkomste wat volg op die toepassing van die geïntegreerde gesinsterapeutiese model op 'n hersaamgestelde gesin bespreek en die inhoud word krities bespreek.

- Hoofstuk 6 is 'n samevatting van die studie en die leemtes van die ondersoek word bespreek. Gevolgtrekkings en aanbevelings word ook uiteengesit.

## 1.7 Slot

Nadat die leser in hierdie gedeelte georiënteer is ten opsigte van die studie, word die hersaamgestelde gesin in die volgende hoofstuk bespreek. Klem word geplaas op die eiesoortige problematiek van die hersaamgestelde gesin.

# HOOFSTUK 2

# DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

## 2.1 Inleiding

*As die hersaamgestelde gesin, metafories gesproke, in 'n spieël sou kyk, wat sou hulle sien? Waarskynlik 'n wasige en deurmekaar weerkaatsing.* Om 'n stiefouer te wees, is anders as om 'n gewone ouer te wees, en om 'n ouer in 'n tweede of verdere huwelik te wees, is ook anders as om ouer in 'n eerste huwelik te wees. Om deel te wees van 'n hersaamgestelde gesin is vir 'n kind baie meer ingewikkeld as om met slegs een ouerpaar groot te word. Om kinders groot te maak is nie maklik nie, maar in 'n hersaamgestelde gesin is dit dubbel so moeilik, soos Visher en Visher (1982:5) al in die tagtigerjare gevind het:

"Subsequent families are structurally and emotionally different from first families. Upset and sadness are experienced by the children and at times by the adults as they react to the loss of their biological family or to the loss of a dream of a perfect marriage".

## 2.2 Oorsake vir die ontstaan van die hersaamgestelde gesin

Die hersaamgestelde gesin is nie 'n nuwe verskynsel nie. Hierdie gesinsvorm word volgens Pasley en Ihinger-Tallman (1987:4-7) regdeur die geskiedenis van die mensdom gevind. Al wat verander het, is dat tot ongeveer 20 tot 30 jaar gelede die algemene rede vir 'n hertroue die afsterwe van 'n eggenoot was, terwyl dit deesdae dikwels as gevolg van egskeiding gebeur. Die motivering vir 'n hertroue was in die verlede gewoonlik 'n poging om die kerngesin te herskep (Ganong & Coleman 1994:x1).

Vervolgens sal daar gelet word op die twee verskillende maniere waardeur 'n huwelik ontbind, naamlik dood en egskeiding, aangesien albei hierdie faktore 'n groot rol speel in die funksionering van die hersaamgestelde gesin.

2.2.1 Hertrou na die ontbinding van die huwelik as gevolg van die dood

Die dood van 'n huweliksmaat het 'n ingrypende uitwerking op die oorlewende huweliksmaat se funksionering. Die rustige, beproefde en veilige leefwyse met gepaardgaande sekuriteit is heel dikwels sonder waarskuwing weggeruk. Omstandighede is verwarrend en onvoorspelbaar en die agtergeblewene is dikwels onseker oor die toekoms en nie opgewasse daarvoor om nuwe situasies te hanteer nie.

Die simptome en uitwerking van ongesonde rou is volgens Scheepers (1991:60-68) gewoonlik nie dadelik opvallend nie, en dit beteken dat simptome nie verdwyn nie, maar kronies kan voortduur. So kan belangrike datums, byvoorbeeld 'n verjaarsdag, intense smart ontlok. Dié persone ervaar voortdurende belewenisse van skuld (wat hul lewenslus verminder), onverklaarbare terneergedruktheid, onttrekking, gebrekkige kommunikasie, droom- en slaapstoornisse, asook verminderde kontak met die werklikheid.

Dit is dus te verstane dat die bou van 'n nuwe verhouding na die trauma van die dood van 'n huweliksmaat en die oneffektiewe verwerking van die gepaardgaande verlies negatief beïnvloed kan word. 'n Wewenaar of weduwee wat te vinnig hertrou, skep aansienlike probleme vir hom- of haarself en sy of haar kinders, aangesien dit geweldig belangrik is dat die rouproses eers afgehandel moet wees voordat 'n hertroue oorweeg word Kriel (1996:67-71).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.2.2 Hertrou na die ontbinding van die huwelik deur middel van 'n egskeiding

Terwyl die ontbinding van die huwelik sonder waarskuwing of keuse deur die dood van 'n huweliksmaat geskied, geld die teenoorgestelde by die ontbinding van 'n huwelik deur egskeiding, in die sin dat die egskeiding minstens een van die partye se keuse is.

Robinson en Mcvey (1985:105) wys op die volgende ten opsigte van die hersaamgestelde gesin in die VSA:

"In just the past 20 years, there has been a significant shift in the previous marital status of remarriage partners, from widowed to divorced. In 1961, previously widowed remarriage partners comprised 55,2% of all remarriage partners, however, by 1980 the widowed had declined to 16,9% and, correspondingly, the divorced has increased to 83,1%."

Dit was dus reeds in 1980 so dat die meeste mense wat hertrou, se vorige huwelike deur egskeiding ontbind is. Die groeiende egskeidingskoers wêreldwyd het derhalwe momentum aan die groeiende tendens van hersaamgestelde gesinne verleen (Kriel 1996:61-67).

Die realiteit van egskeiding is 'n persoonlike belewenis wat volgens Scheepers (1991:63) deur die geskeide persoon as oorweldigend en traumaties ervaar word. Daar is min gebeurtenisse in die lewensloop van die mens wat meer intensiewe en ingrypende veranderings inhou as die verandering van een huwelikstatus na 'n ander.

Verrykende veranderinge waaroor daar geen keuse bestaan nie, word in die gesig gestaar. Persone wat besig is om te skei, moet verder leer om verskillende

veranderinge gelyktydig te hanteer. Volgens Van Staden (1987:6-8) bemoeilik die volgende stappe die egskeidingsproses:

- **Emosionele skeiding**

Die egskeidingsproses toon verskeie ooreenkomste met die rouproses. Daar is die verlies van 'n primêre verhouding en 'n emosionele krisis ontstaan as gevolg van die doelbewuste en aktiewe verwerping deur 'n ander persoon, wat voortdurend die simbool van die verwerping bly.

- **Wetlike skeiding**

Dit behels die wetlike instelling van 'n egskeiding en die hofprosedure, dit wil sê, die toetrede van die staat in die beëindiging van die huwelik.

- **Ekonomiese skeiding**

Dit behels die verdeling van bates en die besinning oor onderhoud wat tydens die hofprosedure(s) plaasvind.

- **Skeiding van ouerskap**

Die ouerlike mag word verdeel. Die beheer en toesig berus gewoonlik by die een ouer, met 'n spesifieke tydstoedeling aan die ander ouer.

- **Distansiëring van die gemeenskap**

Die stigma van egskeiding kan tot distansiëring aanleiding gee. Dit geld vir die geskeide individu wat hom- of haarself van die gemeenskap distansieer, asook vir die gemeenskap wat geskeides op 'n afstand kan hou.

- **Psigiese skeiding**

Psigiese skeiding vind laaste plaas en is dikwels die moeilikste om te bewerkstellig. Wanneer die huweliksmaats besef dat egskeiding die beste oplossing vir hulle huweliksprobleme is en elkeen 'n gebalanseerde siening van die ander (sonder skuld- en wrokgevoelens) het, is daar sprake van 'n psigiese skeiding.

Toekomstige verhoudinge kan dus beïnvloed word deur die manier waarop die egskeidingsproses hanteer word. Indien die twee partye hierdie proses nie volledig deurloop het sodat dit uitloop op die vervanging van vorige verhoudinge met nuwes nie, kan dit baie probleme in 'n moontlike volgende huwelik skep, sowel as gedurende die ganse verloop van die betrokke persone se lewens.

2.3 Mites ten opsigte van die hersaamgestelde gesin

Die hersaamgestelde gesin neig dikwels om soos die kerngesin te wil funksioneer, deur dié gesin se subsisteme te volg. Gevolglik word daar onrealistiese verwagtinge oor die lewe in 'n hersaamgestelde gesin gekoester. Die bekendste mites, soos aangehaal deur Du Plessis (1994:65-68), word vervolgens kortliks bespreek.

2.3.1 Kitsliefde

Daar bestaan 'n verwagting by die stiefouers dat hulle dadelik dieselfde gevoel vir hulle stiefkinders as vir hulle eie kinders behoort te hê. Dit is egter nie moontlik of realisties nie, aangesien die stiefouer nie die kinders sien grootword het nie en daar dus ook nie met verloop van tyd 'n hegte band tussen hulle ontstaan het nie. Stiefouers kan selfs skuldig voel indien hulle nie dadelik liefde vir hulle stiefkinders voel nie. Hierdie emosies word gevolglik onderdruk of weggesteek en gee aanleiding tot gevoelens van aggressie. Ook van die

kind(ers) se kant is kitsliefde vir en kitsaanvaarding van die stiefouer nie moontlik nie.

2.3.2 Kitsklaar kerngesin

Hierdie wanopvatting kan ontstaan omdat hergetroude ouers dikwels van mening is dat hulle direk na die huwelik weer 'n volledige gesin gaan hê en dat hulle 'n sogenaamde "normale" gesin gaan wees. Die verwagting is dat 'n hegte eenheid gevorm sal word. Die ouers het heel waarskynlik 'n begeerte om weer 'n volledige gesin te hê om te kompenseer vir die mislukking van die vorige huwelik en die verbrokkeling van die vorige gesinseenheid.

2.3.3 Die Aspoestertjie-mite (Cinderella myth)

Die stiefmoederrol word veral vergelyk met die bose stiefmoeder in menige verhale, waarvan die bekendste sekerlik die sprokie *Aspoestertjie* is (Ganong & Coleman 1994:77). Hierdie verhaal het gesorg vir een van die bekendste kruis-kulturele stereotipes en 'n etiket waarmee talle stiefmoeders worstel. Daar kleef ook 'n stigma aan die woord *stiefouer* en dit het in die volksmond 'n mite geword dat stiefouers slegte ouers is.

2.4 Tipologieë van die hersaamgestelde gesin

In 'n poging om dié gesinstipe se kenmerkende komplekse verhoudinge sowel as die verskeidenheid en diversiteit van rolle binne die gesin te verstaan, het navorsers verskillende tipologieë van hierdie gesinstipe geïdentifiseer. Ganong en Coleman (1994:5-8) het tipologieë saamgestel waarin die strukturele kompleksiteit op 'n verstaanbare wyse figureer.

Die eerste kolom se kategorieë berus op bepaalde karaktertrekke:

- Die teenwoordigheid of afwesigheid van kinders.
- Die verhouding van die kinders tot die man of vrou wat weer getrou het.
- Waar die kind woonagtig is.

In die tweede tweede kolom fokus die outeurs op die teenwoordigheid of afwesigheid van kinders uit vorige verhoudinge en die verblyf en toesig van die kinders.

Die tipologieë kan soos volg voorgestel word:

| Pasley & Ihinger-Tallman (1982)<br>Ihinger-Tallman & Pasley (1987) | Clingempeel, Brand & Segal (1987) |
|---|---|
| 1. Die gesin waar geen kinders is nie. | 1. Een of albei ouers was reeds voorheen getroud. |
| 2. Kind(ers) gebore uit die nuwe huwelik. | 2. Nie-inwonende stiefmoederfamilie. |
| 3. Ten minste een kind wat uit 'n vorige huwelik gebore is. | 3. Inwonende stiefmoederfamilie. |
| 4. 'n Kind is uit die huidige verhouding gebore, terwyl een of albei ouers 'n kind uit die vorige huwelik het wat nie 'n lid van die. nuwe gesin is nie. | 4. Nie-inwonende stiefvaderfamilie. |
| 5. Geen kinders is uit die nuwe | 5. Inwonende stiefvaderfamilie. |

| | |
|---|---|
| huwelik gebore nie, terwyl een of beide ouers wel 'n kind uit die vorige huwelik het wat nie by die nuwe huishouding inwoon nie. | |
| 6. Ten minste een ouer het 'n kind of kinders uit die vorige huwelik wat saam met die ouer in die nuwe gesin woon. | 6. Nie-inwonende stiefvaderfamilie. |
| 7. Albei ouers het kinders uit die vorige huwelik wat gesinslede van die nuwe gesin is. | 7. Inwonende stiefouerfamilie – albei ouers het kinders uit die vorige huwelik wat by die hersaamgestelde gesin inwoon. |
| 8. Albei ouers het kinders uit die vorige huwelik, asook 'n kind in die nuwe verhouding en almal woon in die gesin. | 8. 'n Gemengde stieffamilie – slegs die kinders van die ma woon saam met haar en die nuwe ouer. |
| 9. Albei ouers het 'n eie kind wat in die gesin woon; 'n nuwe baba is uit die nuwe verhouding gebore en daar is 'n kind wat elders woonagtig is. | 9. 'n Gemengde stieffamilie – net die kinders van die pa woon saam met hom en die nuwe ouer.<br><br>(Robinson & Smith 1993:47-48) |

Die leser kan dus sien hoeveel verskillende hersaamgestelde gesinstipes daar is wat bydra tot die kompleksiteit van terapie met hierdie gesinne (wat die navorser in Hoofstuk 3 sal bespreek).

## 2.5 Eienskappe van 'n hersaamgestelde gesin

Aangesien 'n hertroue beteken dat die volwassenes voorheen getroud was en heel waarskynlik kinders het wat in die nuwe gesin ingebring word, skep dit 'n nuwe, unieke gesinsisteem. Sewe eienskappe van 'n hersaamgestelde gesin kan geïdentifiseer word (Bigner 1998:442-444), waar die teenwoordigheid van kinders reeds van die begin van die gesinslewe af hierdie sisteem van ander onderskei:

1. As kinders betrokke is, word 'n nuwe gesinsisteem onmiddellik gevestig. Nuwe gesinslede word nie stelselmatig tot die gesin bygevoeg nie. In eerste huwelike kan ouers met verloop van tyd patrone, reëls, grense en rolle vir effektiewe gesinsfunksionering daarstel. Hersaamgestelde gesinne, daarenteen, kom voor die uitdaging te staan van die onmiddellikheid van noodsaaklike ontwikkelingspatrone wat geïmplementeer moet word.

2. 'n Hertroue kan plaasvind op 'n tyd in die lewe wanneer die take van die hersaamgestelde gesinslewensiklus onverenigbaar is met die ontwikkelingsbehoeftes en take van die volwassenes. Daar bestaan soms konflik tussen dit wat vir gesonde, individuele volwasse ontwikkeling nodig is en dit wat nodig is om 'n nuwe huweliksverhouding en 'n nuwe hersaamgestelde gesinspatroon te vestig.

3. Vorige huweliksmaats en grootouers kan voortdurend insette lewer en 'n invloed op die nuwe hersaamgestelde gesinsisteem uitoefen. Anders as eerste huwelike, word hersaamgestelde gesinsfunksionering gekompliseer en ernstig uitgedaag deur die invloed van vorige verhoudinge en gesinsisteme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Die wense en verwagtinge van die hergetroudes kan moontlik nie bevredig word deur die nuwe huweliksverhouding in die hersaamgestelde sisteem nie, aangesien die betrokke volwassenes antisipeer dat die nuwe verhouding sal oorwin en kompenseer vir die tekortkominge en probleme in die vorige huwelik.

5. Sowel kinders as volwassenes kan gemengde gevoelens van getrouheid en skuld ervaar, wat inbreuk maak op effektiewe hersaamgestelde gesinsvorming. Kinders kan verward voel oor waar hul lojaliteit moet lê. Volwassenes dra gemengde gevoelens oor die verlede en die invloed daarvan op hul huidige funksionering in die nuwe gesinsisteem oor.

6. Kinders kan onwillige deelnemers aan die nuwe hersaamgestelde gesin wees. Alhoewel volwassenes met die kinders sal gesels oor die nuwe huwelik, word hul goedkeuring nie noodwendig gevra voordat 'n hertroue plaasvind nie. Kinders is dus gewoonlik nie baie ondersteunend of aanvaardend ten opsigte van die nuwe huwelik nie, maar daar word nogtans van hulle verwag om dit te hanteer. Fantasieë van 'n versoening bestaan gewoonlik in dié verband.

7. Daar is rolverwarring vir al die hersaamgestelde gesinslede. 'n Groot taak vir die gesin is om nuwe patrone te vestig wat die funksionering en gedrag van al die lede sal reguleer. Hierdie taak is veral moeilik in 'n hersaamgestelde gesin, omdat onduidelike rolle gedefinieer moet word. Nuwe reëls moet gestel word en veral grensstelling is noodsaaklik vir effektiewe hersaamgestelde gesinsfunksionering.

### 2.6 <u>Die eienskappe van die hersaamgestelde gesinstruktuur</u>

Die struktuur van die hersaamgestelde gesin verskil ook van dié van die kerngesin. Die hersaamgestelde gesin se struktuur omvat gesinslede wat uit

verskillende gesinsverwysingsraamwerke kom en hulle nou in 'n nuwe gesinsituasie, asook nuwe verhoudinge met ander persone, bevind. Daar word van die saamgevoegde gesinslede verwag om in vrede met mekaar saam te leef en goed oor die weg te kom. Hulle kom voor die uitdaging te staan om by die nuwe situasie met sy verskillende verhoudingsnetwerke aan te pas en die verskillende verhoudinge wat bestaan, so te akkommodeer dat 'n nuwe identiteit gevestig kan word. Uit die aard van die saak sal dit verskil van die vorige verhoudinge waarin beide partye betrokke was (Schmidt 1998:209-210).

Die eienskappe van die hersaamgestelde gesinstruktuur behels volgens Visher en Visher (1996:14-21) die volgende:

- Die gesin begin na vele verliese en veranderinge.
- Volwassenes en kinders kom bymekaar tydens verskillende, individuele huweliks- en gesinslewensiklusse.
- Kinders sowel as volwassenes het verwagtinge wat uit hul vorige gesinne voortspruit.
- Die ouer-kind-verhouding is 'n voorafgaande prioriteit in die hergetroudes se verhouding.
- Daar is 'n biologiese ouer in 'n ander huishouding of in die kind(ers) se geheue.
- Kinders is dikwels lede van twee huishoudings.
- Daar is min of geen wetlike verhouding tussen stiefouers en –kinders.

## 2.7 Faseverloop

Die faseverloop van 'n hersaamgestelde gesin word vervolgens aan die hand van Papernow bespreek (in Burt & Burt 1996:23-29):

Papernow se hersaamgestelde gesinsiklus bevat oorvleuelings wat individuele ontwikkeling en gesinsisteemontwikkeling betref en verskaf 'n multidimensionele

perspektief. Dit is belangrik dat ruimte gelaat word vir individuele verskille en vir die uniekheid van die samestelling van die hersaamgestelde gesin. Volgens Papernow se navorsing (ibid.) neem dit 'n hersaamgestelde gesin vier tot sewe jaar om deur die nodige ontwikkelingsfases te beweeg. Die waarde van Papernow se hersaamgestelde gesinsiklus lê daarin dat dit gekonstrueer is uit die perspektief van die lede van 'n hersaamgestelde gesin en nie slegs (soos baie ander teoretiese modelle) uit die perspektief van 'n professionele buitestaander nie.

Papernow beskryf sewe fases onder drie hoofopskrifte, naamlik die vroeë fase, die middelfase en die latere fase:

2.7.1 Die vroeë fase *(Om aan die gang te kom of om vas te steek)*

- Fantasie: Stiefouer as geneser.
- Indompeling: Verlore in realiteit.
- Bewuswording: Meer duidelikheid.

Die uitdaging van die vroeë fase behels die herkenning van fantasieë, oortuigings en verwagtinge. Dit behels 'n indompeling in die realiteit van die hersaamgestelde gesinslewe sodat verwagtinge en oortuigings oor 'n gesinslid se fantasieë beproef kan word deur die realiteit van die bestaande ervaring. Herkenning en verbalisering van die veelvoudige verskillende ervaringe van die gesinslede is kenmerkend van die vroeë fase, asook die bewuswording dat die ervaring nie is soos wat verwag is nie. Daar bestaan 'n groter moontlikheid van empatie vir 'n ander se realiteit wanneer emosies gesus word deur die herkenning en aanvaarding van verskille tussen 'n hersaamgestelde gesin en 'n kerngesin.

2.7.2 Die middelfase *(Herstrukturering van die gesin)*

- Mobilisering: Stiefouer as veranderingsagent.
- Aksie: Saam in 'n besigheid.

Die gesin begin mobiliseer om meer effektief saam te werk. Hierdie moeilike oorgang word vererger deur frustrasie aan die kant van 'n stiefouer wat poog om meer invloed op die gesin uit te oefen. In hierdie fase kan ernstige lojaliteitskonflikte teenoor die biologiese ouer ervaar word, veral wanneer die stiefouer 'n meer prominente rol in die gesin begin speel. Hierdie fase is 'n noodsaaklike voorvereiste vir sisteme om te verander – en sisteme moet verander sodat die gesin as 'n hersaamgestelde gesin vooruit kan beweeg. Aksie wat op ooreenstemmende doelwitte gerig is, help om rolle te verduidelik.

2.7.2 Die latere fase *(Verstewiging van die hersaamgestelde gesin)*

- Kontak: Intimiteit en outentisiteit in stiefverhoudinge.
- Oplossing en voorneme: Vashou en losmaak.

Die gesinslede begin voel dat probleme opgelos word en kontak is meer gemaklik en bevredigend. Die stiefouers ken nou hulle rolle en verhoudinge tussen individue, en 'n voorspelbare kwaliteit ten opsigte van hul interaksie ontvou. Die gesin bewerkstellig betroubare maniere om saam te werk en ontwikkel hul eie rituele, wat lei tot 'n gevoel van gesinspermanensie. Aangesien kinders 'n gevoel van sekerheid ten opsigte van lidmaatskap van albei huishoudings ervaar, kan hulle met hulle eie ontwikkeling voortgaan (Du Plessis 1993:34-36; Bigner 1998:445-449).

Die stiefouer wat lid is van 'n suksesvolle hersaamgestelde gesin het volgens Burt en Burt (1996:29) bevredigend deur al die fases beweeg, vanaf 'n

buitestaander in 'n reeds gevestigde biologiese sisteem tot 'n intieme lid van 'n volwasse egpaar in 'n funksionele stiefouer-stiefkind-verhouding.

Die normalisering van die ontwikkelingsfase as deel van die aanpassing by 'n hersaamgestelde gesin is van kardinale belang. Indien lede van hersaamgestelde gesinne weet dat ander gesinne ook dieselfde pyn, frustrasie en verwarring ervaar, kan dit 'n geweldig helende ervaring bewerkstellig.

## 2.8 Problematiek van die hersaamgestelde gesin

Die problematiek in hersaamgestelde gesinne figureer ook in ander tipe gesinne, maar gewoonlik minder intens. Die primêre bron van probleme verskil egter. Aanvanklik ontstaan probleme as gevolg van eksterne strukturele eienskappe (praktiese probleme). In kerngesinne ontstaan soortgelyke probleme, maar as gevolg van interne karaktertrekke van die individue in die gesin. Vervolgens word probleemareas in hersaamgestelde gesinne bespreek:

### 2.8.1 Verandering en verlies

Die omwenteling na afloop van 'n hertroue hou vele beloftes in, maar behels ook baie verliese. Sommige daarvan word erken en geantisipeer; ander nie. Kinders ervaar talle veranderinge, byvoorbeeld om skielik 'n kamer te deel of die verlies van aandag van sy of haar ouer (wat nie besef dat sy of haar kind dit so beleef nie). Verliese vir volwassenes in 'n hersaamgesteide gesin kan aspekte insluit soos minder tyd en persoonlike vryheid, verandering van werk en die verlies van 'n bekende omgewing (Visher & Visher 1988:91-120).

### 2.8.2 Onrealistiese mites

Daar is drie belangrike mites wat die proses van bevredigende hersaamgestelde gesinsintegrasie bemoeilik (sien 2.2):

- Hersaamgestelde gesinne is dieselfde as kerngesinne.
- Die aanpassing by 'n hersaamgestelde gesin is van korte duur
- Wedersydse liefde sal onmiddellik ontstaan.

Hoe verder die egpaar se rooskleurige verwagtinge en die ontnugterende realiteit van mekaar verskil, hoe groter die teleurstelling. Ongelukkig betree baie hergetroudes hul volgende huwelik met onrealistiese verwagtinge. Hulle voel skuldig en wil iemand die skuld gee wanneer die chaos in die nuwe hersaamgestelde gesin nie verminder nie (Visher & Visher 1988:121-133).

2.8.3 Groepvorming binne die hersaamgestelde gesin

Dit is 'n basiese menslike behoefte om te behoort tot 'n groep (tuis, by die werk of aan 'n sosiale instelling). Die bewustheid van eksklusief emotiewe bande tussen lede van een biologiese gesin kan tot groepvorming lei, wat die ander gesin kan uitsluit. 'n Eksklusiewe groep bestaan reeds wanneer twee gesinne saamsmelt. Die gesinslede ken mekaar dus en kan mekaar se buie, woorde en aksies *lees*. Die stiefouer, stiefbroer of stiefsuster is dus skielik die vreemdeling in die groep. Veral wanneer albei ouers gesinne *saambring*, bestaan daar twee verskillende subgroepe wat poog om dieselfde ruimte in 'n huis te deel. As een subgroep in die ander groep se ruimte inbeweeg, word die oorspronklike groep se ruimte binnegedring. Die oplossing is gewoonlik om 'n nuwe milieu vir al die betrokkenes te vind (Visher & Visher 1996:77-81).

Die volgende aspekte kan volgens Du Plessis (1994:68-75) bydra tot suksesvolle integrasie:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **Rituele en tradisies**

Rituele verwys volgens die navorser na enige herhalende en gewoontevormende gedrag en is uniek aan elke gesin. Rituele kan veral belangrik wees vir hersaamgestelde gesinne, omdat dit angstigheid oor verandering kan verminder, grense en rolle afbaken en groter gesinsamehorigheid tot gevolg kan hê. Rituele kan ook nuwe verhoudingopsies moontlik maak. In 'n gesin is daar rituele wat spesiale gebeurtenisse herdenk. Daar bestaan ook rituele rondom spesiale vakansietye, soos die Kersdagete. Verder is daar ook daaglikse rituele, soos etenstye. Lede van 'n hersaamgestelde gesin het in hul vorige gesinne patrone en tradisies gevorm. Dit is belangrik dat sommige van die vorige rituele en tradisies behou word, sodat gevoelens van verlies en verandering verminder en 'n gevoel van samehorigheid ontstaan, terwyl nuwe rituele en tradisies vir die nuwe gesin kan ontwikkel. Nuwe rituele en tradisies is veral nodig sodat 'n eenheidsgevoel by die nuwe gesin geskep kan word.

- **Vakansietradisies**

Hersaamgestelde gesinne vind dit nodig om spesiale vakansietradisies te hê wat hulle kan help om 'n band te vorm. Dit is egter ook nodig om buigsaam te wees wat vakansies betref, aangesien daar moontlik ander familie is wat die kinders ook graag wil sien. 'n Groot mate van samewerking en onderhandeling is nodig wanneer planne gekompliseerd raak.

- **Daaglikse rituele**

Daaglikse aktiwiteite word gewoonlik gegroepeer rondom kerkaktiwiteite, maaltye, bed-toe-gaan-rituele, ensovoorts. Die hersaamgestelde gesin kan rituele aktiwiteite beplan wat alle lede kan geniet, byvoorbeeld 'n Sondagoggend-ontbyt (Visher & Visher 1982:69-70).

### 2.8.4 Lewensiklusdiskrepansies

'n Eerste huwelik bestaan gewoonlik uit twee volwassenes wat vir dieselfde tydperk getroud is. Hulle het op dieselfde tyd ouers geword en hul gesin is so oud soos hul oudste kind. Gewoonlik is die egpaar min of meer ewe oud en hulle begin hul beroepslewens ook min of meer op dieselfde stadium. 'n Hersaamgestelde gesin lyk egter volgens Carter en McGoldrick (1999:424-425) heeltemal anders. Dit kan onder andere 'n pa met 'n adolessent en 'n stiefma met geen of klein kinders insluit, wat as gevolg van die dramatiese verskille in lewensiklusfases, verreikende gevolge kan hê (Visher & Visher 1996:81-84).

### 2.8.5 Lojaliteitskonflik

Aangesien daar soveel verskillende persone, verhoudinge (oud en nuut) en alliansies by 'n hersaamgestelde gesin betrokke is, is dit volgens Visher en Visher (1996:84-89) verstaanbaar dat daar konflikterende lojaliteite sal wees. Kinders voel dikwels dat hulle dislojaal teenoor hul biologiese ouer is as hulle 'n band met hul stiefouer vorm. 'n Ouer kan weer voel dat dit 'n vorm van verraad teenoor sy of haar verhouding met sy of haar eie kinders is om 'n sterk verhoudingsband met 'n nuwe huweliksmaat te vorm.

Ongelukkig vrees baie ouers dat hulle hul band met hulle kinders sal verloor as hulle kinders positief voel oor hulle stiefouers. Heelparty ouers vrees die verlies van 'n hegte verhouding met hul eie kinders as hulle 'n sterk band met hul nuwe huweliksmaat of hul stiefkinders het. Ongelukkig kan volwassenes se response tot hierdie vrese die kinders se lojaliteitskonflikte slegs vererger (Carter & McGoldrick 1999:424; Prinsloo 1993:45-46).

2.8.6 Grense

Dit is die mening van Britz-Scheepers en Du Preez (1994:242-243) dat daar talle dubbelsinnige grense in 'n hersaamgestelde gesin is. Die individue betrokke, stem nie altyd saam oor wie in die gesin moet wees nie. Alhoewel daar duidelike grense in die huishouding moet wees, moet daar ook, metafories gesproke, hekke vir die kinders wees sodat hulle tussen die twee ouerlike huishoudings kan beweeg. Daar is veral problematiek ten opsigte van grense vir die hergetroudes. Die hergetroude ouers is bang om voldoende grense tussen die twee huishoudings daar te stel uit vrees dat die vorige huweliksmaat in woede daarop gaan reageer en gevolglik nie die kind(ers) sal toelaat om te besoek nie. Ander probleme wat grense betref, sluit kwessies in soos outoriteit en die toekenning van tyd, byvoorbeeld twee stelle reëls wat slaaptyd betref (Prinsloo 1993:45; Carter & McGoldrick 1999:423).

Pasley en Ihinger-Tallman (1987:212-215) identifiseer die volgende faktore wat gesinsgrense beïnvloed:

- **Gesinskonteks**

Verskillende tipe families het verskillende perspektiewe met betrekking tot gesinsgrense. Sommige families steun byvoorbeeld groter interaksie tussen generasies as andere. Die verskille kan wees as gevolg van kulturele agtergrond, familiestyl of gemeenskapsondersteuning. Hergetroudes met groter strukturele kompleksiteit, byvoorbeeld waar beide gewese huweliksmaats met persone trou wat kinders uit hul vorige huwelike het, sal oor meer dubbelsinnige grense beskik as die struktureel eenvoudige gesin. Só sal kinders moontlik blootgestel word aan 'n spesifieke stel grense waar hulle woonagtig is. Hiernaas sal hulle ook hulself moet kan vereenselwig met ander grense, byvoorbeeld wanneer hulle die ander ouer oor naweke besoek. Die wyse waarop die vorige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huwelik geëindig het (hetsy deur dood of egskeiding) sal ook 'n invloed op gesinsgrense uitoefen.

- **Tyd of fase**

Tyd verwys na 'n spesifieke punt in die gesinslede se lewensfase. Die stadium waarin 'n gebeurtenis soos egskeiding en hertrou plaasvind, het 'n aansienlike invloed op gesinsgrense. Vir die kinderlose of vir pasgetroudes, vroeër in die gesinslewensiklus sal die grense minder deurdringbaar wees. In die geval van 'n egskeiding en hertroue word gesinsgrense minder duidelik gedefinieer en kan dit meer deurdringbaar word namate die lede by nuwe gesinsroetines aanpas.

- **Hoeveelheid tyd tussen huwelike**

Na 'n egskeiding verloor gesinsgrense hul duidelikheid en verwarring van gesinslidmaatskap word ervaar. Met verloop van tyd word grense egter minder dubbelsinnig, namate konsensus oor lidmaatskap tussen gesinslede ontwikkel en 'n konsekwente patroon ontstaan.

Die deurdringbaarheid van 'n grens en die onduidelikheid van 'n grens lei tot grenstwyfelagtigheid. Daar bestaan geen riglyne om hersaamgestelde gesinne te help om sodanige dubbelsinnigheid te verwyder nie, aangesien elke gesin 'n unieke samestelling het.

2.8.7 Dissipline

Alhoewel alle gesinne probleme met dissipline ervaar, is die hersaamgestelde gesin veral kwesbaar. Dissiplinêre problematiek kan verder ook 'n groot bron van stres vir hierdie gesinne wees. Gemeenskaps- en familieverwagtinge vergroot die problematiek met betrekking tot dissipline. Daar word gewoonlik van die stiefvader verwag om die dissipline te handhaaf. Verskeie emosies kan

ervaar word indien 'n stiefmoeder sou poog om dissipline toe te pas. Sy kan verworpe en skuldig voel en haar selfbeeld kan 'n knou kry as haar stiefkinders haar nie in hierdie rol aanvaar nie. Sy kan harder probeer, steeds misluk en wreed voorkom, maar as sy passief is, kom sy onbekwaam voor (Prinsloo 1993:42-43).

Dit gebeur verder dat die onderliggende verskil in die gevoel wat die stiefouers teenoor hul kinders koester, die verskil in houding ten opsigte van die uitoefening van dissipline kan beklemtoon. Kinders kan op hulle beurt die stiefouer in 'n negatiewe lig teenoor die nie-inwonende biologiese ouer stel. Hierdie is slegs 'n paar voorbeelde van scenario's ten opsigte van dissiplinering in die hersaamgestelde gesin (Prinsloo 1993:43).

'n Poging om 'n dissiplinêre rol aan te neem, kan negatiewe gevolge hê. 'n Stiefkind sal nie die outoriteit van 'n ouer aanvaar met wie hy of sy nie 'n positiewe verhouding het nie. 'n Belangrike vereiste vir suksesvolle dissiplinering in hersaamgestelde gesinne is dat die biologiese ouer in beheer moet bly van die dissiplinering. Die stiefouer kom as 'n buitestander in en observeer die reëls en patrone. Hy of sy moet dalk eerder aanvanklik die rol van 'n onderwyser of mentor aanneem en die biologiese ouer op dié manier ondersteun. Daar moet in gedagte gehou word dat hersaamgestelde gesinne uniek is, ook wat dissipline betref. Die hergetroudes moet op grond van hul kennis van hulle kinders gesamentlik 'n plan van aksie saamstel wat vir hul unieke situasie sal werk. Familievergaderings waar perspektiewe en gevoelens ten opsigte van dissipline openlik bespreek word, is van groot waarde (Kelley 1995:29-38; Carter & McGoldrick 1999:421; Britz-Scheepers & Du Preez 1994:243).

2.8.8 <u>Finansies</u>

Geld hou op verskeie vlakke voortdurende implikasies vir hersaamgestelde gesinne in. In 'n poging om skuldgevoelens na afloop van 'n egskeiding te

verminder, kan ouers vir kinders geskenke koop. 'n Stiefouer kan poog om 'n plek in die kinders se harte te *koop*. Verskillende betekenisse word geheg aan die betaling of nie-betaling van geld, die gee van en die weerhou van geld en waardevolle artikels. Die lede van die uitgebreide gesin kan dit sien as simbole van liefde, mag, ensovoorts (Carter & McGoldrick 1999:422).

Robinson en Smith (1993:121-150) het 'n studie oor geld en die hersaamgestelde gesin gedoen en die volgende bevind:

- Na 'n egskeiding het 'n vrou met afhanklike kinders 'n laer lewenstandaard. As sy 'n nuwe verhouding betree, verkry sy groter finansiële sekuriteit, wat haar skuldig kan laat voel as gevolg van die geldelike juk op haar nuwe huweliksmaat se skouers.

- As 'n man wat geen kinders het nie, 'n verhouding betree met 'n vrou wat kinders het, beteken dit dat sy uitgawes sal verhoog alhoewel sy inkomste dieselfde bly.

- 'n Man wat wel kinders uit 'n vorige huwelik het, moet nou twee huishoudings onderhou. Die finansiële las van hierdie hersaamgestelde gesin is groot en kompleks. Dit kan die hergetroudes se besluit om 'n kind saam te hê, bemoeilik.

- 'n Vrou wat geskei is en totaal onkundig was oor finansiële sake, raak meer finansieel kundig en onafhanklik en wil nie weer na 'n posisie van finansiële afhanklikheid regresseer nie.

- Geld wat aan 'n vorige huweliksmaat gegee word, kan gesien word as 'n aanhoudende verbintenis tot die vorige huwelik en die nuwe huweliksmaat kan dit as 'n emosionele binding beskou.

- Geld kan 'n bron van mag en beheer word tussen geskeides wat nog nie hul woede en bitterheid oor die einde van hul huweliksverhouding verwerk het nie.

- Erflatings (veral ten opsigte van volwasse stiefkinders) kan 'n gewigtige kwessie wees. 'n Testament kan stiefkinders insluit of uitsluit van 'n gelyke lidmaatskap in 'n familie.

- Geld is 'n groot bron van konflik. Weens die sensitiwiteit van finansiële kwessies word dit dikwels 'n aspek waaroor nie gepraat word nie, maar wat lei tot 'n groeiende spiraal van konflik.

- Aan die ander kant kan geld ook 'n uitdrukking van liefde wees: 'n Pa kan byvoorbeeld sy biologiese kinders bederf met geskenke omdat hy hulle min sien en wil bewys dat hy vir hulle lief is.

- Kinders het die reg om finansieel onderhou te word. Tog veroorsaak geld dikwels 'n stryd tussen twee volwassenes, eerder as wat dit 'n teken van ouerlike verantwoordelikheid is (Carter & McGoldrick 1999:422; Burt & Burt 1996:47; Belovitch 1987:25-27; Visher & Visher 1982:144-147).

### 2.8.9 Gesinsrolle

Die lede van 'n hersaamgestelde gesin het 'n unieke probleem. Rolle wat in 'n tradisionele gesin duidelik gedefinieer is, kan nie blindelings op 'n hersaamgestelde gesin toegepas word nie. 'n Probleem met die herdefiniëring van gesinsrolle is egter dat hierdie rolle deur die groter gemeenskap voorgeskryf word en reeds by die betrokke persone ingewortel is wanneer hulle die hersaamgestelde gesin betree. 'n Stiefouer het dus verwagtinge van hom- of haarself wat gebaseer is op gemeenskapsverwagtinge. Die gemeenskap self versterk dan ook weer hierdie verwagtinge (Prinsloo 1993:39-40).

In die afgelope twee dekades het die druk op rolle in 'n gesin toegeneem. Namate die roldefinisies minder duidelik word, kry albei ouers meer verantwoordelikhede. Hierdie druk word veral intens ervaar in 'n hersaamgestelde gesin, aangesien die stiefouerrol deur verlies en die byvoeging van rolle gekenmerk word. Ouerlike rolle en grense is vaag en daar is verder ook minder ooreenstemming tussen die manier waarop stiefouers dink hulle behoort op te tree en hoe hulle werklik optree. 'n Hersaamgestelde gesin vereis in dié verband veel groter buigsaamheid (Kelley 1995:39-48).

Wat die kinders die stiefouer noem, is 'n verdere belangrike kwessie, aangesien die benaming die persoon se rol suggereer. Uit navorsing met hersaamgestelde gesinne wil dit voorkom dat die terme *ma* en *pa* 'n baie spesiale betekenis het en nie, soos sommige ander terme, vir baie verskillende mense gebruik kan word nie. As daar vir die kind gesê word *hierdie persoon gaan jou ma/pa wees*, word 'n rolverwagting saam met die aanname dat 'n vervanging van die biologiese ouer gaan plaasvind, geskep. Dit is verkieslik dat die stiefouer op sy of haar naam genoem word. Dit impliseer dat die biologiese ma of pa nie vervang word nie en dit sal ook nie inbreuk maak op die ontwikkeling van 'n goeie verhouding met die stiefouer nie (Du Plessis 1994:68-75; Belovitch 1987:71-72).

2.8.10. <u>Nabyheid/afstand</u>

Daar bestaan 'n mate van selfbewustheid oor verhoudinge in 'n hersaamgestelde gesin. Dit kan gesien word as 'n geneigdheid om skuldig te voel. As die stiefouer nie lief is vir sy of haar stiefkind nie, voel hy of sy skuldig. As hy of sy wel vir die stiefkind lief is, word gevoel dat liefde van die biologiese kind weggeneem word. In kerngesinne word die ouer-kind-verhouding gewoonlik as vanselfsprekend ervaar, terwyl dit in hersaamgestelde gesinne geobserveer, geanaliseer en gereeld krities geëvalueer word deur die gesinslede, bure en vriende.

'n Werklike liefdevolle verhouding kan met verloop van tyd tussen volwassenes en kinders ontstaan. Dit is egter nodig dat bande toegelaat word om op hulle eie tyd te vorm. Die lede van 'n hersaamgestelde gesin moet besef dat stiefverhoudinge van baie positief tot baie negatief kan wissel, net soos in 'n kerngesin. As hierdie besef insink, sal die kwaliteit van verhoudinge moontlik minder onder die mikroskoop geplaas word en kan daar meer aanvaarding wees (Visher & Visher 1996:100-103).

2.9 Die kind in 'n hersaamgestelde gesin

Visher en Visher (1996:149) wys daarop dat hertrou vir die volwassene die wins van 'n belangrike volwasse verhouding kan beteken, terwyl dit vir die kind die verlies van 'n intieme ouer-kind-verhouding kan beteken. In die hersaamgestelde gesin moet die kind die ouer met een of meer bykomende persone deel. Die gevolg hiervan is dat die reaksies en belewingsmomente van stiefouers en stiefkinders ten tye van die herstrukturering van die gesin sal verskil.

Die problematiek van 'n hertroue neem dramaties toe waar kinders betrokke is: "...the presence of children adds more complexity to the family than some adults are able to handle; as a result, the re-divorce rate is higher in remarriages when children are involved than when the marriage is between adults who have no children" (Visher & Visher 1996:149).

2.9.1 Effek van die verlies van 'n ouer op 'n kind

Die stiefkind betree die hersaamgestelde gesin met 'n erfenis van pyn en verwarring oor die dood of egskeiding wat die oorsaak van sy stiefverhouding(e) is. 'n Kenmerk van die stiefkind is dat sy of haar gevoel van sekuriteit en selfbeeld reeds telkens aan negatiewe ervarings blootgestel is. Sy of haar gesin

het verbrokkel en die vrees bestaan dat moontlike verdere verbrokkelings in die toekoms mag voorkom (Scheepers 1991:105-106).

Die kind se ontwikkelingstadium en ouderdom het 'n definitiewe effek op die verwerking van die verlies van 'n ouer en die aanvaarding van die hersaamgestelde gesin. Ouer kinders toon meer probleme, aangesien hulle langer by die vorige huisgesin betrokke was en omdat hulle boonop die normale *krisisse* van adolessensie ervaar.

2.9.1.1 Die hantering van verlies deur die dood

Daar is reeds genoem dat die kind se ouderdom en ontwikkelingsfase ten tye van die afsterwe van 'n ouer 'n groot rol speel in sy of haar belewing en hantering van die verlies. Na aanleiding van Robinson en Smith (1993:51-57) word daar vervolgens gekyk na die kind se hantering van die dood van 'n ouer:

- 'n Baba of klein kind sal min of geen herinneringe van die ouer hê. 'n Jong kind (ongeveer twee tot vyf jaar) verstaan min van abstrakte aspekte soos die dood en veral die finaliteit daarvan. Die kind kan moontlik dink dat die ouer sal terugkom. Manifesterende gedrag kan ook voorkom wanneer die kind dink dat die ouer weggegaan het omdat hy of sy stout was. In gevalle soos dié kan die kind begin om byvoorbeeld sy of haar bed nat te maak, omdat hy of sy bang is dat sy oorblywende ouer ook sal weggaan. Die kind toets dus die ouer deur sy of haar gedrag. 'n Verlies in hierdie vroeë fase kan die kind se gevoel van vertroue en kapasiteit vir toegeneentheid later in sy of haar lewe beïnvloed.

- Kinders van vroeë skoolgaande ouderdom het 'n kapasiteit vir abstrakte denke en kan dus die konsep van die dood beter verstaan. Afhangende van die verhouding met die afgestorwe ouer, kan die kind met sensitiwiteit en begrip gehelp word om oor die ouer te rou. Dit sal dan beteken dat die kind

die dood sal aanvaar en geleidelik vry sal voel om nuwe verbintenisse aan te gaan.

- Aangesien adolessensie die bewuswording van seksualiteit en geslagsidentiteit behels, kan die ervaring van die verlies deur die geslag van die ouer beïnvloed word. Dit gebeur veral wanneer 'n moeder in die adolessent se vroeë jare sterf, aangesien die moeder op daardie stadium die primêre versorger is. Die geslag van die adolessent is egter ook 'n belangrike faktor, aangesien die verlies van 'n rolmodel ervaar word. As dit 'n ouer van die teenoorgestelde geslag is wat sterf, kan dit verder 'n impak hê op die bou van verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Ook ervaar die adolessent emosies meer intens as gevolg van biologiese veranderinge wat plaasvind, en dit kan die hantering van die verlies van 'n ouer verder bemoeilik.

'n Belangrike aspek van die verlies van 'n ouer deur die dood is of dit onverwags was of nie. Indien die dood verwag is, het die gesin tyd gehad om oor die komende verlies te rou en kon hulle mekaar ondersteun. Hierteenoor kan 'n skielike afsterwe die gesin in 'n toestand van skok en ongeloof dompel. Die kind se verhouding met die afgestorwe ouer dra grootliks by tot die kind se vermoë om te *laat gaan* en om 'n verhouding van 'n ander soort met die oorblywende ouer te vorm.

2.9.1.2 Die hantering van verlies deur 'n egskeiding

Tydens 'n egskeiding ervaar die kind wel die verlies van 'n ouer, maar volgens Robinson en Smith (1993:51-52) kan 'n kind sy ontwikkelingspad hervat as genoegsame kontak met die nie-inwonende ouer behou word. Die belewing van verlies as gevolg van 'n egskeiding is volgens Scheepers (1991:107-112) soos volg:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **Gevoel van ouerverlies**

Die oorweldigendste gevoel by 'n kind is ouerverlies. 'n Stiefkind kan 'n stiefouer moontlik negatief ontvang vanweë sy onverwerkte emosies oor die egskeiding van sy ouers. Die toetrede van 'n stiefouer kan nog meer emosionele spanning by die kind veroorsaak.

- **Fantasieë**

Selfs na die totstandkoming van die hersaamgestelde gesin kleef die kind nog aan fantasieë dat sy biologiese ouers weer by mekaar sal kom. Dit gebeur veral wanneer die ouers nie met die kind oor die egskeiding gepraat het nie. Kinders kan ook bewustelik of onbewustelik poog om die fantasie te verwesenlik deur die nuwe egpaar van mekaar te probeer vervreem.

- **Skuldgevoelens**

Skuldgevoelens kan weerstand, vrees en woede veroorsaak. Die kind openbaar as gevolg daarvan gedragswyses wat die ouer en stiefouer moeilik vind om te verduur en wat probleme tussen volwassenes en kinders in die hersaamgestelde gesin kan veroorsaak.

- **Vrees**

Die kind vrees onder meer dat hy nou minder belangrik vir sy ouer is en dat sy stiefouer sy plek gaan inneem. Vrees vir verdeelde lojaliteite ontstaan, asook vrees vir verdere verlies, byvoorbeeld die verlies van grootouers.

Baie nie-inwonende ouers verloor kontak met hul kinders en te veel ouers berei nie hul kinders genoegsaam voor op die vertrek van een ouer uit die huis nie. Dit is dus vir sommige kinders 'n skielike en skokkende bewuswording. Soos met

die dood van 'n ouer, is die effek van 'n egskeiding ook verwant aan die kind se ouderdom en ontwikkelingsfase, die kwaliteit van die verhouding met die ouer en die kwaliteit van sy lewe voor die egskeiding. Klein kinders pas makliker aan en raak makliker gebonde aan 'n stiefouer (Dit hang grootliks af van hoe die biologiese ouer hierdie verbintenis hanteer). Jong kinders van skoolgaande ouderdom kan 'n egskeiding verstaan, mits dit omsigtig aan hulle verduidelik word. Hulle verstaan dat hulle ouers nie meer lief is vir mekaar nie, maar moet verseker word dat beide ouers *hulle* nog steeds lief het. Adolessente hanteer 'n egskeiding moeilik, deels omdat dit 'n tyd is wanneer hulle probeer om hulle van hul ouers te distansieer en hulle eie identiteit soek. Hulle raak bewus van hul seksualiteit en is verrassend moralisties ten opsigte van hulle ouers se seksuele gedrag (Robinson & Smith 1993:52-61).

### 2.9.2 Probleemareas vir kinders van verskillende ouderdomme

Die kind se ouderdom is 'n bepalende faktor van die tipe reaksie wat die kind op verskeie probleemareas met betrekking tot 'n hersaamgestelde gesin sal toon.

- **Voorskool**

Kleuters: Hierdie jong kinders kan angstig en bang raak vir skeiding tussen hul ouers. Regressie tot bednatmaak en ander vroeër gewoontes kan plaasvind. Hulle het 'n sterk behoefte aan versorging. Indien hulle nie vasgevang is tussen vyandige ouers en stiefouers nie, kan hulle hul stiefouers vinniger aanvaar as wat ouer kinders kan (Carter & McGoldrick 1999:425).

Ouderdom drie tot vyf jaar: Hierdie kinders kan dink en glo dat hulle negatiewe denke en gedrag verantwoordelik was vir die skeiding van die gesin. Hulle het voldoende beheer in hulle lewens nodig en moet gerusgestel word dat hul gedagtes *nie* verantwoordelik was vir al die veranderinge in die gesin nie (Visher & Visher 1996:150; Carter & McGoldrick 1999:425).

- **Laerskool**

Tussen die ouderdom ses en twaalf jaar, raak kinders kwaad en depressief ten tye van die egskeiding. Hulle kan selfs toenemend kwaad word in die hersaamgestelde gesin. Hulle wonder of hulle onaanvaarbare gedrag die egskeiding veroorsaak het en hulle het baie fantasieë dat hulle die ouers sal kan herenig. Pogings wat in hierdie verband aangewend word, is onder meer om die stiefouer uit te sluit. In hierdie ontwikkelingstadium is kinders meer veroordelend en hulle vorm sterk lojaliteitsbande. Hulle sal kant kies vir die ouer wat volgens hulle mening reg is. Ten opsigte van die kind se posisie in die gesin, kan hy of sy groot verandering en verliese ondergaan, byvoorbeeld om skielik nie meer die oudste kind te wees nie, maar 'n middelste kind (Visher & Visher 1996:151).

- **Adolessensie**

Volgens Visher en Visher (1996:152) hanteer adolessente gedurende hierdie jare drie belangrike ontwikkelingstake, naamlik –

- 'n toenemende behoefte aan individualisering van die gesin;
- ontwikkeling van hul eie identiteit; en
- opkomende seksualiteit.

Hierdie take kan stres en emosionele spanning in enige gesinstipe veroorsaak en is nie probleme wat as gevolg van 'n hersaamgestelde gesin ontstaan nie. Ongelukkig sal baie ouers en stiefouers nie die weerstand van 'n adolessent teenoor gesinshegtheid erken as verwant tot hul ontwikkelingsfase nie.

Aangesien die adolessent 'n sterk drang na onafhanklikheid en selfstandigheid ervaar, vind hy of sy dit moeilik om 'n outoritêre rol van die stiefouer te aanvaar.

Scheepers (1991:121-122) noem agt omstandighede wat die aanvaarding van die stiefouer se outoriteit beïnvloed:

- In 'n latere stadium van adolessensie sal outoriteit moeiliker aanvaar word.
- Adolessente is geneig om die stiefouer se outoriteit makliker te aanvaar wanneer hulle minder kontak met die afwesige ouer het.
- As die stiefpa jonger as die biologiese ma is, word sy outoriteit nie aanvaar nie.
- Na 'n lang tydsverloop in die hersaamgestelde gesin met suksesvolle integrasie sal die adolessent hom of haar makliker aan gesag onderwerp.
- As die stiefouer self kinders het, is hy of sy beter in staat om gesag te handhaaf en word dit meer geredelik aanvaar.
- As die hergetroudes 'n gesamentlike kind het, versterk dit die stiefouer se outoriteit en rol.
- Gesamentlike voogdyskap van ouers benadeel die outoriteit van die stiefouer en die adolessent kan dit moontlik teen die stiefouer gebruik.
- Die adolessent se seksualiteit het ook 'n bepaalde effek op die aanvaarding van die stiefouer se outoriteit.

Afgesien van die adolessent se opstand teenoor ouerlike gesag, ervaar adolessente in hersaamgestelde gesinne dikwels unieke gevoelens van jaloesie en vyandigheid jeens hul stiefouers. Volgens Kriel (1996:126-132) gee die volgende faktore aanleiding daartoe:

- Adolessente het gewoonlik 'n lang tydperk in 'n enkelouergesin deurgebring, waartydens hulle as gevolg van meer verantwoordelikheid in enkelouergesinsituasies 'n langdurige rol van toenemende onafhanklikheid ervaar het.
- As 'n hertroue kort na die egskeiding plaasvind, mag adolessente sterk herinneringe van albei ouers en hul metodes van ouerlike kontrole, of gebrek daaraan, hê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Seksualiteit en die stiefkind skep 'n sensitiewe situasie. Kinders wat in die hersaamgestelde gesin woon, kan potensieel uitlokkend optree as gevolg van die intimiteit van die saamleefsituasie en die gebrek aan bloedverwantskap wat in 'n gewone gesinsituasie bestaan. Kinders kan egter ook gevoelens van aangetrokkenheid probeer hanteer deur met die persoon in wie hulle belangstel, te argumenteer (Scheepers 1991:118-120; Belovitch 1987:119-120; Ihinger-Tallman & Pasley 1987:107).

2.9.3 <u>Rol en plek van die kind in die hersaamgestelde gesin</u>

Die kind betree die hersaamgestelde gesin met bepaalde gevoelens wat uit sy of haar vorige gesinsgeskiedenis voortspruit. Vir die kind verteenwoordig die samestelling van die nuwe gesin dikwels die verlies van 'n voortgaande intieme ouer-kind-verhouding en hy of sy moet die ouer skielik met een of meer bykomende persone deel (Kriel 1996:109-110).

Wanneer 'n ouer hertrou, verander die kind se rol en plek en 'n unieke gesinsvorm ontstaan, wat by die kind geweldige verwarring oor sy of haar sosiale posisionering skep. Die veranderende gesinsgrote en die samevoeging van persone in verskillende lewensfases, is maar twee van die problematiese situasies wat groot konflik kan veroorsaak (Kriel 1996:112-115).

2.9.4 <u>Lidmaatskap van twee huishoudings</u>

Waar hersaamgestelde gesinne deur die hertrou van beide ouers ontstaan, word die kind deel van twee huisgesinne. As die een ouer hertrou en die ander ouer nog enkelouerstatus geniet, is die kind deel van 'n hersaamgestelde huisgesin aan die een kant, maar terselfdertyd deel van 'n enkelouergesin aan die ander kant (Scheepers 1991:112).

Om by twee verskillende huishoudings met verskillende waardesisteme aan te pas, kan vir kinders 'n bron van spanning wees, veral as die ouers nie in staat is om konflik effektief te hanteer nie. Talle kinders beleef die heen-en-weer trek van een huishouding na 'n ander as negatief en ontwikkel gevoelens van verwarring, hulpeloosheid en verlies van beheer (Belovitch 1987:114; Du Plessis 1993:82).

2.9.5 Die nie-inwonende teenoor inwonende kinders

Kriel (1996:117) noem besoekende kinders uit 'n vorige gesin *deeltitelkinders*. Twee ouers het gesamentlike *besit*, elk met 'n eie kontrak van aanspraak op sy of haar deel van die *besit* van die kind. Na 'n egskeiding ontvang een ouer gewoonlik toesig en beheer oor die minderjarige kinders terwyl die ander ouer finansieel tot hulle onderhoud moet bydra en redelike toegang tot die kinders behou. Die ideaal is dat daar vir die besoekende kinders 'n eie permanente ruimte in hul woning geskep word. Nie alle gesinne kan dit egter finansieel bekostig nie en besoeke kan as 'n (gereelde) inbreuk op die leefruimte van die inwonende kinders beleef word (Du Plessis 1993:60).

Die verhouding wat daar na 'n hertroue tussen gewese huweliksmaats bestaan, speel 'n belangrike rol in die kind se belewenis daarvan om 'n lid van twee huishoudings te wees. Besoekende kinders kan heelwat ekstra werk vir die vroulike huweliksmaat beteken en kan ook onenigheid tussen ouers in die hersaamgestelde gesin veroorsaak. Verskille in die hantering van die kinders is ook ter sprake, aangesien dit dikwels gebeur dat 'n vader wat sy kinders min sien, geneig is om hulle te bederf. Inwonende kinders kan sulke optrede as onregverdige voortrekkery beskou (Kriel 1996:118-120).

Besoekende kinders kan dienooreenkomstig bedreig voel ten opsigte van nuwe gesinslede wat skielik saam met hul ouer, wat voorheen alleen was, woon. Die besoekende kinders kan die nuwe inwonende stiefouer en sy of haar kinders

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarvoor verwyt. Dit kan jaloesie en wedywering tussen stief -en biologiese kinders ontlok en konflik tussen ouers veroorsaak (Kriel 1996:120).

2.9.6 Die selfbeeld van die stiefkind

Die verlies van 'n ouer en die spanning van die lewe in 'n enkelouergesin kan tot 'n negatiewe selfbeeld by kinders aanleiding gee. Vanweë die veelvoudige veranderinge in die kind se leefwêreld kan negatiewe gevoelens teenoor die self ontstaan. Kinders in die hersaamgestelde gesin vrees verwerping, wat ook tot hul onsekerheid oor hul eie identiteit kan bydra (Scheepers 1991:115).

Die ouer speel 'n belangrike rol in die vestiging van 'n positiewe selfbeeld. Scheepers (1991:115-118) raak die volgende aspekte aan:

- **Gevoelens van aanvaarding**

Volgehoue kontak met die biologiese ouer is belangrik. Vanweë die kind se verlies van 'n ouer is gevoelens van aanvaarding juis nodig vir die bou en stabilisering van die kind se selfbeeld. Die kind het 'n behoefte om aanvaar te word deur iemand wat vir hom as persoon belangrik is. Onvoorwaardelike aanvaarding is nodig.

- **Gevoelens van eiewaarde**

Teen die tyd dat hy of sy 'n stiefkind word, is die kind se eiewaarde dikwels reeds op verskeie maniere geskend. Die kind bekommer hom of haar nie slegs oor die ervaring dat sy of haar eie gesin misluk het nie, maar vrees ook verdere gesinsverbrokkeling. Die kind moet dus verseker word dat dit nie sy of haar skuld is dat sy of haar biologiese ouers se huwelik misluk het nie. Positiewe interaksie tussen ouer en kind bied aan die kind die versekering dat sy of haar ouers in hom of haar belangstel en dit versterk gevoelens van eiewaarde.

- **Gevoelens van bevoegdheid**

As gevolg van die drastiese verandering wat die kind in die hersaamgestelde gesin ervaar, naamlik ontbinding van die kerngesin, lidmaatskap van 'n enkelouergesin en dikwels ook die toetrede tot 'n hersaamgestelde gesin, kan hy of sy onseker en nutteloos voel. Dit is dus nodig dat daar doelbewus aandag aan die kind geskenk word deur aktiwiteite wat die kind goed uitvoer en bydraes wat hy of sy tot die gesin kan lewer, te erken en aan te moedig.

2.9.7 Algemene knelpunte vir kinders

Die grootste probleme vir kinders rakende hersaamgestelde gesinne is verlies(e), lojaliteit en die verlies van beheer. Visher en Visher (1996:154-155) noem die knelpunte wat die grootste impak het op kinders (12-19 jaar) in 'n hersaamgestelde gesin. Die eerste ses knelpunte word as die stresvolste vir hierdie kinders beskou:

- Om te hoor hoe hul biologiese ouers baklei en slegte dinge van mekaar sê.
- Om nie hul ander ouer te sien nie.
- Ouer en stiefouer wat baklei.
- Om te voel asof hulle tussen hulle biologiese ouers vasgevang is.
- Aanpassing by nuwe reëls van die stiefouer.
- Aanvaarding van die stiefouer se dissipline.
- Om beskuldig te word vir alles wat verkeerd loop.
- As hulle ouer meer doen vir hul stiefkinders as vir hulle.
- Die deel van 'n kamer met ander kinders.
- 'n Gevoel van verworpenheid.
- 'n Wens dat alles sal terugkeer na hoe dit was voor die egskeiding.
- 'n Stiefouer wat die kind vertel wat om te doen.
- Om te voel dat dit sy of haar taak is om die nuwe familie te laat werk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.11.1 Die rol van die stiefouer

Herstrukturering van rolle in die hersaamgestelde gesin is volgens Scheepers (1991:139) 'n uiters moeilike taak vir die nuwe gesin, aangesien gesinslede hulle oorsprong vanuit twee tipe gesinstrukture het, naamlik die kerngesin en die enkelouergesin. Gevolglik bestaan daar nou 'n eiesoortige verhoudingstruktuur en roluiteensetting. Die nuwe egpaar in die hersaamgestelde gesin staar skielik die uitdaging in die gesig om 'n nuwe gesinseenheid te bou. Die rol van die stiefouer is een van die belangrikste sleutels tot die ontwikkeling van die nuwe eenheid.

2.11.1.1 Die rol van die stiefvader

Tradisioneel word die rol van vaders verbind met outoriteit en finansies. 'n Stiefvader se rol word steeds deur dieselfde norme bepaal as in die geval van 'n biologiese vader, maar nou is die dissiplinering en geldsake nie noodwendig onder sy beheer nie. Robinson en Smith (1993:170-175) is van mening dat die verwagtinge ten opsigte van die stiefvader, asook sy rol, onduidelik is.

Probleme wat volgens Belovitch (1987:85) uniek aan stiefvaderskap is:

- Onsekerheid ten opsigte van die hoeveelheid gesag in die rol van ouerskap.
- Liefdesbetoning aan sy stiefkinders.
- Dissiplinering en die toepassing van reëls.
- Finansiële konflik.
- Skuldgevoelens oor die verlating van sy eie kinders in sy vorige gesin.
- Lojaliteitskonflikte tussen sy eie kinders wat elders woon en sy stiefkinders wat inwoon en meer aandag by hom kry.
- Vanne wat verander.

Volgens Burt en Burt (1996:52-53) bepaal die ouderdom van die kinders tydens die vorming van die hersaamgestelde gesin in 'n groot mate hoe suksesvol die stiefvader (of stiefmoeder) met die gesin sal integreer. By jong kinders is die oorgang betreklik maklik. As die kinders ouer as vyf of ses jaar is en hul eie vaders geken het, moet die stiefvader vir hom 'n geskikte plek in die lewe van sy stiefkinders skep.

Belovitch (1987:83-84) gee 'n paar maatstawwe vir 'n stiefvader:

- Die stiefvader moet nie probeer om die rol van die biologiese vader vir sy stiefkinders te vervul nie, of om 'n plaasvervanger vir die kinders se biologiese vader te wees nie.
- Hy moet nie met die biologiese vader kompeteer nie; veral nie ten opsigte van liefde en gesag nie.
- Hy moet duidelik daarvan bewus wees dat hy nie in dieselfde verhouding met sy stiefkinders as met sy eie kinders staan nie (Furstenberg & Spanier 1987:105; Ganong & Coleman 1994:82-86; Ihinger-Tallman & Pasley 1987:99-100; Bigner 1998:451-452).

2.11.1.2 <u>Die rol van die stiefmoeder</u>

Die kulturele verwagtinge van 'n moeder is duidelik. Wanneer 'n vrou 'n stiefmoeder word, onderwerp sy haar aan hierdie verwagtinge. Volle toewyding aan en verantwoordelikheid vir die fisiese en emosionele versorging van haar stiefkinders word van haar verwag. Die stiefmoeder kan dus hoë en onrealistiese verwagtinge van haarself koester wanneer sy die hersaamgestelde gesin betree (Burt & Burt 1996:52).

Die verwagting van kitsliefde by die stiefmoeder is 'n onrealistiese verwagting waaraan sy gewoonlik met entoesiasme probeer voldoen. Dit is waarskynlik die mees problematiese en destruktiewe mite oor stiefmoeders. Baie stiefmoeders

voel dat hulle vir hul stiefkinders net soveel liefde moet gee as vir hulle eie kinders. Dit is egter onmoontlik, aangesien liefde tyd neem om te ontwikkel en te groei (Robinson & Smith 1993:175-178).

Volgens Scheepers (1991:145-146) het stiefmoeders die volgende spesifieke behoeftes wat eie is aan die situasie en strukture van die hersaamgestelde gesin:

- 'n Behoefte aan erkenning.
- 'n Behoefte aan emosionele ondersteuning deur haar huweliksmaat.
- 'n Behoefte aan waardering deur die stiefkinders.
- 'n Behoefte daaraan om nie altyd in 'n swakker lig as die biologiese moeder gestel te word nie.
- 'n Behoefte daaraan om deur haar huweliksmaat eerste gestel te word

Die stiefmoeder se behoeftes kry gewoonlik min aandag, aangesien die kinders se behoeftes voorkeur kry. Indien haar behoeftes egter onderdruk word, kan die stiefmoeder nie haar rol as 'n gesond funksionerende persoon vervul nie.

Riglyne vir die stiefmoeder om haar taak en rol te vergemaklik, behels volgens Scheepers (1991:144-145) die volgende:

- Die rol van stiefmoeder moet aanvaar word en sy mag nie bloot as die biologiese moeder se plaasvervanger gesien word nie.
- Sy is 'n ouer in 'n vennootskap met haar huweliksmaat.
- Sy moet leer om met die realiteit van gewese huweliksmaats saam te leef.
- Sy moet eerder probeer om haar stiefkind te leer respekteer in plaas van hom of haar dadelik lief te hê.
- Sy moet lewensbevrediging ook by bronne buite die hersaamgestelde gesin soek.

- **Grootouers**

Grootouers bevind hulle in die besondere posisie om verhoudings binne die hersaamgestelde gesin positief of negatief te beïnvloed. Grootouers kan 'n negatiewe invloed uitoefen deur byvoorbeeld nie die nuwe huweliksmaat en stiefkinders te aanvaar nie, teen hulle te diskrimineer, of om besondere aandag aan 'n biologiese kleinkind te gee met uitsluiting van die ander kleinkinders. Grootouers vrees gewoonlik dat die hertrou van 'n ouer vir hulle die verlies van kontak met hul kleinkinders sal beteken. Hierdie vrees kan veroorsaak dat grootouers inmeng in die stryd tussen die biologiese ouers oor die verkryging van toesig en beheer oor die kinders.

- **Familielede en vriende**

Indien kinders hulle bande met hul familie verloor, kan hulle moontlik voel dat hulle nêrens tuis hoort nie. Die uitgebreide gesin kan na die kinders uitreik en hulle help. Kinders uit 'n hersaamgestelde gesin is versigtig om emosioneel betrokke te raak by nuwe familielede, aangesien hulle bang is om weer seer te kry. Vriende kan dien as 'n bron van ondersteuning vir die gesin en hulle kan behulpsaam wees met die hersaamgestelde gesin se stabilisering. Vriende kan egter ook krities optree en geen begrip toon vir die unieke dinamika binne die hersaamgestelde gesin (Furstenberg & Spanier 1987:160-161; Ganong & Coleman 1994:113-118; Ihinger-Tallman & Pasley 1987:110-113).

## 2.13 Die krag van 'n hersaamgestelde gesin

Die navorser het bevind dat die literatuur hoofsaaklik op negatiewe aspekte fokus. Die indruk word verkry dat die swakhede van hierdie gesinne bydra tot hul probleme en tot nog 'n potensiële egskeiding. Ondanks al die negatiwiteit wat met die hersaamgestelde gesin geassosieer word, kan die volgende faktore volgens Bigner (1998:455) as bydraend tot die krag van die gesin gereken word:

- Waarneembare ondersteuning van andere, soos familie en vriende.
- 'n Relatiewe hoë gesinsinkomste.
- Die bereidwilligheid om na 'n hertroue professionele hulp te soek.
- Die geleentheid vir stiefkinders om probleemoplossings-, onderhandelings- en hanteringsvaardighede te leer en karaktertrekke soos buigsaamheid en aanpasbaarheid te ontwikkel.
- Die teenwoordigheid van meer volwassenes vir ondersteuning.
- Die blootstelling aan 'n wye verskeidenheid mense en ervarings.
- 'n Ervaring wat beter as 'n enkelouergesin kan wees.

'n Gesonde hersaamgestelde gesin vertoon 'n breë dimensie van kohesie en aanpassing. Dit bied aan hersaamgestelde gesinne die geleentheid om meer oop te wees, individuele verskille tussen gesinslede te erken en te waardeer, en om minder rigiede en meer buigsame gesinsverhoudinge te handhaaf. Gesinseenheid word nie teen die prys van individuele outonomiteit vereis nie.

Stiefouers kan volgens Bigner (1998:455) op die volgende maniere baat wanneer hulle die biologiese kinders van iemand anders grootmaak:

- Daar is geleentheid vir voltydse ouerskap, aangesien die ouerlike verantwoordelikheid gedeel word.
- 'n Stiefouer het groter objektiwiteit ten opsigte van knelpunte en meer insig in die kind en biologiese ouer se gedrag.
- 'n Stiefouer kan vir kinders 'n vriend wees, asook 'n bron van ondersteuning en inligting.
- 'n Stiefouer kan, onder andere deur aanmoediging, deelname aan ander aktiwiteite bevorder en die nuwe gesinsisteem se horisonne verbreed.

## 2.14 Ontwikkelingstake van die hersaamgestelde gesinsisteem

Hersaamgestelde gesinne ervaar ontwikkelingstake wat uitgevoer moet word om 'n unieke ervaring van identiteit te beleef en om gesond en effektief te funksioneer. Alle lede van 'n hersaamgestelde gesin moet aanpassings maak, soos die volwassenes wat die oorgang beleef van enkellopend en geskei na weer getroud. Die volgende ses ontwikkelingstake uit Bigner (1998:445) word in hersaamgestelde gesinne aangetref (en stem ooreen met die verskillende take wat na 'n egskeiding uitgevoer moet word):

### 1. Emosionele hertroue

Die geskeide persoon hervestig 'n band van aangetrokkenheid en emosionele betrokkenheid en vertroue in 'n nuwe huweliksmaat. Die emosionele kompleksiteit wat hiermee gepaard gaan, is gegrond in die vrees dat hy of sy nie suksesvol sal wees daarmee om weer 'n intieme huweliksverhouding te betree nie.

### 2. Psigologiese hertroue

Die status van geskei tot weer getroud moet geherdefinieer word. Daar moet afgesien word van persoonlike vryheid en outonomie. 'n Nuwe lewenstyl moet aanvaar word. Dit sluit in dat die individu bereid moet wees om hom- of haarself en sy of haar besittings met 'n ander persoon te deel.

### 3. Gemeenskapshertroue

Hierdie proses behels die hervestiging van 'n woning en sosiale netwerk en die inskakeling in 'n nuwe gemeenskap.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**4. Ouerskaphertroue**

Hierdie proses kan die moeilikste ontwikkelingstaak van hertrou wees, aangesien die betrokkenes moet poog om die rol van stiefouers in 'n nuwe hersaamgestelde gesin te te speel.

**5. Ekonomiese hertroue**

Die hersaamgestelde gesin moet hulself as 'n huishouding vestig. Dit is 'n moeilike taak, aangesien verskeie finansiële aspekte in aanmerking geneem moet word, byvoorbeeld onderhoudsgeld. 'n Sentrale probleem in nuwe gesinsisteme is om te bepaal wie watter hoeveelheid van die finansiële bronne sal ontvang.

**6. Wetlike hertroue**

Hertrou beheis nie net geldelike en ander konkrete bronne nie. Dit behels ook die verdeling van bronne tussen die onderskeie individue. Die hergetroudes moet besluite neem ten opsigte van finansiële bronne, wat die verhouding met 'n vorige huweliksmaat kan beïnvloed.

2.15 <u>Kenmerke van 'n suksesvolle hersaamgestelde gesin</u>

Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat nie alle hersaamgestelde gesinne problematies van aard is nie en dat daar hersaamgestelde gesinne is wat suksesvol is in hul hersamestelling (Bigner 1998:456-457). Die volgende voorwaardes vir suksesvolle aanpassing kan onder meer voorgestel word:

# HOOFSTUK 3

# DIE GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE MODEL

## 3.1 Inleiding

Die kennisontploffing op die gebied van gesinsterapie, naamlik die verskyning van talle skynbaar teenstrydige en kompeterende gesinsterapeutiese modelle, kan verwarring veroorsaak. Die vernaamste terapeutiese velde word genoem om die leser 'n begrip te gee van die verskillende modelle, teorieë en metodes in die groeiende veld van gesinsterapie:

- Adler se gesinsterapie
- Inter- of multigenerasieteorie (Bowen)
- Kontekstuele gesinsterapie
- Kommunikasiemodel
- Ekosistematiese mensbeeld
- Eksperimentele model
- Milan-model
- Konstruktivistiese model
- Probleemoplossingsmodel
- Strategiese model
- Strukturele model
- Behavioristiese model
- Objekrelasie teorie
- Interaksionele teorie
- Kognitiewe teorie
- Psigodinamiese model
- Gesinskrisisintervensiemodel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Ekologies sistematiese model
- Meervoudige gesinsterapie
- Krisisintervensie
- Egpaargroepterapie
- Netwerkteorie
- Tydverlengende teorie
- Eklektiese teorie
- Gesins-psigo-opvoedkundige benadering

(Van der Westhuizen 1997:i-ii; Carlson et al. 1997:41-73; Olsen 1993:21-34; Nelsen 1983:9-21; Gurman & Kniskern 1991:200-237 en 363-395; Kramer 1980:139-157).

Om sake vir die nuweling in die veld van gesinsterapie te kompliseer, het daar na aanleiding van die behoefte dat modelle vir optimale hulpverlening moet saamspan, verskeie integrerende modelle ontstaan, byvoorbeeld die volgende:

- Die Milan sistemiese benadering
- Die verhalende benadering
- Die medewerkende benadering
- Kognitief behavioristiese gesinsterapie
- Feldman se integrerende multivlakgesinsterapie
- Walsh se integrerende gesinsterapeutiese benadering
- Nichol se integrerende benadering tot huweliksterapie
- Probleemgesentreerde psigodinamiese gesinsterapie
- Fokale gesinsterapie: sisteemteorie in samehang met psigodinamiese teorieë.

(Hanna & Brown 1999:21-31; Carlson et al. 1997:90-97; Gurman & Kniskern 1991:284-324).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Integrasie met ander terapeutiese sisteme vind ook plaas, onder andere met:

- Psigo-analise
- Transaksionele analise
- Gestalt-teorie
- Groep teorie
- Seksuele teorie (Kramer 1980:157-159).

Die student wat die veld van gesinsterapie betree, word dus in sy of haar studies aan 'n legio modelle en metodes blootgestel. Vir opleidingsdoeleindes word daar slegs 'n oorsigtelike perspektief aan die studente gebied, aangesien al hierdie modelle nie deeglik behandel kan word nie. Met slegs 'n voorsmakie van verskeie modelle (almal met 'n element van waarheid daarin) ontstaan die vraag: *Watter model kan tydens terapie gevolg word?* Om sake verder te kompliseer, is daar verskeie tipe gesinne met verskillende problematiek. Hieruit ontstaan die volgende vraag: *Sal die gekose model die spesifieke gesin se problematiek aanspreek?* (Olsen 1993:34).

Dit is nie die doel van hierdie studie om alle gesinsterapeutiese modelle te bestudeer totdat 'n optimaal toepaslike model gevind word nie. Die navorser se oogmerk is om 'n *pakket* van gesinsterapeutiese metodes spesifiek op die hersaamgestelde gesin toe te pas. Die hersaamgestelde gesin verg volgens die navorser 'n wyer benadering tot terapie as gevolg van die kompleksiteit van dié gesinsamestelling en die unieke problematiek daaraan verbonde (Hoofstuk 2).

Tydens die bestudering van die literatuur het die navorser op 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model afgekom. Die navorser ag hierdie model waardevol en sal dit gebruik vir die doel van hierdie studie, naamlik geïntegreerde gesinsterapie met die hersaamgestelde gesin. Die navorser is van mening dat hierdie model uiters bruikbaar is en het aanklank daarby gevind, aangesien dit verskeie erkende en gerespekteerde metodes uit die veld van gesinsterapie gebruik, onder meer die –

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- probleemoplossingsmetode
- interaksionele metode
- strukturele metode
- kognitiewe metode
- multigeneratiewe metode en
- objekrelasiemetode.

Bogenoemde ses metodes word dus gesamentlik gebruik as 'n geïntegreerde model om 'n gesin volgens hul spesifieke problematiek te help. Daar word dus nie vanuit 'n enkele metode gewerk nie. Die geïntegreerde model wat die navorser gaan gebruik, is saamgestel deur David.C Olsen, 'n pastorale gesinsterapeut en outeur van die boek *Integrative family therapy*.

Hierdie model word vervolgens diagrammaties voorgestel (Diagram 4, p. 77), sodat die leser 'n visuele indruk daarvan kan kry. Daarna word die ses metodes waaruit die geïntegreerde gesinsterapeutiese model saamgestel is, breedvoerig en sorgvuldig bespreek.

## 3.2 Die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen

Die geïntegreerde benadering tot gesinsterapie van David.C Olsen behels 'n duidelike en sistematiese terapeutiese werkwyse. Die rasionaal agter die model word vervolgens voorgehou, soos uit Olsen (1993:53-55) verkry.

Eerder as om deur die lens van 'n enkele metode na die gesin se problematiek te kyk, word 'n reeks stappe (metodes) gevolg, totdat die terapeut by die kern van die problematiek uitkom. Hierdie model bied geleentheid vir die ontvouing van die probleem sonder dat die terapeut sy of haar verwysingsraamwerk op die gesin afdwing.

Die model begin op die mees eenvoudige en voor die hand liggende vlak (sien Diagram 4, p. 77), wat probleemoplossing (Sessie 1) behels. Aangesien hersaamgestelde gesinne se problematiek kompleks en diepgaande is, is die aanleer van probleemoplossingsvaardighede gewoonlik nie voldoende om die gesin te help nie. Tog is dit 'n belangrike voorkomende vaardigheid om aan te leer (Olsen 1993:57).

Op die volgende vlak word die interaksionele metode (Sessie 2) toegepas. Assessering op elke vlak lei of tot die oplossing van die probleem of tot verdere beweging deur die vlakke tot 'n volgende (dieper) vlak. Gevolglik word daar tot Sessie 3 oorgegaan, waartydens die terapeut volgens die strukturele metode te werk gaan en veral aan die gesinstruktuur aandag gee. Indien die gesin se situasie van sodanige aard is dat dieper ingryping vereis word, volg Sessie 4, wat die kognitiewe metode behels. Die terapeut vestig die aandag hier op die gesin se kognitiewe gelowe.

Die multigeneratiewe metode wat Sessie 5 uitmaak, is die laaste vlak van die model. Die hele gesin is hier teenwoordig. Na afloop van die vorige sessies bepaal die terapeut of dit nodig is dat sommige gesinslede individuele terapie (objekrelasiemetode) moet ontvang, wat dan tydens Sessie 6 gedoen word.

Die geïntegreerde gesinsterapeutiese model word volgens die navorser as 'n tipe *glyskaal* aangewend. Die terapeut benader die gesin nie volgens sy of haar spesifieke werkwyse nie, maar die terapie word eerder deur die gesin se unieke problematiek gestuur. Die model bied 'n eklektiese perspektief op gesinsterapie. Die metodes waaruit die model saamgestel (geïntegreer) is, is almal erkende metodes, maar word gewoonlik elkeen afsonderlik as 'n enkele werkwyse gebruik (Olsen 1993:73). Die navorser se oogmerk is juis om hierdie metodes in 'n geïntegreerde model te gebruik, aangesien die hersaamgestelde gesin 'n multiproblematiese situasie skep. Die vraag bly: *Hoe kan 'n enkele metode die hersaamgestelde gesin se problematiek optimaal aanspreek?*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Diagram 4: Die geïntegreerde gesinsterapeutiese model van David.C Olsen:**




(Olsen 1993:42)

## 3.3 Metodes wat Olsen gebruik vir die samestelling van sy geïntegreerde gesinsterapeutiese model

Die struktuur van die ses metodes sal ter wille van duidelikheid onder dieselfde opskrifte bespreek word, naamlik:

1. Teoretiese konstrukte
2. Terapeutiese strategieë
3. Tegnieke
4. Kritiese beskouing deur die navorser

### 3.3.1 Probleemoplossingsmetode

Die filosofie waarop die probleemoplossingsmetode berus, is gebaseer op die perspektief dat verandering konstant en onvermydelik is. Die klem in terapie val op wat moontlik en veranderbaar is. Die fokus is dus op oplossings en bevoegdhede, eerder as op probleme. Klein stappe word geneem om verandering te inisieer en na mate die proses vorder, vind verandering plaas. Die primêre doel is om die gesin se huidige probleem aan te spreek. Hierdie metode poog om die gesin se perspektief op 'n subtiele wyse te verander en om gesinslede se gedrag te verander, sodat oplossings vir probleme ontvou en opgelos kan word (Carlson et al.1997:59-60).

Die probleemoplossingsmetode stem volgens Nichols en Schwartz (1998:391) ooreen met *Brief therapy* (Mental Research Institute teorie). Hierdie teorie se beskouing is dat die kliënt se klagte die probleem en nie 'n simptoom van iets anders is nie. Anders as om te glo dat menslike gedrag veroorsaak word deur die intrapsigiese werkinge van 'n individu, gaan dié teorie van die standpunt uit dat gedrag, en veral 'n kliënt se problematiese gedrag, as 'n funksie van interaksie met ander mense dien (veral betekenisvolle ander mense). Die

probleemoplossingsmetode fokus dus op die ontwikkeling van die gesin se probleemoplossingsvaardighede (Gurman & Kniskern 1991:171-172).

### 3.3.1.1 Teoretiese konstrukte

Die probleemoplossingsmetode bestaan nie uit spesifieke teoretiese konstrukte soos die ander metodes wat bespreek gaan word nie. Die uiteindelike doel van hierdie metode is om die kliënt se huidige problematiek aan te spreek. Ten einde dit te bewerkstellig, is intervensie daarop toegespits om die gesin (of lede daarvan) se perspektief op die probleem te verander en om terselfdertyd ook die gesin se probleeminstandhoudende gedrag te laat ophou.

Hierdie werkwyse is volgens Olsen (1993:21-22) 'n eenvoudige, korttermyn gesinsterapeutiese metode wat fokus op die ontwikkeling van die gesin se probleemoplossingsvaardighede. Die gesin bepaal die spesifieke probleem waaraan gewerk moet word. Die terapeut maak gebruik van verskeie take wat tydens terapie, maar ook tuis, uitgevoer moet word om die gesin te help om hul probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en om die probleem wat hulle vir terapie laat kom het, te hanteer. Probleemoplossingsterapeute se strategiese benadering is dat sukses met probleemoplossing ook na ander areas van die gesinslewe sal uitkring. 'n Probleemoplossingsterapeut gaan van die veronderstelling uit dat die probleem wat 'n gesin (of lid daarvan) na die sessie toe bring, deur die kliënt en andere waarmee hy of sy interaksie het, in stand gehou word. Indien hierdie probleeminstandhoudende gedrag genoegsaam verander of uitgeskakel word, sal die probleem opgelos word. Hierdie metode is voor die hand liggend. Dit probeer nie om dieperliggende kwessies te verstaan of aan te spreek nie. Die fokus is eerder daarop dat problematiek in 'n gesin bloot op 'n tekort aan probleemoplossingsvaardighede dui.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.3.1.2 Terapeutiese strategieë

Die strategie wat die terapeut moet volg is volgens Olsen (1993:21-22) om die kliënt of gesin in hul probleemoplossing by te staan, of om vir die gesin probleemoplossingsvaardighede aan te leer. Die terapeut moet deur die gesin gelei word. Soms is dit slegs nodig dat die terapeut empaties luister terwyl die kliënt oor sy of haar emosies praat en dan self die oplossing vir die probleme insien.

Probleemoplossingsvaardighede in die vorm van verskeie probleemoplossingstappe, wat deur die terapeut aan die gesin voorgehou word, sal vervolgens bespreek word. Wat volgens die navorser belangrik is, is dat die terapeut nie die probleem namens die gesin moet oplos nie, maar hulle moet help om self hul eie probleme op te los.

3.3.1.3 Tegnieke

Die tegnieke wat tydens die probleemoplossingsmetode gebruik word, is opgesluit in die stappe wat lei tot probleemoplossing (probleemoplossingsvaardighede). Die navorser maak van die prakties toepaslik en eenvoudige stappe van Borck en Fawcett (1982:64-78) gebruik:

**Stap 1**: Die terapeut versoek 'n probleemstelling van die kliënt(e) deur middel van oop vrae om die kernprobleem te identifiseer.

**Stap 2**: Definieer die probleem in duidelike en spesifieke terme. Maak seker dat alle betrokkenes saamstem met die definisie van die probleem.

**Stap 3**: Verduidelik die probleemoplossingsproses, asook die rasionaal waarom dit gebruik word.

**Stap 4**: Noem die bruikbaarheid van die probleemoplossingsproses, sodat die gesin op hul gemak kan voel en gemotiveer kan word.

**Stap 5**: Identifiseer alternatiewe oplossings. Alle alternatiewe moet genoem word, al klink dit onrealisties.

**Stap 6**: Som die alternatiewe oplossings op deur dit neer te skryf.

**Stap 7**: Wys die gesin die lys, sodat hulle maksimaal by die proses betrokke bly.

**Stap 8**: Bespreek die moontlike gevolge van elke alternatiewe oplossing. Die positiewe en negatiewe gevolge word geanaliseer.

**Stap 9**: Gee aan elke alternatief 'n punt in ooreenstemming met die mate van bevrediging wat die alternatief bied.

**Stap 10**: Selekteer die beste alternatief.

**Stap 11**: Bepaal deur middel van oop vrae of die gesin met die keuse tevrede is.

**Stap 12**: As die gesin tevrede is, moet die terapeut sy of haar ondersteuning bied, asook verdere hulp om, indien nodig, die keuse uit te voer.

**Stap 13**: Indien die gesin nie met die keuse tevrede is nie, moet verdere alternatiewe geïdentifiseer word. Stappe 8 -12 word dan weer herhaal.

(Olsen het nie spesifieke stappe tot probleemoplossing in sy model voorgestel nie.)

#### 3.3.1.4 Kritiese beskouing

Volgens die navorser is die grootste beswaar teen die probleemoplossingsmetode dat, wanneer daar na die problematiek van die gesin gekyk word, die fokus uitsluitlik op die gesin se probleemoplossingsvaardighede val. Alle probleme in die gesin word dus teruggelei na die gesin se vermoë om hulle probleme op te los, terwyl geen aandag aan intrapsigiese faktore gegee word nie. Terapie word ook slegs bepaal deur die manier waarop die terapeut die probleem konseptualiseer. Die terapeut gaan verder van die veronderstelling uit dat indien probleeminstandhoudende gedrag verander word, die probleem sal verdwyn. Volgens voorstanders van die probleemoplossingsmetode sal sukses in probleemoplossing wat tydens terapie aangeleer word, vanselfsprekend uitkring na ander areas van die gesin se lewe. Die terapeut maak dus die aanname dat die gesin dit wat hulle tydens terapie geleer het, sal toepas sodra daar weer 'n probleem ontstaan.

Die probleemoplossingsmetode is wel waardevol omdat dit 'n eenvoudige metode is en omdat baie gesinne nie oor effektiewe probleemoplossings-vaardighede beskik nie. Die navorser is egter van mening dat die hersaamgestelde gesin 'n komplekse eenheid is en dat dit slegs 'n tydelike oplossing sal bied om die gesin probleemoplossingsvaardighede te laat aanleer. Die vraag hier is: *Sal probleemoplossing 'n langtermynoplossing bied?*

### 3.3.2 Interaksionele metode

Gesinsverhoudinge is volgens Olsen (1993:25) die produk van kommunikasie wat sirkulêr plaasvind. Kommunikasie is bepalend vir die individuele gesinslid se selfkonsep. Wanfunksionering kom as gevolg van kommunikasieprobleme in 'n gesin voor. Kommunikasie vind verbaal of nie-verbaal plaas en dra nie net inligting en feite oor nie, maar omskryf ook die tipe verhouding wat tussen die

twee kommunikeerders bestaan. 'n Belangrike aspek van die interaksionele metode is gesinne se onvermoë tot metakommunikasie. Gevolglik word daar gepoog om gesinne se disfunksionele interaksionele style te verbreek (Van der Westhuizen 1997:38; Becvar & Becvar 2000:222).

Die fokus van die interaksionele metode is op nie-effektiewe kommunikasiepatrone en interaksies in en tussen sisteme. Terapeute beklemtoon veral die volgende (Becvar & Becvar 2000:222):

- Die manier waarop inligting ontvang en oorgedra word (sintaksis).
- Die duidelikheid waarmee kommunikasie oorgedra en ontvang word (semantiek).
- Die behavioristiese effek van kommunikasie (verbaal of nie-verbaal) (pragmatiek).

Terapeute identifiseer simptome as kommunikasieboodskappe en soek dan gedragsopeenvolging wat probleme in stand hou. Die doel van die interaksionele metode is dus die opheffing van destruktiewe gedrag wat simptome stimuleer en versterk. Afbrekende en disfunksionele kommunikasiestyle waarin gesinne verval het, moet dus uitgeskakel word (Van der Westhuizen 1997:38-39).

3.3.2.1 Teoretiese konstrukte

Interaksionele terapeute gee nie aandag aan die interne struktuur van individue nie, maar konsentreer eerder op individue se insette en uitsette, dit wil sê op kommunikasie. Die verlede kry ook nie aandag nie; daar word eerder patrone gesoek, sodat gedrag binne die konteks van die hede verstaan kan word. Die leiers van die interaksionele metode het verskeie aksiomas of beginsels van interpersoonlike implikasies van kommunikasie saamgestel wat die belangrikste konstrukte van die interaksionele metode saamvat. Dit word ter uitbreiding van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die leser se begrip van hierdie metode uit Goldenberg en Goldenberg (2000:220-222) soos volg uiteengesit:

- **Dit is onmoontlik om nie te kommunikeer nie**

Alle gedrag wat in die teenwoordigheid van ander plaasvind, het betekeniswaarde. Kommunikasie sluit verbale en nie-verbale kommunikasie in, sowel as die konteks waarbinne die kommunikasie plaasvind. Boodskappe word deur die konteks waarin dit plaasvind, gekwalifiseer.

- **Kommunikasie bevat inhoudelike en verhoudingsaspekte**

Kommunikasie dra nie net inligting en feite oor nie, maar omskryf ook die tipe verhouding tussen twee kommunikeerders. Om disfunksionele kommunikasie te verander, moet betrokkenes hulle kommunikasie bespreek, hul gedrag ontleed en hul emosionele reaksies en die inpak van die interaksie op die verhouding ontleed. Hierdie bespreking word *metakommunikasie* genoem. Metakommunikasie verwys na kommunikasie oor kommunikasie en speel 'n belangrike rol in effektiewe interaksie.

- **Punktuasie van kommunikasie**

Die verdeling van die kommunikasieproses in 'n boodskap, interaksie en sekwensies van interaksie word *punktuasie* genoem. Elke persoon punktueer sy realiteit op grond van hoe hy of sy kommunikasie waarneem. 'n Vrou kla byvoorbeeld dat haar man altyd laat is, terwyl die man aanvoer dat hy laat is omdat sy vrou te veel kla. In 'n reeks interaksies is dit dus nie altyd duidelik wat die stimulus en wat die respons is nie. Elke persoon beskou die ander persoon as die oorsaak van die konflik.

- **Digitale en analogiese kommunikasie**

Digitale kommunikasie dui op verbale kommunikasie. Dit dui op die kodering en oordra van gesproke of geskrewe taal. Analogiese kommunikasie dui op alle nie-verbale kommunikasie. Digitale kommunikasie is veral belangrik in die oordra van inligting (ten opsigte van kennisoordrag), terwyl analogiese kommunikasie op die nie-verbale en verhoudingsvlak dui.

- **Konteks van kommunikasie**

Die konteks waarin kommunikasie plaasvind, gee betekenis aan kommunikasie en gedrag. As die totale konteks nie bekend is nie, kan gedrag en kommunikasie verwarrend en selfs patologies voorkom. Wanneer kommunikasie geëvalueer word, moet die konteks waarin dit plaasvind altyd by die evaluasieproses ingesluit word.

- **Simmetriese, komplementêre en wederkerige interaksie**

'n Komplementêre verhouding is gebaseer op twee mense wat gedrag uitruil wat inpas by mekaar of wat mekaar aanvul, byvoorbeeld die dominante man en sy afhanklike vrou wat in 'n ondergeskikte posisie is. 'n Metakomplementêre verhouding impliseer dat 'n persoon in beheer is van hoe die ander persoon die verhouding definieer. Voorbeeld: Die patalogies jaloerse vrou wat haar man gedurig van ontrou beskuldig, sal veroorsaak dat die man minder by die huis wil wees, wat weer die vrou se vermoede van ontrouheid sal versterk. Simmetriese interaksie word gekenmerk deurdat die gedrag van die betrokkenes in die verhouding ooreenstem, byvoorbeeld albei huweliksmaats wat dominant wil wees en aan mekaar wil voorskryf in die huwelik. Wederkerige interaksies kom voor wanneer die betrokkenes aspekte van òf simmetriese òf komplementêre interaksie toon, namate die situasie dit vereis.

Die vorm van die interaksionele proses is nie op sigself reg of verkeerd nie. Dit moet altyd geëvalueer word ten opsigte van die konteksbetekenis wat daaraan geheg word, hoe dit in stand gehou word en watter funksie die gedrag van die betrokkenes ten doel het.

- **Kommunikasie kan paradoksaal wees**

'n Paradoks ontstaan as een voorskrif op 'n konflikterende wyse deur 'n ander gekwalifiseer word. 'n Paradoks kan ook net ontstaan wanneer een persoon konflikterende voorskrifte aan 'n ander persoon stuur. Onderliggend aan die paradoks lê dubbele boodskappe. Die ontvanger ontvang op dieselfde tyd twee onversoenbare boodskappe van 'n belangrike persoon binne 'n situasie waaruit hy of sy nie kan kom nie. As 'n voorbeeld kan genoem word 'n vrou wat haar man versoek om meer met haar te praat en dan 'n rusie uitlok en vir haar man sê dat sy nie meer met hom wil praat nie. (Van der Westhuizen 1997:43-50; Becvar & Becvar 2000:221).

3.3.2.2 Terapeutiese strategieë

Om die gesin se huidige probleem op te los, moet die gesin se interaksiepatroon verander. Die doel is dus om die patrone te verbreek wat die disfunksionele gedrag van die gesin in stand hou en om nuwe gesinsgedrag voor te hou, sodat die huidige probleem kan verdwyn. 'n Belangrike metode om gedrag te verander, is om versteekte boodskappe in die ope te bring. Die terapeut is 'n buitestaander wat die verandering en reëls kan bring wat nodig is vir verandering. Vanuit die posisie van 'n buitestaander kan die terapeut òf problematiese opeenvolging identifiseer en dit manipuleer om terapeutiese verandering te bewerkstellig (Nelsen 1983:14-15).

Twee strategieë bestaan volgens Olsen (1993:61-62) in hierdie verband:

1. Beklemtoning van kommunikasieprobleme. Daar word staat gemaak op samewerking en bereidwilligheid tot verandering, sodat insig verkry kan word.
2. 'n Proses van intervensie, sodat verandering kan plaasvind.

Dit is belangrik dat 'n kliënt moet instem dat hy of sy in 'n verwantskap met die terapeut staan. Kliënte hou vol dat hulle simptome nie iets is wat hulle doen nie, maar iets wat met hulle gebeur.

Volgens Nichols en Schwartz (1998:78) gebruik terapeute paradokse om verandering te bewerkstellig. Die interaksionele metode se perspektief is nie om diepgaande waarhede in die kliënt se onderbewuste te ontdek nie, maar eerder om vindingryke terapeutiese paradokse te skep waarvan kliënte slegs kan ontvlug deur hul simptome prys te gee. Die terapeute beveel 'n simptoom aan, waarvolgens die kliënt gevra word om 'n *onvrywillige* gedrag *vrywillig* uit te voer. As voorbeeld kan verwys word na 'n patalogies jaloerse vrou wat aanbeveel word om die hele tyd op haar man jaloers te wees. Een van twee veranderinge kan plaasvind:

1. Die kliënt voer die simptomatiese gedrag uit en erken dat dit willekeurig is, of
2. Die kliënt gee die simptoom prys.

Gesinsisteme word deur afbrekende simptome in stand gehou sodat 'n ekwilibrium behou kan word. Gesinne kan dus vasgevang word in afbrekende patrone. Die taak van die terapeut is om die gesinsisteem te verander sodat afwyking nie nodig is om homeostase te behou nie.

Volgens Becvar en Becvar (2000:222) kan vier stappe gebruik word om die probleem te hanteer:

1. Definieer die probleem in duidelike en konkrete terme.
2. Ondersoek alle oplossings wat voorheen vir die probleem gepoog is.
3. Definieer die verandering wat bewerkstellig moet word in duidelike en konkrete terme.
4. Formuleer en implementeer 'n strategie vir verandering.

Die reël vir interaksionele terapie is dat gedrag verander word deur kommunikasie te verander. Versteekte boodskappe moet na vore kom en reëls wat paradoksale kommunikasie beheer, moet verander. Die terapeutiese verhouding is sentraal tot die proses (Becvar & Becvar 2000:222).

3.3.2.3 Tegnieke

Tegnieke van die interaksionele metode behels volgens Van der Westhuizen (1997:50-53) onder meer die volgende:

- Herformulering: Die gesin se perspektief op hul probleem moet verander sodat alternatiewe gegenereer kan word vir die oplossing van die probleem. Dit bring mee dat die konteks verander, wat weer die gesin se alternatiewe ten opsigte van gedragsverandering vermeerder. Die verhouding en konteks waarin die probleem is, moet herdefinieer word. Die terapeut moet saam met die gesin werk en hy of sy moet die elemente waaruit die probleem bestaan, herstruktueer en in 'n ander dimensie plaas.

- Voorskryf van take: Voorskrifte moet nie as bevele gesien word nie en kan subtiel of op 'n nie-verbale wyse geskied. Die terapeut kan byvoorbeeld vir die moeder aanbeveel dat sy tydens kommunikasie voortdurend oogkontak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met haar kind moet behou. Wanneer gesinne gemotiveerd is om te verander, is hulle bereid om die terapeut se voorskrifte te volg.

- Paradoksale take en die aanwending van metafore: Die terapeut spel eerstens die "voordele" wat die probleem vir die gesin inhou, aan die gesinslede uit. Die simptoom word voorgeskryf en daar word aan die gesin gesê om nie te verander nie. Wanneer die gesin tekens van verandering of verbetering toon, kan hulle teëgehou word deur te sê dat dit nie goed is om te vinnig te verander nie. Alvorens hierdie tegniek toegepas word, moet daar 'n goeie terapeutiese verhouding met die gesin bestaan.

Verdere tegnieke is volgens Olsen (1993:26) dat die gesin moet leer wat die reëls vir goeie kommunikasie is, om kommunikasiepatrone te analiseer en te interpreteer en om interaksie te manipuleer. Spesifieke reëls geld in terapie: 'n Persoon moet byvoorbeeld *ek*-verklarings gebruik en die gesinslede moet direk *met* mekaar en nie *oor* mekaar praat nie.

3.3.2.4 Kritiese beskouing

Die interaksionele metode is 'n intellektuele benadering. Die emotiewe aspekte bly op die agtergrond en die fokus is op inligting wat ingesamel en oorgedra word. Terapeute gee weinig aandag aan die interne struktuur van individue, daar word eerder gefokus op die individu se kommunikasievaardighede. Alle probleme word teruggevoer na foutiewe interaksiepatrone. Simptome word as kommunikasieboodskappe beskou en die siening is dat die probleem sal verdwyn deur slegs die patroon te verander. Groot klem word verder geplaas op die krag en kwaliteit van terapeutiese paradokse en daar word grootliks gesteun op die samewerking van die gesin, alhoewel daar in terapie groot weerstand van individue kan wees. Soos die probleemoplossingsmetode, hou die interaksionele metode 'n hoogs waardevolle element in ten opsigte van die fokus op kommunikasie. Daar moet te alle tye in gedagte gehou word dat die gesin (en

veral 'n hersaamgestelde gesin) 'n komplekse eenheid is en daar mag tydens assessering, selfs wat 'n enkele metode betref, geen ruimte vir tonnelvisie wees nie.

### 3.3.3 Strukturele metode

Die strukturele metode is deur Salvador Minuchin ontwikkel en benader die individu binne sy sosiale konteks. Minuchin (1996:2) beweer: "Therapy based on this framework is directed toward changing the organization of the family. When the structure of the family group is transformed, the positions of members in that group are altered accordingly. As a result, each individual's experiences change".

Die strukturele metode fokus volgens Carlson et al. (1997:65-68) op die hede én op die toekoms. Omgewingsfaktore kry voorkeur bo oorerflike faktore, aangesien mense as sosiale wesens holisties in die konteks van hul sosiale sisteem beskou word. Gesinstruktuur word beskou as bestaande uit 'n reeks gesinstransaksies (verbaal/nie-verbaal, bekend/onbekend). Subsisteme is 'n belangrike komponent van die gesinstruktuur waardeur verskeie gesinstake uitgevoer word. Die grense tussen subsisteme word geformuleer deur reëls wat bepaal *wie* aan die subsisteem deelneem en *hoe* individue bydra. Die reëls bied dus vir die gesin 'n struktuur waarvolgens werksaamhede kan plaasvind om die gesin (as 'n geheel) se behoeftes te bevredig. Die doel van strukturele terapie is om probleme in die gesin op te los deur die onderliggende sistematiese struktuur te verander.

#### 3.3.3.1 Teoretiese konstrukte

Die strukturele metode sien die gesin as 'n geïntegreerde geheel of sisteem. Daar bestaan ook subsisteme waaraan die gesinslede en ander organisasies in die gemeenskap behoort. Dié metode beskryf 'n delikate balans tussen stabiliteit en verandering. Die stabiliteit moet saamgaan met die gepaste transisies en

veranderinge in die struktuur, sodat die gesin 'n funksionele ontwikkelende konteks kan wees (Becvar & Becvar 2000:197).

Daar bestaan drie sleutelkonsepte, wat vervolgens uiteengesit word:

## 1. Struktuur

Die gesinstruktuur ontstaan uit die daarstelling van onsigbare reëls wat die interaksies tussen gesinslede voorskryf en organiseer. Herhaalde interaksies vorm interaksiepatrone van *hoe*, *wanneer* en *teenoor wie* verhoudings wat gesinslede se gedrag reguleer, opgebou word. Die gesin is dus 'n sisteem wat deur middel van interaksiepatrone funksioneer. Die gesin se struktuur word beheer deur twee algemene sisteme van begrensing. Die eerste sisteem behels 'n generiese of universele sisteem. Alle gesinne het volgens hierdie sisteem 'n tipiese hiërargiese struktuur. Hiervolgens het ouers meer outoriteit as kinders en ouer kinders meer outoriteit as kleiner kinders. 'n Belangrike aspek hiervan is die wederkerige en aanvullende funksies, wat onderskei kan word deur die etikette wat gesinslede daaraan gee en wat die rolle en funksies wat dit dien, aandui. Die tweede begrensingsisteem is 'n idiosinkratiese of individualistiese sisteem. Dit behels reëls en patrone wat deur die geskiedenis van elke unieke gesin in stand gehou word. Met verloop van tyd kan die rasionaal vir die uitvoer van hierdie reëls en patrone verlore raak. Tog kan dit ook deur die gesinstruktuur behou word, aangesien dit gerusstellende waarde vir die gesinslede kan inhou (Becvar & Becvar 2000:197-198; Gladding 1995:198; Minuchin 1996:51-52; Goldenberg & Goldenberg 2000:198-200).

## 2. Subsisteme

Volgens Becvar en Becvar (2000:198) word die gesinsisteem se funksies deur subsisteme verrig. Elke individu in 'n gesin behoort aan 'n subsisteem binne die gesinsisteem. Subsisteme kan op grond van geslag, ouderdom, belangstelling

en funksies binne die gesin gevorm word. Die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede word binne die subsisteme moontlik gemaak. Die reëls rondom subsisteme vir die funksionele gesin word volgens die hiërargie bepaal. Daar bestaan drie subsisteme:

- Die egpaarsubsisteem: Die terapeut moet die egpaar help om hulle grense af te baken en te beskerm. Onderhandeling en akkommodasie is belangrik vir die bou van 'n suksesvolle egpaarsubsisteem.
- Die ouersubsisteem: Hierdie sisteem begin met die geboorte van die eerste kind. Die egpaarsubsisteem moet nou differensieer om die taak van sosialisering van kinders te verrig sonder om wedersydse ondersteuning te verloor. 'n Grens moet getrek word wat die kind toegang tot albei ouers toelaat, maar van die egpaar se funksies uitsluit.
- Kinder- of broer-suster-subsisteem: Hierdie sisteme is die eerste plek waar kinders met portuurverhoudings kan eksperimenteer. Vaardighede soos onderhandeling, kompetering en samewerking word in die gesin geleer en dan buite die gesin toegepas. Ook dit wat hulle in die buitewêreld leer, mag na die gesin teruggebring word (Minuchin 1996:56-60; Becvar & Becvar 2000:198-200; Gladding 1995:198-199; Goldenberg & Goldenberg 2000:200-201; Nichols & Schwartz 1998:245).

## 3. Grense

Grense definieer die hoeveelheid en tipe kontak wat tussen die gesinslede toelaatbaar is en word deur die gesin bepaal. Vir effektiewe funksionering van die gesin moet die grense van die subsisteme duidelik gedefinieer wees. Sodoende kan die subsisteme se funksionering sonder inmenging plaasvind en terselfdertyd kontak tussen lede van die subsisteem en ander subsisteme toelaat (Becvar & Becvar 2000:200).

Volgens Minuchin (1996:53-55) kan die grense tussen subsisteme soos volg op 'n kontinuum voorgestel word:

- Rigiede grense: Daar is afstand en onbetrokkenheid tussen gesinslede. Die subsisteme is geïsoleerd en 'n hoë premie word op individualiteit, onafhanklikheid en aktiwiteite buite die gesin geplaas. Daar is die minimum kommunikasie tussen gesinslede en die gesin is gewoonlik outoritêr.
- Duidelike grense: Daar is duidelike en buigbare reëls, sodat subsisteme spontaan en openlik kan funksioneer. In-en-uit-beweging van gesinslede vind plaas en daar bestaan 'n balans tussen afhanklikheid en onafhanklikheid in die gesin.
- Verstrengelde grense: Grense is vaag, té deurdringbaar en daar is 'n gebrek aan afbakening tussen subsisteme. Gesinslede is oorafhanklik van mekaar en persoonlike onafhanklikheid en outonomiteit word as 'n bedreiging ervaar

(Nichols & Schwartz 1998:245-246; Goldenberg & Goldenberg 2000:201-202; Nichols 1996:289-290).

Verdere konstrukte behels volgens Van der Westhuizen (1997:60-63) die volgende:

- Reëls: Binne 'n gesin is daar gewoonlik 'n aantal reëls wat gedrag reguleer.
- Lewensiklus van die gesin: Dit behels die ontwikkelingstake en die ontwikkelingsfases waarin elke gesinslid hom of haar bevind.
- Koalisievorming: Twee gesinslede ondersteun mekaar met uitsluiting van 'n ander gesinslid.
- Kliekvorming: Probleme tussen twee gesinslede word nie direk en openlik tussen hierdie twee persone opgelos nie, maar 'n derde persoon word ingebring om deel van die proses te word.

### 3.3.3.2 Terapeutiese strategieë

Volgens strukturele terapeute is die sleutel tot sukses in 'n gesin die gesin se vermoë om aanpasbare veranderinge in die struktuur, relatief tot die gesinsomstandighede en die ontwikkelingsfases van die gesinslede, aan te bring. Probleme word in die hele gesin weerspieël en strukturele terapie sal dus al die gesinslede insluit. In die assesseringsprosedure word mense en sisteme buite die gesin, maar wat die gesin se struktuur beïnvloed, ook in gedagte gehou. Die primêre fokus van strukturele terapie is die struktuur van die gesin, terwyl die terapeut ook bedag bly op die probleme van die individu (Becvar & Becvar 2000:209; Gladding 1995:207).

Becvar en Becvar (2000:209-210) se omskrywing van die doel van strukturele terapie kan soos volg uiteengesit word:

- 'n Effektiewe hiërargiese struktuur is noodsaaklik. Ouers is dus in beheer van die kinders. Ouers is ouers en kinders is kinders.
- Ouerkoalisie is ook noodsaaklik. Die ouerpaar moet 'n eenheid vorm en soos een optree.
- Namate die ouers 'n koalisie vorm, sal broer-suster-subsisteme ook 'n sisteem word. Die broers en susters leer, ooreenkomstig hul ouderdom, korrekte gedrag van mekaar.
- Indien die gesin se grense rigied is, is die doel om na meer duidelike en realistiese grense van kontak met mekaar te beweeg.
- Indien die gesin se grense verstrengeld is, is die algemene doel om distansie tussen individue en subsisteme te bewerkstellig.
- Daar moet 'n egpaarsubsisteem, apart van die ouersubsisteem, wees. Ouers moet besef dat hulle ook *man en vrou* is en nie net *pa en ma* nie.

Becvar en Becvar (2000:210) identifiseer drie fases in strukturele terapie:

1. Die terapeut sluit aan by die gesin en neem 'n leierskapsposisie aan.
2. Die terapeut stel die onderliggende struktuur van die gesin vas.
3. Die terapeut transformeer die gesinstruktuur.

Strukturele terapie is aksiegeorienteerd en terapeute fokus tydens die sessies daarop om invloed te verkry. Die fokus val op *hier-en-nou*-aktiwiteite: rolspel en spontane, behavioristiese opeenvolging. Tydens 'n rolspel vra die terapeut 'n demonstrasie sodat hy of sy kan waarneem hoe die gesin 'n spesifieke probleem hanteer en hoe opeenvolging van gedrag voorkom. Laasgenoemde aktiwiteit beskryf interaksies wat as 'n natuurlike deel van hul patroon in die gesin plaasvind (Becvar & Becvar 2000:210-211).

Stappe in die behandelingsproses behels volgens Nichols en Schwartz (1998:254-255) die volgende:

1. Binding en akkommodasie: Die doel van hierdie stap is om 'n effektiewe terapeutiese verhouding met die gesin te bewerkstellig.
2. Strukturele diagnose: Die doel is die bied van 'n raamwerk van inligting wat vir die probleem in die gesinsisteem relevant is en terselfdertyd ontvanklik is vir strukturele intervensie.
3. Herstrukturering: Die doel is die ontwikkeling van 'n gesinstruktuur wat bevoeg is om toekomstige stresvolle situasies te hanteer.

3.3.3.3 <u>Tegnieke</u>

Die tegnieke van strukturele gesinsterapie behels volgens Van der Westhuizen (1997:63-70) die volgende:

- Binding: Dit behels al die aksies wat die terapeut aanwend om 'n terapeutiese verhouding met die gesin te bou.

- Akkommodasie: Dit beskryf die terapeut se waarneming en begrip van die gesin se organisasie, styl en struktuur. Die terapeut moet ook die krag van die gesin se interaksiepatrone begryp en aanvaar.

  Akkommodasietegnieke behels onder meer:

  - Instandhouding: Die terapeut probeer doelbewus om die individu of gesin te ondersteun.
  - Spoorsny *(tracking)*: Die terapeut volg die inhoud en prosesse van die kommunikasie en gedrag van die gesin en moedig hulle aan om met mekaar te praat. Hy of sy stel vrae om duidelikheid te verkry, stem met hulle saam wanneer nodig, stel belang, luister, reflekteer en konfronteer. Op hierdie manier verken die terapeut dus die gesin se struktuur.

- Diagnosering: Dit is die werkhipotese wat die terapeut ontwikkel uit sy ervarings en observasies deur middel van binding met die gesin. Laasgenoemde verskil van psigiatriese diagnose, waar inligting eers ingesamel word en 'n etiket daarna aan die komplekse inligting gegee word.
- Terapeutiese kontrak: Die terapeut en gesin moet saamstem oor die aard van die probleem en doelwitte vir verandering.
- Herstruktureringstegnieke: Herstrukturering is die terapeutiese intervensies wat die gesin uitdaag en konfronteer om te verander.

  Herstrukturering behels onder meer:

  - Aktualisering van die gesin se interaksionele patrone: Die terapeut kyk dieper en verder as die gesin se verbale selfbeskrywings van die probleem.
  - Uitspeel van interaksionele patrone: In plaas daarvan om die probleem te bespreek, vra die terapeut die gesinslede om die probleem uit te speel (rolspel).
  - Skep van kommunikasiekanale: Die terapeut dwing gesinslede om met mekaar te praat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Manipulering van ruimte: Die terapeut kyk hoe die gesin gaan sit as hulle inkom; wie koalisies met wie vorm.

- Afbakening van grense: Deurdringbaarheid van grense moet verkry word. Verstrengelde grense moet verstewig word en rigiede grense moet meer buigbaar gemaak word. Omlyning van individuele grense moet plaasvind deurdat die terapeut gesinslede dwing om met mekaar te praat en na mekaar te luister. Omlyning van subsisteemgrense is ook nodig, sodat onnodige inmenging deur ander subsisteme verhoed kan word.
- Verhoging van stres binne die gesin: Hierdeur word nuwe kontekste en veranderde omstandighede aan lede in die gesin verskaf waarby hulle moet aanpas en herstruktureer. Die volgende is voorbeelde van hoe stres in die gesin kan verhoog:

  - blokkering van interaksionele patrone
  - beklemtoning van verskille
  - binding met koalisies.

- Werkopdragte word binne en buite die sessie toegeken. 'n Taak binne die sessie kan die manipulering van die ruimte behels, byvoorbeeld om die kind te vra om sy stoel te skuif, sodat die ma nie vir hom kan wys om stil te bly nie. Take buite die sessie behels huiswerk wat aan die gesin gegee word om tuis te doen, en waaroor tydens die volgende sessie terugrapporteer word, (byvoorbeeld oor die toepassing van meer realistiese reëls waarop die gesin ooreengekom het).
- Gebruik van simptome: Hierdie tegnieke kan ook as paradoksale tegnieke beskou word en sluit in:

  - om te fokus op die simptoom
  - vergroting van die simptoom
  - onderbeklemtoning van die simptoom

- beweging na 'n nuwe simptoom
- herdefiniëring van die probleem
- verandering van die effek van die simptoom.

Die navorser het in die voorgaande slegs die belangrikste tegnieke van die strukturele metode uitgelig. Daar is wel nog ander tegnieke van hierdie metode beskikbaar (Gladding 1995:202-206; Carlson et al. 1997:66-68; Minuchin 1996:123-137; Nichols & Schwartz 1998:256-265).

3.3.3.4 Kritiese beskouing

Die navorser het nie veel kritiek oor die strukturele metode nie. Minuchin sien die gesin as 'n komplekse struktuur. Die ontwikkelingsfases van gesinslede en mense en sisteme buite die gesin word ook tydens assessering in aanmerking geneem. Wat vir die navorser waardevol is, is die feit dat die fokus op die gesin is, terwyl die terapeut ook bedag bly op individuele problematiek. Die fokus bly egter moontlik te lank op die hier en nou, terwyl daar nie veel aandag geskenk word aan moontlike problematiek wat uit die geskiedenis van die gesin kon ontstaan het nie. Die grootste kritiek wat die navorser egter teen die strukturele metode het, is die rol van die terapeut. Die terapeut het volgens die navorser 'n rol wat té prominent is. Die terapeut neem te veel verantwoordelikheid in die terapeutiese proses. Daar word van die terapeut verwag om subjektief sowel as objektief te wees. Die terapeut moet met die gesin bind, maar terselfdertyd ook sy of haar eie waarnemings maak.

3.3.4 Kognitiewe metode

Die navorser sal in die hieropvolgende bespreking van die kognitiewe metode van die voorgestelde struktuur afwyk. Die kernelemente van die kognitiewe metode word aan die hand van Olsen (1993:27-29) bespreek, aangesien hierdie outeur volgens die navorser die duidelikste omskrywing van die kognitiewe metode bied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kognitiewe metode fokus op kognitiewe distorsies wat verwys na die geloof waaraan mense vashou ten opsigte van die betekenis van gebeure, kommunikasie, en so meer. Hierdie geloof of kognisies kan dit wat werklik gesê word, verwring. Op dié manier word kommunikasie tussen huweliksmaats en gesinslede verdraai. Die kognitiewe metode poog om sodanige distorsies te verstaan en te korrigeer, sodat kommunikasie glad kan verloop. Daar word met die gebruik van hierdie metode dus gefokus op algemene denkpatrone en onderliggende gelowe oor gesins- en huweliksverhoudinge in die gesin.

Die kognitiewe metode se doel is om die persoonlike gelowe wat veroorsaak dat verhoudings misluk, te herken en om die gesin te help om die kognitiewe kaart, wat deur elke gesinslid gebruik word om kommunikasie te interpreteer, te identifiseer. Die kognitiewe kaart verwys na die kerngelowe wat mense ten opsigte van verhoudings aanhang. 'n Man wat glo dat liefde bewys word deur sy vrou se vermoë om sy gedagtes te lees en instinktief te weet wat sy behoeftes is, sal byvoorbeeld glo dat sy vrou nie vir hom lief is as sy nie aan al sy behoeftes voldoen nie.

In die algemeen poog kognitiewe terapeute om gesinne se geloof- of kognitiewe sisteme oor verhoudings, wat gewoonlik nie geverbaliseer word nie, te verstaan. As voorbeeld kan verwys word na 'n vrou wat glo dat as haar man haar in een opsig teleurstel, hy haar nie liefhet nie. Aangesien hierdie kognitiewe distorsies outomaties gebeur, is gesinslede gewoonlik nie bewus van hoe hulle hul kommunikasie verwring deur hul kognitiewe kaarte nie. Kognitiewe terapeute ondersoek meer spesifiek kognitiewe distorsies wat verwant is aan spesifieke siklusse van interaksie tussen mense. Hulle gebruik dit dan om gesinne of huweliksmaats te laat verstaan hoe hulle hul kommunikasie verwring. Die interaksiesiklus kan soos volg uit Olsen (1993:45) voorgestel word:

A: Aktiverende gebeurtenis

B: Geloofsisteem

C: Gevolge

Kognitiewe terapeute begin met 'n assessering van die kognitiewe denkprofiele van huweliksmaats of gesinne. Die terapeut gebruik die gesin se eie beskrywing van hul geloofsisteem (siening) en sy of haar eie waarnemings. Gesinslede word geleer om hul disfunksionele gedagtes en die gepaardgaande emosionele reaksies te monitor. Hulle word verder geleer om hierdie kognitiewe distorsies uit te daag met rasionele verklarings, aangesien sulke verklarings meer realisties georiënteerd is.

Primêre tegnieke van die kognitiewe metode behels die opsporing van kognitiewe distorsies deur te poog om die geloofsisteem agter kommunikasie te begryp, uitdagings ten opsigte van daardie distorsies te maak en om gedragsveranderinge te weeg te bring wat die distorsies sal onderbreek. Die terapeut sal byvoorbeeld kognitiewe distorsies deur 'n eksploratiewe gesprek uitdaag. Waar 'n vrou byvoorbeeld 'n distortiewe geloofsisteem het, deurdat sy glo dat haar man telkens as hy laat werk, ontrou is, kan die terapeut haar man by die gesprek betrek om die geloofsisteem te verbreek.

### 3.3.5 Multigeneratiewe metode

Terapeute wat die multigeneratiewe metode gebruik, beskou volgens Carlson et al. (1997:46) gesinne en hul probleme in terme van die psigologiese dinamika wat van generasie na generasie oorgedra word. Die gesin word as 'n emosionele interafhanklike eenheid gesien. Die verlede word beskou as werksaam in die hede. Daar word aanvaar dat ouerskaps- en huwelikspatrone beïnvloed word deur ervaringe uit die individu se gesin van oorsprong. Inligting oor verhoudinge uit die verlede word gesien as 'n betekenisvolle wegspringplek, waarvandaan intervensies in die hede toegepas word. Hierdie metode gaan van die veronderstelling uit dat elke lid van die gesin impulsief optree uit emosie of

tradisie en onbewus is van hoe rasionaliteit gesinsverhoudinge kan verbeter. Elke gesin pas druk toe om die konformiteit van elke gesinslid te waarborg. Die gesin skep die emosionele klimaat en gedrag wat buite die gesin toegepas moet word.

Die primêre doel van die multigeneratiewe metode is om gesinslede te help om na 'n groter vlak van selfdifferensiasie te beweeg. Die doel met terapie is nie slegs insig nie, maar ook verandering. Angstigheid in die gesin moet verminder word, sodat die gesin hul vermoë kan verbeter om onafhanklik te funksioneer en simptomatiese gedrag te verminder. Murry Bowen en Ivan Boszormenyi-Nagy kan as die baanbrekers van hierdie metode beskou word (Hanna & Brown 1999:14-16; Carlson et al. 1997:46).

(Die navorser fokus veral op aspekte van Bowen se werk.)

3.3.5.1 <u>Teoretiese konstrukte</u>

Om emosionele prosesse (en kroniese angstigheid) in gesinne aan te spreek, beklemtoon Bowen (in Goldenberg & Goldenberg 2000:169) agt basiese konsepte:

1. Differensiasie
2. Emosionele sisteem
3. Multigeneratiewe transmissieproses
4. Kerngesin emosionele sisteem
5. Gesinsprojeksieproses
6. Kliekvorming
7. Sibbe se posisie
8. Gemeenskapsregressie

Hierdie konsepte word vervolgens kortliks behandel.

**Differensiasie:**

Volgens Goldenberg en Goldenberg (2000:170) bestaan daar twee aspekte ten opsigte van die differensiasieproses:

1. Die differensiasie van die self van andere.
2. Die differensiasie van gevoelsprosesse van intellektuele prosesse.

Differensiasie van die self is die mate waarin die individu kan verhoed dat sy of haar gedrag outomaties deur emosies gestuur word. Die sleutel tot volwassenheid hou verband met die mate waarin 'n individu op 'n emosionele en intellektuele vlak van sy of haar gesin van oorsprong kan loskom. Die ideaal van differensiasie is nie om emosioneel verwyderd of sonder emosies te wees nie, maar om ewewigtigheid na te streef. Die doel van selfdifferensiasie is om 'n balans tussen emosie en kognisie te skep. Multigeneratiewe terapeute gebruik die term differensiasie om na 'n proses te verwys, eerder as om na die bereiking van die doel daarvan te verwys.

Gesinslede kan op 'n kontinuum wat differensiasie voorstel, geplaas word: Aan die een kant is outonomiteit en aan die ander kant ongedifferensieerdheid. Die voorkeur is differensiasie, waar individue hul eie emosies kan balanseer. Hierdie individue kan hulself losmaak van emosionele verstrikking. Individue wat hulself kan differensieer, is buigbaar, aanpasbaar en meer selfgenoegsaam. Die probleem met ongedifferensieerdheid is dat sulke persone meer rigied en emosioneel afhanklik van andere word, terwyl gedifferensieerde persone 'n bewustheid het van die emosionele dinamika rondom hulle en dus in staat is om hierdie vlak van interaksie te bowe kom.

Die differensiasievlak van 'n individu word die beste geopenbaar in situasies met spanning, angs, konflik, ens. Voorbeeld: 'n Student wat in 'n koshuis woon, woon in die middel van die jaar sy suster se troue by, wat gepaard gaan met die

gewone spanningsituasies. Die student se vlak van selfdifferensiasie bepaal enersyds of hy genoegsaam betrokke sal wees en andersyds of hy genoegsaam verwyderd sal wees om nie by spanningsvolle gesinsgebeure betrek te word nie.

**2. Emosionele sisteem**

Die terapeut sien die gesin in terme van die gesinsisteem as 'n eenheid en nie in terme van die dinamika van die individuele lede nie. Die gesin is 'n emosionele sisteem wat bestaan uit die gesin wat in die huishouding woon, asook die uitgebreide gesin. Al die lede van die familie *woon* in die gesin se emosionele sisteem in die hier en nou, en dra by tot die gesin se unieke samestelling. *Hoeveel te meer is die hersaamgestelde gesin dus nie 'n geweldige komplekse en unieke konfigurasie nie?* (Goldenberg & Goldenberg 2000:177-178).

**3. Multigeneratiewe transmissieproses**

'n Multigeneratiewe transmissieproses verwys na die oordrag van emosionele prosesse van generasie tot generasie. Volgens Bowen is alle generasies deel van 'n volgehoue natuurlike proses. Volgens hierdie teorie vergroot die tekort aan differensiasie van generasie tot generasie. Elke generasie neig gewoonlik na 'n laer vlak: As 'n gesin byvoorbeeld 'n differensiasietelling van tien het, sal die volgende gesin se telling agt wees en die daaropvolgende gesin s'n sewe.
Die multigeneratiewe transmissieproses verwys dus na regresserende gesinsdisfunksie as die resultaat van die gesin se emosionele prosesse oor generasies (Becvar & Becvar 2000:160; Goldenberg & Goldenberg 2000:178-179).

**4. Kerngesin emosionele sisteem**

Die kerngesin is die eenheid waarmee die terapeut werk, maar die emosionele

sisteme van vorige generasies maak 'n groot deel van die terapeutiese proses uit (Becvar & Becvar 2000:157; Goldenberg & Goldenberg 2000:175-176). (Vir die doeleindes van hierdie studie is die kerngesin egter nie die eenheid waarmee gewerk word nie, maar wel die hersaamgestelde gesin. Daar word gelet op die invloed van die vorige kerngesinne op die huidige hersaamgestelde gesin.)

**5. Gesinsprojeksieproses**

Volgens Bowen reageer ouers nie op dieselfde manier teenoor elk van hulle kinders nie. Verskille in opvoeding veroorsaak verskille in die kind se funksionering. 'n Kind wat die middelpunt van sy ouers se aandag is, is geneig om meer ongedifferensieerd (laer vlak van differensiasie) te ontwikkel en is gevolglik meer kwesbaar vir emosionele spanning in die gesin. Ouers wat self lae vlakke van differensiasie het, selekteer juis die meer infantiele kind as hul objek van aandag. Bowen noem hierdie proses gesinsprojeksie. Hierdeur kry ouers die geleentheid om hul eie lae vlakke van differensiasie te projekteer op hul mees ontvanklike kind (Becvar & Becvar 2000:159; Goldenberg & Goldenberg 2000:176-177).

**6. Kliekvorming**

Daar word vanuit die multigeneratiewe metode na kliekvorming (wat ooreenstem met die konsep driehoeke) gesoek wanneer daar met 'n gesin gewerk word. Klieke kan tussen mense of tussen mense en objekte ontstaan. Hoewel vele ander moontlike verhoudings in 'n gesin kan bestaan (byvoorbeeld *twee teen twee*) fokus Bowen se teorie op klieks met drie lede. 'n Kliek kan byvoorbeeld tussen 'n ma en kind teen die stiefma ontstaan. As kroniese stres of angstigheid verby die vlak van verdraagsaamheid van 'n tweepersoonsisteem *(dyad)* beweeg, kan 'n kwesbare ander persoon ingetrek word. Die derde party word dus deur een van die lede van die *dyad* gesoek as 'n bondgenoot vir ondersteuning van sy of haar posisie in die konflik met die ander lid van die *dyad*.

As 'n voorbeeld kan genoem word dat 'n vrou angs kan ervaar omdat haar man laat werk, sy hom nie vertrou nie en dink hy is ontrou aan haar. Sy kan dan haar kind as *bondgenoot* intrek, vir die kind vertel dat die pa ontrou aan haar is en sodoende die kind se ondersteuning téén die pa verkry (Becvar & Becvar 2000:159; Nichols & Schwartz 1998:145-146; Goldenberg & Goldenberg 2000:173-175).

**7. Posisie van sibbe**

Bowen is van mening dat 'n verwantskap kan bestaan tussen die volgorde van geboorte en persoonlikheid. Hy beweer verder dat kinders se bepaalde persoonlikheidstrekke hiervolgens bepaal word. Hierdie beskouing is van waarde vir gesinsterapie aangesien die interaktiewe patrone tussen huweliksmaats verband hou met elke huweliksmaat se posisie in sy of haar gesin van oorsprong. Die posisie van 'n kind in 'n gesin hou sekere rolle en funksies in: As 'n oudste kind (wat gewoonlik meer verantwoordelik is) byvoorbeeld met 'n jongste kind trou, kan eersgenoemde geneig wees om groter verantwoordelikheid op hom- of haarself te neem. As twee jongste kinders byvoorbeeld trou, kan albei weer oorweldig voel deur verantwoordelikheid en probeer om dit te ontvlug (Becvar & Becvar 2000:160; Goldenberg & Goldenberg 2000:179).

**8. Gemeenskapsregressie**

Bowen gaan van die standpunt uit dat daar in die gemeenskap, soos in die gesin, teenoorgestelde vlakke van gedifferensieerdheid bestaan. Onder toestande van kroniese spanning (byvoorbeeld bevolkingstoename of HIV-verwante sake)
kan 'n klimaat van angs dus heers waarin 'n gevoel van samehorigheid
kan toeneem en individualisasie kan wegslyt. Die resultaat, volgens Bowen, is 'n gevoel van ongemak en verdere spanning (Becvar & Becvar 2000:160; Goldenberg & Goldenberg 2000:180).

### 3.3.5.2 Terapeutiese strategieë

Die strategie vir terapie (ongeag die aanmeldingsprobleem) het volgens Bowen (uit Goldenberg & Goldenberg 2000: 184-185) die volgende twee doelstellings:

- Vermindering van angs en verligting van simptome (wat eers bereik moet word).
- Toename in elke kliënt se vlak van differensiasie, sodat aanpasbaarheid verbeter kan word.

Uiteindelik moet oorreagerende emosionele interaksie(s) met die uitgebreide gesin aangepas word. Dit sal waarskynlik aanleiding gee tot groter selfdifferensiasie van gesinslede.

Die terapeut is volgens Bowen (uit Becvar & Becvar 2000:162-163) 'n observeerder of navorser wat in terme van sisteme dink. Dit is uiters belangrik dat die terapeut sistematies moet dink en patrone sien, eerder as om op spesifieke knelpunte te fokus. Die terapeut moet ook daarteen waak om by klieks ingetrek te word. Vir multigeneratiewe terapeute bly die primêre doel van terapie steeds selfdifferensiasie. Terapie moet selfgemotiveerd wees; dus nie deur terapeute geïnisieer nie.

Terapeute help gesinslede met intellektuele verwerking, eerder as om in die strik te trap om op die emosionele klimaat van die sessie te reageer. Terapeute streef daarna om kliënte te motiveer om te dink en om hul intense emosies te verminder deur met die terapeut te praat. Die terapeut moet egter deurgaans 'n emosionele afstand handhaaf (Hanna & Brown 1999:17).

Die differensiasieproses begin as 'n persoonlike en individuele proses. Dit progresseer in die transformasie van verhoudinge in die hele gesinsisteem. Terapie het ten doel om differensiasieprosesse reg te stel, byvoorbeeld waar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



samesmelting in die grootouergenerasie tot problematiek in die kerngesin gelei het. 'n Belangrike komponent van Bowen se metode is dus die *terugkeer huistoe*. Die doel is nie konfrontasie nie, maar eerder om mekaar as individue en in die gesin te leer ken. Laasgenoemde proses kan nie die hernuwing van agtergeblewe verhoudinge beteken nie. Die doel is insig en differensiasie (Becvar & Becvar 2000:156).

3.3.5.3 Tegnieke

Die multigeneratiewe metode behels onder meer die volgende tegnieke uit Carlson et al. (1997:47-48):

- Genogram[1]: Die terapeut en die gesin gebruik hierdie noodsaaklike instrument om die gesin in sy intergenerasionele konteks te bestudeer. Die genogram bied 'n goed gedefinieerde struktuur en is 'n tegniek om inligting oor die gesin in te samel. 'n Genogram bied ook 'n visuele kaart wat gesinne kan help om sekere patrone raak te sien, wat lig kan werp op verhoudinge (Worden 1999:78-81).
- Praat met die terapeut en nie met mekaar nie: Hierdie uitgangspunt word gevolg sodat emosionele reaksie en angstigheid tot die minimum beperk kan word.
- Terapeut-tot-persoon-verhouding: Die terapeut bou 'n verhouding met elke persoon op. Die vrymoedigheid word gegun om persoonlike denke en emosies direk met die terapeut te deel, terwyl die huweliksmaat observeer. Elke persoon fokus op die self.
- Vra gereeld feitlike vrae: Die fokus bly op die intellektuele proses, sodat gesinslede mekaar se perspektiewe kan hoor.

[1]Genogram: 'n Visuele kaart van simbole wat soos 'n familieboom funksioneer: Wie is die gesinslede, wat is hul ouderdomme, huwelikstatus, sterftes, en so meer. Genogramme word gewoonlik tot drie generasies terug toegepas.

- Emosionele neutraliteit: Die terapeut bly emosioneel neutraal, sodat kantkies vermy kan word.
- Detriangulasie: Die terapeut verbreek disfunksionele klieks (of driehoeke) wat in die gesin bestaan. In die voorbeeld wat tydens die bespreking van die teoretiese konstrukte (3.3.5.1) genoem is, kan die terapeut die kind uit die kliek verwyder en op die egpaar se problematiek fokus. Gevolglik word die situasie gedetrianguleer (Nichols & Schwartz 1998:170-174; Goldenberg & Goldenberg 2000:182-187; Tolsen & Reid 1981:174-181).

3.3.5.4 Kritiese beskouing

Alle probleme word teruggevoer na die verlede of na die gesin van oorsprong. Die gesin kan moontlik op die verlede gefikseer raak en nie die hede hanteer nie. Dit kan egter slegs 'n tydelike probleem wees. Die terapeut behandel die gesin, neem 'n objektiewe standpunt in en behou deurgaans 'n emosionele afstand. Die navorser betwyfel na aanleiding van laasgenoemde of 'n goeie terapeutiese verhouding met die gesin opgebou sal kan word. Die navorser betwyfel verder of die gesin openlik hul emosies met 'n terapeut sal deel wat verwyderd voorkom, en wonder of die terapeut dus toepaslike doelwitte sal kan formuleer. Spesifieke knelpunte word ook nie aangespreek nie, maar slegs gedragspatrone. Ouers word verantwoordelik gehou vir hul kinders se problematiek en die veronderstelling is dat die kinders sal verander as die ouers verander, wat volgens die navorser 'n eensydige beskouing is. Hierdie metode vereis verder baie tyd van die gesin sodat insig en differensiasie uiteindelik bereik kan word. Baie kliënte kan dit egter nie bekostig of volhou nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.6 Objekrelasiemetode

Die kern van die objekrelasiemetode is volgens Carlson et al. (1997:71) heel eenvoudig: Ons huidige verwantskappe met mense word deels bepaal deur verwagtinge wat deur vroeër ervaringe geformuleer is. Objekrelasieterapeute sien dus die oorsprong van huidige verhoudingsproblematiek in vroeëre ouer-kind-interaksies. Hierdie metode poog om 'n brug te voorsien tussen die intrapsigiese en die interpersoonlike teorieë. 'n Verdere fokus is die manier waarop individue verhoudings met die persone rondom hulle ontwikkel. Daar word aangeneem dat die intrapersoonlike en interpersoonlike vlakke in voortdurende interaksie is. Die oplossing van teenwoordige verhoudingsproblematiek vereis 'n intrapsigiese fokus op geïnternaliseerde objekverhoudinge. Hierdie verhoudinge is op vroeë interaksie tussen ouers en kinders gebaseer. Invloede uit die verlede voorsien antwoorde op vrae oor probleme wat tans ervaar kan word (Becvar & Becvar 2000:175).

Die doel van die objekrelasiemetode, volgens Carlson et al. (1997:71), is om 'n terapeutiese omgewing te skep. Die gesin behoort binne sodanige omgewing onbewuste kwessies (wat problematies vir die huidige gesinsfunksionering is) te begryp en deur te werk. Die onbewuste patrone wat in die gesin van oorsprong tot stand gekom het, moet bewustelik gemaak word (Nichols & Schwartz 1998:208-209; Goldenberg & Goldenberg 2000:133).

#### 3.3.6.1 Teoretiese konstrukte

Die navorser sal slegs enkele konstrukte noem:

Kinders onderskei in hul interne wêreld tussen goeie en slegte aspekte (hierdie proses is konsekwent met hul ontwikkelingsfase). Die Engelse term, *splitting*, wat in hierdie verband gebruik word, is eie aan die objekrelasiemetode en word vir die doel van hierdie ondersoek *splitsing* genoem. Dit is 'n basiese konstruk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die objekrelasieteorie en behels dat alles (ook mense) in rigiede swart of wit kategorieë geplaas word en dat geen ambivalensie toegelaat word nie (Becvar & Becvar 2000:176; Nichols & Schwartz 1998:209).

'n Verdere konsep van hierdie metode is projektiewe identifikasie. Dit behels dat die individu, aspekte van die self op 'n ander persoon oordra, dit heridentifiseer met die geprojekteerde element in die ander persoon (objek) en poog om dit te beheer. *Kollusie* verwys na die deelname van die ander persoon aan hierdie proses, deurdat hy of sy in ooreenstemming met die projeksie optree. 'n Vrou wat byvoorbeeld 'n probleem het om ander te vertrou, sal telkens wanneer haar man laat is, glo dat hy ontrou is aan haar. Die man raak moeg om homself te verdedig en sê dan later dat hy seker ontrou is (Becvar & Becvar 2000:176; Nichols & Schwartz 1998:210).

Beweegruimte *(holding environment)* beklemtoon enersyds die behoefte aan nabyheid en andersyds aan skeiding. Kinders sal aanvanklik die besittingsfunksie internaliseer, hulself gerusstel en hulself daarna toelaat om van hulle ouers te skei. 'n Belangrike deel van hierdie proses is die rol van transisionele objekte, byvoorbeeld 'n kombersie vir 'n kind en vir volwassenes 'n objek waaraan 'n versorgende rol gekoppel kan word. Die kombersie het byvoorbeeld 'n gerusstellende funksie vir die kind, sodat skeiding makliker kan plaasvind. Die kombers is dus 'n transisie-objek, wat transisie toelaat (Becvar & Becvar 2000:177; Nichols & Schwartz 1998:212).

Oordrag behels dat 'n individu verwagtinge na 'n verhouding bring wat gebaseer is op interne ervaringe van vroeër verhoudinge met primêre figure. Teenoordrag, wat die wederkerige interaksie is, kan ook plaasvind ( Becvar & Becvar 2000:176; Goldenberg & Goldenberg 2000:132).

Die objekrelasiemetode fokus op die ontwikkeling van die psigiese struktuur en die wyse waarop die ego-identiteit bereik kan word. Die hoogste vlak van ego-

identiteit word bereik wanneer 'n persoon se innerlike wêreld van geïnternaliseerde objekte (gesin, vriende, kulturele identiteit), vir hom of haar 'n harmonieuse ondersteuning bied en diepte bereik word in sy of haar huidige interaksie (Becvar & Becvar 2000:177; Nichols & Schwartz 1998:210).

3.3.6.2 Terapeutiese strategieë

Volgens Carlson et al. (1997:72) is daar vier fases van objekrelasieterapie:

1. Terapeutiese kontak word bewerkstellig.
2. 'n Terapeutiese alliansie ontwikkel.
3. Hantering van verdedigingsmeganismes en weerstand.
4. Hantering van terminasieknelpunte.

Die objekrelasiemetode erken wedersydse interafhanklikheid asook wederkerige en multivlakinteraksie tussen intrapsigiese en interpersoonlike vlakke. Die terapeut se rol is om 'n versorgende omgewing te skep waar onbewuste objekrelasies wat op huidige verhoudings inbreuk maak, begryp en opgelos kan word (Nichols & Schwartz 1998:220).

Doelwitte vir terapie sluit volgens Becvar en Becvar (2000:178) die volgende in:

- Erkenning en herdefiniëring van die verdedigende projektiewe identifikasies wat vroeër deur die gesin geskep is.
- Die behandeling van die gesin se kapasiteit om 'n kontekstuele milieu te bied, waar die gesinslede se bindingsbehoeftes en geleenthede vir groei bevredig kan word.
- 'n Oorhoofse konstruksie van 'n sentrale besittingsverhouding tussen al die lede, wat wedersydse ondersteuning vir binding, individualisering en groei kan bied, sodat individue die geleentheid gegun kan word om op hul eie voort te gaan.
- Terugkeer van die gesinslede na die gepaste ontwikkelingsvlak en -take.

- Die verduideliking van steeds bestaande individuele behoeftes, sodat dit met soveel moontlike ondersteuning van die gesin bevredig kan word.

Samevattend kan daar uit Olsen (1993:33-34) gesê word dat die objekrelasiemetode dit nie ten doel het om simptome op te los nie, maar om aan die gesin 'n veilige en sorgsame omgewing te bied, wat ruimte toelaat vir die gesinslede se ontwikkelingsbehoeftes. Hierdeur behoort individuele gesinslede ook geleentheid te kry om hul bevoegdhede te differensieer en te verbeter. Die terapeutiese verhouding is 'n veilige milieu waar nuwe begrip en gesinstyle kan ontwikkel. Dit bied ook die geleentheid om verdedigingsmeganismes te hanteer, soos projektiewe identifikasie waar 'n gesinslid 'n ongewenste aspek van hom- of haarself op 'n ander lid van die gesin projekteer en dan hierdie aspek in die gesinslid aanval.

3.3.6.3 <u>Tegnieke</u>

Objekrelasieterapeute deel volgens Carlson et al. (1997:72) die standpunt dat interne beelde uit betekenisvolle verhoudinge uit die verlede ontstaan en dat foutiewe, onbevredigende en verwronge hantering van persone in die hede teruggevoer kan word na betekenisvolle verhoudinge uit die verlede (veral die ouer-kind-verhouding). Nichols en Schwartz (1998:225-235) onderskei vier basiese tegnieke waaraan hierdie teorie gekenmerk kan word:

1. Luister: Die terapeut weerstaan die druk om iets te doen en behou sy of haar analitiese neutraliteit, wat 'n atmosfeer van luister en begrip bevorder. Geen vereistes om te verander word aan die gesin gestel nie.
2. Empatie: Die terapeut werk baie hard om die wêreld uit die kliënt se perspektief te verstaan.
3. Interpretasie: Interpretasie word gebruik om versteekte of verwarrende aspekte van 'n ervaring te verduidelik. Die terapeut interpreteer versteekte aspekte van ervarings.

4. Voortdurende analitiese neutraliteit: Die terapeut handhaaf 'n atmosfeer van analitiese neutraliteit sodat effektiewe eksplorasie kan plaasvind.

Bykomend tot bogenoemde tegnieke word kliënte ook geleer om vrye assosiasies te maak. Dit beteken dat kliënte hulle gedagtes spontaan uitdruk soos wat dit beleef word. Hierdeur kan onbewuste materiaal na die oppervlak gebring word.

Objekrelasieterapeute weerstaan volgens Nichols en Schwartz (1998:225) die versoeking om te adviseer of gerus te stel, maar handhaaf 'n stille bemoeienis met die gesin se ervaringe. Intervensie vind plaas deur empatiese begrip, om die gesin te help om vrymoedig en openhartig hul gevoelens te uiter.

### 3.3.6.4 Kritiese beskouing

Volgens die objekrelasiemetode lê die oorsprong van huidige problematiek in die vroeë interaksie wat daar tussen ouer en kind plaasgevind het. Problematiek in die komplekse gesinsisteem kan egter nie eensydig beskou word deur slegs *een* problematiese oorsprong te oorweeg nie. In die geval van objekrelasie is dit wel waar dat probleme uit die verlede kon ontstaan het, maar dit kan nieteenstaande nie as 'n vaste gegewe voorgehou word nie. Wat die tegnieke van die teorie behels, wil dit voorkom asof die behandelingsperspektief passief is en dat sekere gesinne moontlik meer konstruktiewe leiding van die terapeut kan vereis.

## 3.4 'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese model

Na die bespreking van die gekose gesinsterapeutiese metodes kan die gevolgtrekking gemaak word dat elke metode 'n waardevolle bydrae kan lewer in gesinsterapie. Elke metode het sy eie konstrukte, strategieë, tegnieke en unieke fokus op die gesin se problematiek. Elke metode het egter ook sy eie tekortkominge. Met inagneming van laasgenoemde en teen die agtergrond van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoofstuk 2, waarin die unieke en multiproblematiese aard van die hersaamgestelde gesin bespreek is, is die navorser van mening dat 'n integrering van die bespreekte metodes 'n suksesvolle werkwyse kan bied wanneer daar met die hersaamgestelde gesin gewerk word.

## 3.5 Slot

Die navorsingsontwerp van die studie sal vervolgens bespreek word. Die navorser sal op tweërlei maniere met 'n hersaamgestelde gesin werk. Die eerste werkwyse omvat 'n geïntegreerde assesseringsmodel en die tweede 'n geïntegreerde behandelingsmodel.

# HOOFSTUK 4

# VOORSTELLING VAN DIE GEÏNTEGREERDE GESINSTERAPEUTIESE MODEL

## 4.1 Inleiding

Die navorsingsmetode wat in hierdie studie gevolg word, is gegrond op 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model. In hierdie hoofstuk word die struktuur van die navorsing voorgestel. Die geïntegreerde assesseringsmodel word eers bespreek en daarna die geïntegreerde behandelingsmodel.

## 4.2 Doelwit

Met inagneming van die hoë voorkoms van egskeiding en hertrou (soos vermeld in Hoofstuk 1) is dit van kardinale belang dat terapeute hulself vertroud sal maak met die hersaamgestelde gesin as gesinstruktuur, asook met effektiewe behandelingstrategieë ten opsigte van hierdie gekompliseerde gesinne. Die interaksie van ontwikkelende veranderinge binne die hersaamgestelde gesin (en tussen die individuele gesinslede), asook die eiesoortige en stresvolle aspekte van 'n hertroue, skep 'n komplekse web van gesinsveranderinge, wat spesiale kennis en vaardighede van 'n terapeut vereis. Terapeute kan egter maklik oorweldig voel deur die legio modelle, teorieë, metodes en werkwyses wat beskikbaar is. Gewoonlik kies die terapeut dus 'n perspektief waarin hy of sy opgelei is of gemaklik mee voel. Hierdie studie het dit ten doel om die multiproblematiese aard van die hersaamgestelde gesin aan te spreek deur 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model as werkwyse te gebruik. Die navorser se keuse van hierdie model is gegrond in haar redenasie dat hierdie werkwyse moontlik 'n breër en toepasliker perspektief op die hersaamgestelde gesin se

problematiek kan bied. Die gevaar van 'n eensydige en derhalwe onvoldoende behandeling kan deur hierdie breër perspektief verminder word.

4.3 Metode van ondersoek

Twee metodes van ondersoek is toegepas.

4.3.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is uit toonaangewende bronne onderneem om meer inligting oor die volgende te bekom:

- Die hersaamgestelde gesin en veral die eiesoortige problematiek daaraan verbonde.
- 'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese model wat saamgestel is uit probleemoplossings-, interaksionele, strukturele, kognitiewe, multigeneratiewe en objekrelasiemetodes.

4.3.2 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing verwys na oorsake, gevolge, gesprekke en aksies. Die fokus is op die individu self en geen vergelyking met die norm vind plaas nie.
Volgens Judd, Smith en Kidder (1991:299) raak veldwerkers wat kwalitatiewe navorsing doen, betrokke by die lewens van die persone wat hulle bestudeer. Dit verskil van navorsers wat kwantitatief werk en poog om 'n professionele afstand teenoor hulle respondente te handhaaf. Kwalitatiewe veldwerkers hou nie by rigiede vraelyste en prosedures nie. Hierteenoor gebruik kwantitatiewe navorsers gestandardiseerde vraelyste. Die aksies van 'n veldwerker kan van persoon tot persoon en van een ligging tot 'n ander verskil. Kwalitatiewe navorsing kan ook vir 'n veel langer tydperk voortduur as kwantitatiewe navorsing. Die gesprek kan verder in rigtings gevoer word wat nie geantisipeer kan word nie.

Bogenoemde redes dien as motivering vir die navorser se keuse van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode vir hierdie studie. Die sentrale punt van hierdie kwalitatiewe studie is gesprekvoering met unieke individue binne die hersaamgestelde gesin. Terugvoer van die individue is nie-gereguleerd en voldoen dus aan die vereistes van kwalitatiewe navorsing.

Die vraag ontstaan in watter mate kwalitatiewe navorsing sistematies kan wees, indien dit van een persoon tot 'n ander en van een dag na die volgende kan verskil. Die antwoord lê volgens Judd et al. (1991:299-300), nie in 'n eenvormige prosedure wat gevolg word nie, maar in die getroue notering van wat gesien en gehoor word. Hierdie rekords word as veldnotas geberg vir die navorser se analise. Dit is die navorser se doel om na elke sessie wat sy met haar proefpersone voltooi het, veldnotas te neem wat later as navorsingsresultate sal dien.

## 4.4 Struktuur

Vir die toepassing van die geïntegreerde gesinsterapeutiese model word die volgende struktuur bespreek:

### 4.4.1 Die geïntegreerde assesseringsmodel

Die assesseringsmodel voorsien die terapeut van 'n *kaart* in die spreekwoordelike *oerwoud* van behandelingstrategieë. Assessering begin tydens Sessie 1 op die eenvoudigste vlak. Na elke sessie word daar bepaal of die probleem voldoende aangespreek is en of daar na die volgende, meer intensiewe vlak beweeg moet word. 'n Assessering op elke vlak behoort dus na, òf 'n oplossing, òf 'n assessering op 'n volgende vlak te lei. Eerder as om vanuit 'n enkele metode met die gesin te werk, word daar *deur* 'n reeks vlakke beweeg (Sien Diagram 4 in Hoofstuk 3 p.77), sodat 'n sorgvuldige assessering kan

plaasvind. Die geïntegreerde assesseringmodel van David. C Olsen word voorgehou uit Olsen (1993:39-51).

***Sessie 1:***

**AANMELDINGSPROBLEEM**

Voorafgaande vrae en oorwegings:

Die eerste onderhoud sluit basiese assesseringsvrae in, waaruit die navorser (terapeut) hipoteses kan formuleer. Die vrae en oorwegings sluit onder meer die volgende in:

- Waarom het julle besluit om *nou* vir terapie te kom?
- Wat is die probleem wat julle vir terapie bring?
- Waarom het julle op terapie (gesinsterapie) besluit?
- Hoe lank hou hierdie probleem reeds aan?
- Wanneer het dit begin?
- Wat is die sterk punte in die gesin?

***Sessie 2:***

**PROBLEEMOPLOSSINGSASSESSERING**

**Doelwit:** Identifiseer die probleem wat die gesin vir terapie gebring het en assesseer die gesin se probleemoplossingsvaardighede.

- Konkrete doelstellings moet die gesin se probleem aanspreek. Daar moet gewaak word teen doelstellings wat vaag, beskuldigend of veroordelend is. Die navorser kan sê: *Dit klink vir my asof die probleem* (stel kernproblematiek) *is? Klink dit reg en aanvaar almal dit?*

- Die navorser assesseer die gesin se probleemoplossingsvaardighede aan die hand van die volgende eksplorerende vrae:

- Hoe poog die gesin om hulle probleme *saam* op te los?
- Is hulle by 'n dooie punt wat die probleem betref en is dit abnormaal?
- Is die gesin gewoonlik bevoeg om hulle probleme op te los en is die huidige probleem 'n uitsonderlike geval?
- Het die gesin herhalende probleme, wat nie deur hul probleemoplossingspogings geaffekteer word nie?
- Het die gesin geen probleemoplossingsvaardighede nie?

- 'n Belangrike aspek tydens hierdie sessie is om nie net oor die probleem te *praat* nie, maar om dit ook *waar te neem*. Die navorser kan die gesin dus vra om die probleem deur rolspel te verbaliseer, sodat hulle probleemoplossingsvaardighede waargeneem kan word.

- Die navorser vra die gesin om met mekaar te praat oor maniere waarop hulle die (spesifieke) probleem kan oplos. Die navorser observeer en vra haarself: *Waarom kan die gesin nie die probleem oplos nie?* Indien die probleem opgelos word, moet die gesin uitgedaag word om te bepaal of hulle werklik die probleem aangespreek het. Die vraag hier is: *Wat weerhou die gesin daarvan om hulle probleme effektief op te los?* Hiermee word daar na die volgende assesseringsvlak beweeg.

***Sessie 3:***

**INTERAKSIONELE ASSESSERING**

**Doelwit:** Om te bepaal hoe disfunksionele interaksionele patrone probleemoplossing kan beïnvloed. Kommunikasievaardighede en die effektiwiteit daarvan word geassesseer.

- Die navorser moet 'n verskeidenheid van interaksionele patrone assesseer om te bepaal of enige disfunksionele interaksiepatrone, wat die gesin se vermoë tot probleemoplossing kan strem, aanwesig is. Die mees prominente style in hierdie verband is die volgende:

- Simmetriese interaksie: Twee persone het dieselfde interaksiestyl.
- Komplementêre interaksie: Die gedrag van een gesinslid pas in by die ander gesinslid. Twee tipe komplementêre interaksiestyle word onderskei, naamlik:
  1. Vervolger-verwyderaar: Die een persoon sê: *Ons moet praat* en die ander sê: *Miskien later.*
  2. Mede-afhanklik-afhanklik: Die een persoon verkry bevrediging deur op 'n kontraproduktiewe wyse na die ander om te sien.

- Die navorser assesseer die gesin se kommunikasievaardighede en hulle vermoë om te metakommunikeer.

***Sessie 4:***

**STRUKTURELE ASSESSERING**

**Doelwit:** Bepaal die gesinstruktuur.

Die navorser assesseer die volgende hoofaspekte om te bepaal hoe die gesinstruktuur daaruit sien:

1. Subsisteme: Dit sluit die egpaarsubsisteem, ouersubsisteem en die kinder-of broer-sustersubsisteem in.
2. Die voorkoms van grense op die gesin se unieke kontinuum: Dit kan rigiede, duidelike of verstrengelde grense wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die navorser observeer onder meer of daar enige alliansies en/of klieks in die gesin teenwoordig is.

Die genoemde assessering (sessies 1 - 4) is soms voldoende om die nodige veranderinge in 'n gesin te bewerkstellig. Indien die problematiek egter steeds voorkom, of indien addisionele probleme na aanleiding van die terapeutiese proses ook na vore kom, word die volgende sessies voorgehou:

***Sessie 5:***

**KOGNITIEWE ASSESSERING**

**Doelwit:** Om die kognitiewe distorsies/gelowe te identifiseer wat disfunksionele interaksionele patrone en strukture in stand hou.

- Die navorser identifiseer en verduidelik die disfunksionele interaksionele patrone en strukture.

- Die navorser assesseer bogenoemde patroon of patrone deur die volgende in gedagte te hou:

  A: die aktiverende gebeurtenis
  B: die geloofsisteem
  C: die gevolge

Die geloofsisteem bepaal die betekenis wat 'n gesinslid aan die gebeurtenis heg, wat die gevolge van gedrag voortbring.

- Die navorser bepaal die manier(e) waarop disfunksionele gelowe dienooreenkomstig versterk en in stand gehou word. Geloofsisteme is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewoonlik verwant: Die een gesinslid versterk die geloof van 'n ander gesinslid.

***Sessie 6:***

**MULTIGENERATIEWE ASSESSERING**

**Doelwit:** Die navorser wil 'n antwoord kry op die vraag: *Watter invloed het die gesin van oorsprong op gesinslede se geloofsisteme?*

- Die navorser moet bepaal of die gesin insig het en watter impak hul gesin van oorsprong op hul kognitiewe distorsies het. Die gesin moet besef dat hulle die ontvangers is van 'n generatiewe erflating.

- Die navorser moet bepaal waar elkeen van die huweliksmaats hom of haar bevind ten opsigte van die kontinuum van differensiasie van die gesin van oorsprong. In dié kontinuum staan outonomiteit teenoor ongedifferensieerdheid.

- Die navorser assesseer die teenwoordigheid van onder andere die volgende konstrukte in die gesin: Klieks, gesinsprojeksies en emosionele sisteme.

***Sessie 7:***

**ASSESSERING VAN INDIVIDUELE ONTWIKKELING** (Objekrelasiemetode)

**Doelwit:** Die navorser wil die egpaar se geïnternaliseerde kwessies ten opsigte van hul gesin van oorsprong én betekenisvolle ander persone bepaal.

- Individue vorm saam 'n gesin en elke individu bring verskeie knelpunte saam met hom of haar uit vorige ervarings of gesinsituasies ('n wesenlike kenmerk

van die hersaamgestelde gesin). Die navorser moet gevolglik die impak van die gesin van oorsprong op die gesinslid as persoon bepaal. Ook moet die navorser die individu se ontwikkelingsprosesse assesseer.

- Die navorser assesseer elemente soos oordrag en die individu se vlak van funksionering.

- Ander individuele traumatiese kwessies kan in hierdie stadium ook na vore kom, soos onder meer mishandeling as kind, alkoholiese ouers, ensovoorts.

Tydens hierdie finale stadium kan die navorser, indien nodig, 'n gesinslid vir verdere individuele terapie verwys.

4.4.2 Die geïntegreerde behandelingsmodel

Die geïntegreerde behandelingsmodel volg dieselfde stappe as die assesseringsmodel en bied 'n praktiese werkwyse vir elke vlak aan. Hierdie model impliseer nie dat terapie staties is nie, maar dat elke gesin uniek is en derhalwe verskillend deur die vlakke sal beweeg.

Die navorser gebruik die geïntegreerde behandelingmodel van David.C Olsen. (Olsen 1993:55-73).

***Sessie 1:***

**AANMELDINGSPROBLEEM**

**Doelstelling:** Die doel is om die gesin te ontmoet en te begin bou aan 'n terapeutiese verhouding.

- Die navorser stel die gesin op hul gemak deur haar rol en doel met die gesin te verduidelik.

- Die navorser stel haarself aan die gesin voor en vra daarna die gesinslede om hulself aan haar voor te stel. Feitlike inligting ten opsigte van die verskeie gesinslede word ingewin, soos byvoorbeeld die ouderdom van die kinders.

- Die navorser bepaal die gesin se vorige terapeutiese ervaring met die doel om moontlike vooropgestelde idees of negatiewe persepsies teenoor terapie te identifiseer.

- Aspekte soos verwagtinge, vertroulikheid, bywoning en eerlikheid word beklemtoon. Reëls vir die ordelike en suksesvolle verloop van die sessies word ook bespreek.

- Die terapeutiese proses word beskryf sodat die gesin die proses beter kan verstaan.

- Verdere administratiewe sake word afgehandel.

- Huiswerk: Die gesinslede word gevra om na te dink oor die rede waarom hulle vir terapie aangemeld het (Hanna & Brown 1999:141).

***Sessie 2:***

**PROBLEEMOPLOSSING**

**Doelstelling**:

a. Assessering van kernkwessies uniek aan hersaamgestelde gesinne en moontlike problematiek wat daaruit voortspruit.

b. Identifisering van die gesin se probleem. Probleemoplossingsvaardighede moet geassesseer word en deur middel van psigo-opvoeding aan die gesin geleer word. (Sien Hoofstuk 1; 1.5.9 vir 'n omskrywing van psigo-opvoeding.)

- Terugrapportering oor die huiswerk.

- Assessering van kernknelpunte wat eie aan hersaamgestelde gesinne is en moontlike problematiek of wanpersepsies wat daaruit mag voortspruit. Die volgende is kernkwessies:

  1. Hersaamgestelde gesinne vergelyk hulself met kerngesinne.
  2. Hersaamgestelde gesinne berei nie hulself voor op die integrasie nie.
  3. Hersaamgestelde gesinne ervaar gevoelens van hulpeloosheid in hul situasie.
  4. Die bou van die egpaar se verhouding is baie belangrik (Visher & Visher 1996:7-11).

- Identifisering van die probleem deur middel van eksplorerende vrae. Daar moet bepaal word watter probleem of knelpunt deur die gesin as sentraal ervaar word.

- Definiëring van die probleem in duidelik, spesifieke en beheerbare dele. Die probleem is 'n gesinsproblematiek en moet nie op 'n individu geplaas word nie.

- Assessering van die gesin se probleemoplossingsvaardighede.

- Die probleemoplossingsvaardighede uit Borck en Fawcett (1982:61-78) word aan die gesin voorgehou. (Bylaag 1 en 2.)

- In-sessie taak: Die gesin moet hiertydens poog om 'n probleem (nie te ernstig nie) deur middel van die probleemoplossingsproses op te los. Die navorser observeer en assisteer.

- Huiswerk: Die voorgestelde probleemoplossing moet tuis toegepas word en die vaardighede moet ook verder geoefen word.

Volgens Olsen (1993:57) is probleemoplossing as metode gewoonlik nie effektief genoeg om die gesin met langdurige kroniese problematiek te help nie. Die probleemoplossingsmetode mag aanvanklik werk, maar moet nie in isolasie aangewend word nie. Daar moet hiervandaan na die volgende sessie voortbeweeg word.

***Sessie 3:***

**INTERAKSIONELE BEHANDELINGSPLAN**

**Doelstelling:** Om die gesin se kommunikasiepatrone en -vaardighede te assesseer. Hiervolgens word die gesin gehelp om deur metakommunikasie uiteindelik meer effektief te kommunikeer.

- Die navorser bespreek die gesin se huiswerk en hul ervaring daarvan met hulle. Daar moet bepaal word of hulle suksesvol was in probleemoplossing en indien nie, moet die rede(s) vasgestel word.

- Die navorser moet die patroon of styl van die gesin se kommunikasie verduidelik (die fokus val dus op hulle kommunikasieproses).

- Die gesin se kommunikasievaardighede word geassesseer.

- Die gesin se vermoë tot metakommunikasie word bepaal.

- Effektiewe kommunikasiestyle en verskeie vaardighede (soos effektiewe luistertegnieke) om kommunikasie te verbeter, word deur middel van psigo-opvoeding bespreek (Garland 1978:51-101) (Bylaag 3).

- Volgens Olsen behoort behandeling (1993:62) op drie elemente te fokus:

    1. Die gebruik van opsporing *(tracking)* om teenproduktiewe response waar te neem wat effektiewe kommunikasie blokkeer. Die gesin herstruktureer 'n argument wat hulle onlangs gehad het en die navorser help hulle om interaksiepatrone wat die argument aanvuur, op te spoor.
    2. Die kommunikasievaardighede word met behulp van psigo-opvoeding aan die gesin geleer. Hierdie vaardighede lei daartoe dat meer effektiewe response toegepas word, sodat daar by die doel van die gesprek gehou kan word.
    3. Voorkoming van voorspelbare, afbrekende en negatiewe patrone van interaksie. Indien dit bespeur word, kan dit gestaak word voordat dit buite beheer raak.

- Huiswerk: Die gesin moet konsentreer op hul afbrekende interaksiepatrone, dit staak en met beter kommunikasievaardighede vervang.

***Sessie 4:***

**STRUKTURELE BEHANDELINGSPLAN**

**Doelstelling:** Die herstrukturering van die gesin.

- Die gesin se ervaring van hul kommunikasievaardighede oor die afgelope week word bespreek en hulle word gevra of die afbrekende interaksiepatrone raakgesien en gestaak kon word.

- Die gesinstruktuur word deur middel van eksplorerende vrae geassesseer.

- Die hersaamgestelde gesin word herstruktureer, sodat meer funksionele patrone toegepas kan word. Die navorser rig haar fokus op die volgende areas:

- Subsisteme: Die versterking van toepaslike subsisteme (Becvar & Becvar 2000:198-200).
- Grense: Bepaling van duidelike grense (Goldenberg & Goldenberg 2000:201-202).
- Groeperinge (koalisies): Verbreking van disfunksionele klieks (Schwartz & Nichols 1998:250-253).

- In-sessie take behels die gebruik van tegnieke ter intensivering van die sessies, sodat verandering kan plaasvind.

- Huiswerk fokus op die areas van herstrukturering en die stel van toepaslike take vir die betrokke gesin.

***Sessie 5:***

**KOGNITIEWE BEHANDELINGSPLAN**

**Doelstelling:** Die doel is om kognitiewe distorsies en gelowe wat strukturele en interaksionele verandering blokkeer te identifiseer. Om verder deur 'n bespreking van kognisies meer insig te verkry en gevolglik meer toepaslike geloofsisteme te genereer.

- Die navorser bespreek die sukses van die vorige sessie se huiswerktake. Die vraag is: *Kon verandering van strukture bewerkstellig word?*

- Deur middel van 'n eksplorerende gesprek word die volgende kognisies wat op die hersaamgestelde gesin toepaslik is, uit Huntley (1995:114-117) bespreek:

- Persepsies: Gesinslede se unieke perspektief op kwessies.
- Toerekening: Die geloof in die oorsake van interpersoonlike gebeurtenisse van 'n gesinslid.
- Verwagtinge: Die geloof dat sekere dinge nog onder sekere omstandighede gaan gebeur.
- Aannames: Beskouings van hoe iets veronderstel is om te wees.
- Standaarde: Dit verwys na 'n ideaal, in plaas van die realiteit.

Die navorser kan met behulp van psigo-opvoeding uit Huntley (1995:114-117) die klem plaas op kognitiewe distorsies in die hersaamgestelde gesin en dit ten opsigte van bogenoemde aspekte in perspektief plaas.

- Die navorser gebruik die volgende aspekte om disfunksionele kognitiewe patrone aan die lig te bring (Sien Bylaag 4):

  A: Aktiverende gebeurtenis
  B: Geloofsisteem
  C: Gevolge

- Daar kan gepoog word om die gesin se geloofsisteme in duidelike terme te identifiseer en te verander, deur middel van veral twee tegnieke (uit Olsen 1993:64-65):

  1. Rolspel: Die gesin moet aangemoedig word om met mekaar te praat oor die probleem en hulle moet dit *voorstel* (rolspel). Geloofsisteme sal nie summier na vore kom nie en die navorser moet 'n aktiewe rol speel om

hierdie knelpunte uit te lig. Strukturele en interaksionele problematiek kan deur middel van rolspel figureer.

2. Opsporing (*tracking*): Argumente wat tussen sessies plaasvind, moet gerekonstrueer word. Let op na die verskillende response en faktore wat tot misverstande kan lei. (Response word gewoonlik heeltemal buite verband geruk.)

- Nog 'n tegniek wat gebruik kan word nadat geloofsisteme geïdentifiseer is, is om die gesinslede te vra wat die kanse is dat die geloof waar is, en of hulle ander maniere kan voorstel om na die situasie te kyk. Laat hulle dan 'n dinkskrum hou om ander maniere te vind waarop daar na die situasie gekyk kan word (Olsen 1993:66). (Geloofsisteme sal nie bloot verander deur net daaroor te praat nie.)

- In-sessie take: Die gesin moet hier gehelp word om problematiese geloofsisteme uit te daag. Daar moet gespesifiseer word wat elke gesinslid kan doen om ander gesinslede te wys dat hul geloofsisteem verkeerd is. (Aangesien gesinslede soms neig om hul problematiek te veralgemeen, sal die navorser spesifiek moet poog om hulle geloofsisteem baie deeglik te eksploreer.) Geloofsisteme sal slegs verander indien dit na die bewustelike vlak gebring en deur nuwe ervaringe uitgedaag word.

- Huiswerktake kan behels dat die gesinslede hul problematiese geloofsisteme in 'n dagboek neerskryf. Die gesin hou dus elke dag 'n gesinsvergadering waar belewenisse gedeel word en begrip vir mekaar se geloofsisteme opgebou word, maar waar ondersteuning en uitdaging vir verandering ook kan plaasvind.

*Sessie 6:*

**MULTIGENERATIEWE BEHANDELINGSPLAN**

**Doelstelling:** Die doel is om insig te kry in die mate van invloed wat die gesin van oorsprong op die ouerpaar het. Op hierdie manier kan hulle gehelp word om meer gedifferensieerd te raak van hul gesin van oorsprong, sodat 'n hoër vlak van selfdifferensiasie bereik kan word.

- Terugvoering van die huiswerktake. Die vraag is: *Kon die kognitiewe distorsies geïdentifiseer en verander word?*

- Eksplorasie vind deur 'n genogram plaas (Bylaag 5). Deur die eksplorering van hul geloofsisteme en gesin van oorsprong, kan die egpaar onbewuste kontrakte wat hulle saam met hulle na die huwelik gebring het, waarneem en vasstel hoe hierdie kontrakte die huwelik of gesin se geloofsisteem en hul kommunikasie beïnvloed (Becvar & Becvar 2000:163-165).

- Die oorsprong van die egpaar se geloofsisteme moet bespreek word en dus word die invloed van die gesin van oorsprong op die egpaar se problematiek of geloofsisteem bepaal.

- Die verskynsel van gesinsverhoudinge en potensiële klieks moet aangespreek word en, indien nodig, moet die gesin gedetrianguleer word.

- Verandering vind nie volgens Becvar en Becvar (2000:162-163) plaas deur slegs tot insig of begrip van gesinspatrone te kom nie, maar wel deur daadwerklike veranderinge in die gesin van oorsprong te bewerkstellig, sodat 'n groter mate van differensiasie van die *self* ook kan plaasvind. Die navorser bepaal dus die gesinslid se vlak van differensiasie tot die gesin van oorsprong (op 'n kontinuum van *afsny* van die gesin van oorsprong aan die een kant, tot

*verstrengeld* aan die ander kant). Dit maak egter nie saak waar die gesinslid hom of haar op die kontinuum bevind nie, die doel bly steeds om meer gedifferensieerd van die gesin van oorsprong te raak. Dit impliseer nie dat die gesinslid enige konflik sal ontlok nie, maar dat hy of sy hom of haar slegs van die gesin van oorsprong sal differensieer. (Sien Hoofstuk 5; 5.7.1 en Bylaag 6.)

- Huiswerktake word aan die gesin gegee wat toepaslik en prakties moontlik is ten opsigte van die gesin se spesifieke behoeftes (dit behels moontlik teruggaan na die gesin van oorsprong).

***Sessie 7:***

**INDIVIDUEEL ONTWIKKELENDE KWESSIES** (Objekrelasie)

**Doelstelling:** Na aanleiding van die vorige sessie(s) kan dieperliggende kwessies na die oppervlak gebring word. Hierdie kwessies kan òf geïdentifiseer en behandel word, òf 'n gepaste verwysing kan gemaak word.

- Indien vereis, kan terugvoer na aanleiding van die vorige sessie se take bespreek word.

- Die volgende uit Becvar en Becvar (2000:176) dien as moontlike behandelingstrategieë:

  1. Projeksies: Die navorser help die gesinslid om projeksies (byvoorbeeld angs) te identifiseer en poog om negatiewe projeksies uit te skakel.
  2. *Splitsing*: Die navorser help die gesinslede om hul geneigdheid tot *splitsing* te herken en help hulle om meer verdraagsaam teenoor ambivalensie te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die navorser moet moontlik sekere gesinslede help om eers met hulle onopgeloste droefheid (wat probleme in hul huidige verhouding veroorsaak) te deel, voordat daar vooruitbeweeg kan word. Indien hierdie onopgeloste hartseer nie behandel word nie en aanvaarding en begrip nie bereik word nie, kan huidige verhoudings swaar daaronder ly.

Die navorser sal bepaal of 'n gesinslid moontlik vir verdere terapie verwys moet word.

Bogenoemde dien as die raamwerk waarvolgens die navorser te werk sal gaan om die geïntegreerde gesinsterapeutiese model te beproef.

4.5 <u>Proefpersone</u>

Die navorser beoog om met een hersaamgestelde gesin te werk. Die spesifieke hersaamgestelde gesin moet 'n egpaar met kinders aan beide kante insluit, en die vorige huweliksmaats moet verkieslik weer getroud wees. Met inagneming van die gesin en die navorser se beskikbaarheid, sal die navorser hulle vir ongeveer ses tot agt sessies sien, afhangende van die gesin se unieke situasie. Die navorser sal verdere reëlings met die gesin tref ten opsigte van administratiewe sake, soos die plek waar die sessies sal plaasvind.

4.6 <u>Hipoteses</u>

Die navorser stel die volgende hipoteses:

**Hipotese 1**

As gevolg van die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesin en onvoldoende voorbereiding vir die totstandkoming van hierdie gesin, beskik hersaamgestelde gesinne nie oor voldoende probleemoplossingsvaardighede nie. Derhalwe is die

blote aanleer van hierdie vaardighede nie genoeg om die potensiële multiproblematiek aan te spreek nie.

**Hipotese 2**

Indien afbrekende en negatiewe kommunikasiepatrone geïdentifiseer word, kan meer effektiewe kommunikasievaardighede met behulp van psigo-opvoeding en inoefening aangeleer en derhalwe toegepas word.

**Hipotese 3**

Indien insig in hul unieke struktuur as hersaamgestelde gesin verkry kan word en herstrukturering gevolglik kan plaasvind, sal die hersaamgestelde gesin volgens meer funksionele patrone kan funksioneer.

**Hipotese 4**

Indien dieper begrip van mekaar se geloofsisteme (kognitiewe distorsies) bereik kan word, sal die hersaamgestelde gesin meer toepaslike geloofsisteme kan konstrueer.

**Hipotese 5**

Indien begrip vir die invloed van die gesin van oorsprong tot stand kom, sal dit aanleiding gee tot insig in mekaar se geloofsisteme en lei tot 'n hoër vlak van selfdifferensiasie.

## 4.7 Slot

Die navorser sal in die volgende hoofstuk terugvoer gee oor die inhoud van die sessies en oor belangrike aspekte wat daaruit na vore gekom het. Daarna sal die sessies kortliks en krities bespreek word.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSRESULTATE

In hierdie hoofstuk word die navorsingsresultate van die studie weergegee. Die navorser gee dus volgens die struktuur wat in Hoofstuk 4 weergegee is, terugvoer oor die inhoud van die sessies, en bepaal of die doelstellings bereik is, al dan nie.

## 5.1 Biografiese gegewens

Die gesin bestaan uit mnr L (50 jr), mev L (37 jr), kind E (8 jr) en kind M (3 jr). Mnr L was voorheen vir 18 jaar met mev M (43 jr) getroud en hulle het drie kinders: kind I (24 jr), kind K (21 jr) en kind H (19jr). Mev L was voorheen twee keer getroud. Haar eerste huwelik was met mnr F (42 jr). Sy was ook vir vyf jaar met mnr A (41 jr) getroud, en uit daardie huwelik is kind E gebore. Mnr en mev L het in 1996 in die huwelik getree. Mnr L is 'n ingenieur en het sy eie besigheid en mev L sien na die kinders om en verkoop deeltyds skoonheidsmiddels.

## 5.2 Sessie 1

**Aanmeldingsprobleem**

**Doelstelling:** Om die gesin te ontmoet en te begin bou aan 'n terapeutiese verhouding.

### 5.2.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- Bekendstelling: 'n Kort bekendstelling waarin die navorser se kwalifikasies en 'n verduideliking van die oorhoofse doel met terapie aan die egpaar gegee is.

- Feitlike gegewens: Die egpaar deel op 'n meer informele vlak hul stokperdjies en vryetydsbesteding met die navorser. Mev L noem dat sy as 'n stokperdjie op lap verf en klasse neem daarvoor. Sy werk ook graag in die tuin en geniet dit om kos te maak. Mnr L noem dat hy nie eintlik 'n stokperdjie het nie. Hy het aan marathonwedlope deelgeneem toe hy jonger was, maar deesdae is hy meer 'n sporttoeskouer as 'n deelnemer. Beide deel ook hul gegewens rakende hul vorige huwelike en hul kinders (soos vermeld onder biografiese gegewens).

- Vorige terapeutiese ervaring: Mnr L het na sy egskeiding berading ontvang. Sy ervaring daarvan was positief, maar hy het gevind dat die verandering wat bewerkstellig is, slegs tydelik van aard was. Die egpaar was ook vir 'n kort tyd saam vir berading (pastorale berading) vóór hul huwelik. Albei huweliksmaats toon 'n positiewe houding teenoor terapie en die potensiële waarde daarvan vir hulle as hersaamgestelde gesin.

- Terapeutiese kontrak: Wedersydse verwagtinge van die terapeutiese proses word bespreek. Die navorser beklemtoon veral vertroulikheid, eerlikheid en bywoning as belangrike aspekte. Die egpaar bevestig die waarde van eerlike deelname tot terapie, omdat dit andersins van geen hulp sal wees nie.

- Terapeutiese proses: Die navorser beskryf die terapeutiese proses aan die egpaar. Sy noem dat ongeveer ses tot agt sessies deurloop sal word. Verskeie administratiewe sake, soos ontmoetingstye, word afgehandel. Daar word op Donderdagaande as 'n wedersyds aanvaarbare tyd ooreengekom. Die sessies sal by die egpaar se woning geskied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Huiswerk: Die navorser stel dié taak aan die egpaar: Om na te dink oor die rede waarom hulle dit nodig vind om terapie te ontvang.

5.2.2 Bespreking

Aanvanklik was die egpaar onseker oor die terapeutiese proses, aangesien die proses (en die navorser) vir hulle onbekend was. In die loop van die sessie het albei egter ontspan en vrymoedig deelgeneem, deur oor hul vryetydsbesteding en stokperdjies te praat. Mev L is ekstroverties en het vinnig op 'n emosionele vlak begin deel. Sy het byvoorbeeld vroeg in die sessie haar negatiewe gevoelens ten opsigte van mnr L se jongste dogter (kind H) uitgespreek. Mev L voel dat kind H slegs vir mnr L kontak as sy geld wil hê. Dit frustreer mev L, want sy voel dat mnr L hom laat manipuleer deur kind H. Mnr L is meer introverties en terughoudend. Dit was telkens nodig dat die navorser direkte vrae aan mnr L rig om hom by die sessie te betrek. Mnr L se mening oor genoemde konflik ten opsigte van kind H is dat dit sy vaderlike plig is om kind H finansieel te onderhou. Mev L het mnr L telkens tydens sy vertelling onderbreek om verdedigend haar kant te probeer verduidelik. Die egpaar het vinnig begin praat oor dit wat hulle beleef as die problematiek, met ander woorde, die konflik ten opsigte van kind H. Die navorser het geluister en geleentheid gegun vir katarsis, maar by die doelstelling gebly sodat die model nie vooruitgeloop word nie. Die navorser het die egpaar gerusgestel dat die knelpunte waaroor hulle tydens hierdie sessie gepraat het, weer in die volgende sessies aangeraak sou word.

5.3 Sessie 2

**Probleemoplossingsmetode**

**Doelstelling:**

a. Om kernkwessies wat verwant tot die hersaamgestelde gesinsdinamika is en moontlik in dié gesin teenwoordig kan wees, te assesseer.

b. Identifisering van die probleem wat die gesin vir terapie gebring het. Die probleemoplossingsvaardighede moet geassesseer word en die gesin moet deur middel van psigo-opvoeding probleemoplossingsvaardighede aanleer.

5.3.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- Kernknelpunte uit Visher en Visher (1996:7-11) wat met hersaamgestelde gesinslewe verband hou, is bespreek:

  a. Die egpaar toon insig ten opsigte van die verskil tussen 'n kerngesin en 'n hersaamgestelde gesin en besef dat daar tans baie hersaamgestelde gesinne is wat met soortgelyke problematiek worstel. Mev L noem dat daar heelwat hersaamgestelde gesinne is in die kompleks waar hulle woon. Albei voel dat hulle nie alleen in hul komplekse gesinsituasie is nie.
  b. Die egpaar het geen voorbereidings getref om as hersaamgestelde gesin saam te leef nie en spreek hul spyt daaroor uit. Albei voel dat hulle met onrealistiese gelowe in die hersaamgestelde gesinstruktuur ingestap het. Mev L verwys na 'n tydperk van maanskyn en rose voordat hulle getroud is. Mnr L het haar teen die probleme met die kinders beskerm, maar nadat hulle getroud is, het die probleme, van onder andere kind H se gevoel van antagonisme teenoor mev L begin.
  c. Die egpaar beleef 'n gevoel van magteloosheid om die problematiek wat hulle ervaar, aan te spreek. Mnr L voel onder meer magteloos ten opsigte van die verbetering van die verhouding tussen mev L en kind H. Mev L staan vas by haar opinie dat kind H vir mnr L manipuleer. Nie een van die huweliksmaats wil dus toegee nie.
  d. 'n Lang bespreking oor die kwaliteit van hul huweliksverhouding het ontstaan. Albei stem saam dat hul huwelik soms goed en soms problematies is. Daar is definitiewe sensitiewe areas waaroor hulle glad

nie kan saamstem nie, wat konflik veroorsaak. Veral die verskille ten opsigte van die egpaar se siening van kind H is problematies. Mnr L voel dat dit sy vaderlike plig is om finansiële voorsiening vir kind H se tersiêre onderrig te maak, terwyl mev L voel dat kind H vir mnr L manipuleer en hom slegs kontak as sy geld nodig het en sy (mev L) haar sente moet omdraai om uit te kom met haar geld. Nog 'n twispunt is die verskil in die egpaar se perspektief oor die dissiplinering van hul kinders. Mnr L het 'n streng en rigiede siening, terwyl mev L 'n meer buigsame styl handhaaf.

- Identifisering van die probleem: Voortvloeiend uit die genoemde knelpunte en die uitvoering van die stappe van probleemoplossing, het die egpaar die kernproblematiek geïdentifiseer, naamlik:

  a. Gebrekkige kommunikasie.
  b. 'n Tekort aan begrip en onderhandeling in hul huweliksverhouding.
  c. Swak konflikhantering. Aangesien beide huweliksmaats by hul standpunt staan wat kind H betref, ervaar hulle gewoonlik eers konflik, waarna mnr L gewoonlik die kwessie los, as gevolg van albei huweliksmaats se gevoelens van magteloosheid en frustrasie. Die egpaar noem verder dat hulle ook konflik ervaar wat die dissiplinering van die inwonende kinders betref, aangesien hulle glad nie daaroor praat nie en oor die toepassing van dissipline verskil.

- Assessering van probleemoplossingsvaardighede: Wat bogenoemde sensitiewe kwessies aanbetref, is die egpaar se probleemoplossingsvaardighede swak. Beide voel baie sterk oor hul eie standpunt (wat die konflik veroorsaak). Mnr L noem dat hy voel dat hy onregverdig aangeval word en dat mev L onbillik is as sy noem dat kind H hom manipuleer. Mev L voel dat mnr L nie na haar luister nie en sy is gefrustreerd omdat kind H probleme in hulle huwelik veroorsaak. Geen oplossing word bereik nie en die twispunt word gewoonlik net gelos. Ten

opsigte van die dissiplinering van die kinders in die huis, sal konflik gewoonlik om 'n praktiese kwessie ontstaan, byvoorbeeld kind E wat laat vir aandete opdaag. Mnr L glo in spesifieke tye en mev L nie. Die kern van hierdie problematiek, naamlik swak kommunikasie wat geloofsisteme betref, word nie besef nie en 'n sekondêre rusie ontstaan dus omdat kind E laat was.

5.3.2 Bespreking

Tydens die bespreking van die probleemoplossingsmetode noem David.C Olsen (die outeur van die geïntegreerde model) dat probleemoplossing as metode 'n eenvoudige en effektiewe werkwyse kan wees om gesinne te help. Dit is egter gewoonlik nie effektief genoeg om 'n gesin of egpaar wat met komplekse en langdurige problematiek worstel, te help nie. Die navorser het tydens haar sessie 'n uitstekende praktiese voorbeeld van hierdie stelling gekry. Die navorser het die kernproblematiek geïdentifiseer, naamlik gebrekkige kommunikasie. Die egpaar het dit beaam, aangesien die konflik ontstaan omdat hulle nie mekaar se siening begryp nie, maar omdat hulle ook nie bereid is om hul eie siening te verander nie. So sal mev L by haar siening hou dat kind H mnr L net kontak wanneer sy geld benodig. Mnr L sal weer nie afwyk van sy siening dat dit sy vaderlike plig is om kind H finansieel te ondersteun nie. Uiteindelik gaan dit dus nie vir hulle oor geld nie, maar om effektief met mekaar daaroor te kommunikeer. Die navorser het die stappe van die probleemoplossingsmetode gevolg (Bylaag 1) en alternatiewe oplossings is voorgestel (Bylaag 2). Die proses word in die tabel hieronder voorgestel. Slegs enkele uitkomste word hier voorgehou:

| **Stappe** |
|---|
| **Definieer die probleem:**<br>• Gebrekkige kommunikasie. |
| **Identifiseer alternatiewe oplossings:**<br>a. Raadpleeg literatuur oor kommunikasie.<br>b. Woon 'n werkswinkel by.<br>c. Gaan alleen uit. |
| **Bespreek moontlike gevolge vir elke alternatiewe oplossing:**<br>a. Positiewe gevolg: kennis is mag.<br>Negatiewe gevolg: markties moeilik toepasbaar.<br>b. Soos bogenoemde.<br>c. Positiewe gevolg: tyd word alleen deurgebring (sonder steuring van kinders).<br>Negatiewe gevolg: sien onderstaande paragraaf. |

Tydens die egpaar se bespreking van bogenoemde negatiewe gevolg het konflik ontstaan toe hulle mekaar begin blameer vir hul gebrekkige kommunikasie. Mev L het genoem dat hulle nooit alleen sal kan uitgaan nie, omdat mnr L altyd laat werk. Mnr L het genoem dat *iemand* geld moet verdien en die egpaar het gevolglik oor finansies begin stry.

Dit was vir die navorser duidelik dat dieper eksplorering van die egpaar se kommunikasieproblematiek nodig is. Dit was egter uiters waardevol om kommunikasie as 'n knelpunt in die egpaar se huwelik te identifiseer en om 'n beeld te verkry van hulle probleemoplossingsvaardighede (of die tekort daaraan).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.4 Sessie 3

**Interaksionele metode**

**Doelstelling:** Die assessering van die egpaar se kommunikasiepatrone en -vaardighede en die aanleer van meer effektiewe kommunikasie.

### 5.4.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- Kommunikasiepatrone: Die egpaar stem saam dat hulle 'n simmetriese patroon van kommunikasie het, omdat albei onder meer hardkoppig is en by hul punt staan. (Só voel mev L dat kind H vir mnr L manipuleer, terwyl mnr L voel dat dit sy vaderlike plig is om sy kind te ondersteun). Die egpaar verval in 'n vervolger-verwyderaar-dans *(pursuer-distancer)*. Mev L sal mnr L najaag wanneer hulle byvoorbeeld oor kind H argumenteer. Mnr L sal eers poog om met mev L te praat en later sal hy homself gefrustreerd uit die argument verwyder. Elkeen dink die ander een is die probleem. Hulle is vasgevang in 'n negatiewe interaksiepatroon van hul eie denkwyse.

- Kommunikasievaardighede (Bylaag 3): Elkeen is van menig dat die ander een nie effektief luister nie. Mev L voel dat mnr L gepreokkupeer is met werk en nie na haar luister as sy met hom praat nie en ook nie met haar praat oor die verloop van sy dag nie. Mnr L noem dat hy na 'n moeilike dag nie lus is om oor werk te praat nie en dat hy eers nodig het om te ontspan. Mnr L noem dat hul kommunikasie verder gestrem word deur mev L se reaksie op dit wat sy as kritiek beleef. As Mnr L byvoorbeeld sou vra waarom mev L met dissipline dreig en dit dan nie uitvoer nie, sal mev L weier om verder daaroor te praat en haar onttrek.

- Psigo-opvoeding: Die navorser bespreek vanuit *Lifeline SA* (1997:28-30) met die egpaar die belangrikheid van *luister*:
  - Effektiewe luister na emosies is belangrik sodat 'n dieper begrip vir die persoon kan ontstaan (dikwels word daar slegs halfhartig geluister).
  - Effektiewe luister na die situasie is belangrik (aangesien 'n mens aanvanklik net 'n gedeelte van die beeld sien).
  - Effektiewe luister na die persoon se unieke ervaring van die probleem (die huweliksmaat ervaar die probleem intens).

Die volgende aspekte rakende effektiewe kommunikasie word vanuit Garland (1978:51-101) met die egpaar bespreek:

1. Parafrasering: Die herhaling in jou eie woorde van wat jou huweliksmaat gesê het, sodat jy kan wys dat jy geluister het en die boodskap begryp het.
2. Nie-verbale kommunikasie: Jou huweliksmaat *sê* baie deur sy of haar liggaamstaal. (Mnr L noem dat hy soms 'n knop op sy maag kry as hy met mev L oor kind H moet praat. Mev L sal fisies haar rug op Mnr L keer as sy voel dat sy gekritiseer word.)
3. Die verskil tussen opinie en feite: Die navorser beklemtoon dat die huweliksmaats baie verskil wat hul persoonlikhede betref. Gevolglik sal hul sieninge ook verskil. Mnr L is byvoorbeeld introverties en rigied oor dissipline en mev L is ekstroverties en meer buigsaam, maar dit beteken nie dat die een reg en die ander een verkeerd is nie. Die vermoë om die ander een se perspektief te begryp, is belangriker. Verder is dit mev L se opinie dat mnr L vir kind H tot onafhanklikheid moet dwing deur nie vir haar geld te gee nie. Dit is mnr L se opinie dat dit wel sy vaderlike plig is om finansieel vir sy kinders te voorsien.
4. Onderhandeling: Die navorser noem onder meer die belangrikheid daarvan om by die kernknelpunt te bly en nie te poog om mekaar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se gedagtes te lees en aannames te wil maak nie. Sy noem ook dat hulle gebeure uit die verlede met rus moet laat. Mev L het byvoorbeeld by geleentheid genoem dat sy daarvan sal hou as mnr L vroeër van die werk tuiskom en haar meer met die kinders help (ook wat dissiplinering betref). Mnr L het genoem dat hy nie besef het dat dit mev L se behoefte is nie. Beide het ook erken dat hulle argumente uit die verlede ophaal. Mev L sal byvoorbeeld na die vorige kere verwys toe kind H ook geld wou gehad het.

- Kompromie: Deur te poog om die negatiewe interaksiepatrone te verbreek en die ander persoon se boodskap (gevoel) te probeer hoor en begryp, poog die egpaar om wedersydse kompromieë aan te gaan. Die navorser vra aan die egpaar om elk 'n kwessie te noem wat hulle tans pla, sodat daar gepoog kan word om 'n kompromie te bereik. Dissipline word as 'n huidige geskilpunt bespreek. Mnr L voel dat mev L nie hou by 'n spesifieke roetine ten opsigte van dissipline nie. Mev L kla dat mnr L nie by die huis is om te help wat die roetine van die kinders betref nie. Kompromie: Mnr L sal twee aande per week vroeër huis toe gaan om te help met die kinders en mev L sal poog om te hou by die reëls of roetine waaroor daar ooreengekom is.

- Huiswerk: Die navorser motiveer die egpaar om die kompromieë waaroor ooreengekom is, na te kom. As 'n argument wel sou ontwikkel, moet hulle dit neerskryf en saambring vir die volgende sessie.

5.4.2 <u>Bespreking</u>

Ter evaluering van die sessie is die navorser van mening dat die sessie baie dieselfde verloop het as die tweede sessie. Die interaksionele metode het belangrike aspekte in die egpaar se problematiek na vore gebring en lig gewerp op verskeie aspekte, byvoorbeeld 'n tekort aan luistervaardighede en 'n tekort aan begrip vir mekaar se sieninge. Die navorser is egter van mening dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egpaar se tekort aan luistervaardighede teruggevoer kan word na hulle onwilligheid om hul standpunte te verander, wat daartoe aanleiding gee dat hulle nie na mekaar luister nie. Die egpaar is egter reeds so vasgevang in hul disfunksionele kommunikasie (en die gevolglike problematiek) dat dit naïef sal wees om te dink dat slegs die aanleer van verskeie kommunikasievaardighede tot die oplossing van die egpaar se probleme sal kan lei. Verdere eksplorasie is nodig, wat wel na aanleiding van die konstruksie van die model in die loop van die komende sessies aangespreek sal word. Die sessie was dus van waarde, omdat die egpaar van hul kommunikasiepatrone geleer het. 'n Bewustheid het ontstaan ten opsigte van die beduidende verskille in hul sieninge oor aspekte soos die dissiplinering van hul kinders en hul kommunikasie hieroor. Die navorser het dit goed gevind om slegs 'n kompromie te bereik oor een aspek *('n druppel in die emmer)*, sodat die egpaar hul aangeleerde vaardighede kan oefen.

5.5 Sessie 4

**Strukturele metode**

**Doelstelling:** Om die egpaar deur middel van psigo-opvoeding insig in hul gesinstruktuur te laat ontwikkel en om die egpaarsubsisteem te herstruktureer.

5.5.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- Huiswerk: Albei huweliksmaats het gehou by die kompromieë wat tydens die tweede sessie aangegaan is. Mnr L het twee aande vroeër huistoe gegaan en mev L het gehou by die kinders se roetine.

- Psigo-opvoeding: Die navorser verduidelik aan die egpaar die hoofkonsepte van die strukturele metode (soos bespreek in Hoofstuk 3). Dit word gedoen

deur voorbeelde van die egpaar se unieke situasie te gebruik ter verduideliking van die konsepte. Die hoofkonsepte behels die volgende:

1. Subsisteme wat onderverdeel word in:
   a. 'n Egpaarsubsisteem.
   b. Ouersubsisteem.
   c. 'n Kindersubsisteem.

Die navorser verduidelik aan die egpaar dat (a) die egpaarsubsisteem volgens haar assessering die belangrikste aspek (in dié egpaar se geval) ten opsigte van hulle problematiek is, aangesien dit juis tussen hulle as huweliksmaats is dat die probleme ervaar word. Die navorser noem dat hulle later in die sessie meer hieroor sal praat. Die (b) ouersubsisteem behels aspekte soos ouerskapstyle. Die egpaar se ouerskapstyle verskil aansienlik van mekaar, veral wat dissiplinering betref. Na 'n bespreking besef die huweliksmaats dat dit grootliks te wyte is aan hulle agtergrondverskille en die wyse waarop hulle grootgemaak is. Mnr L se ouers was rigied in hul ouerskapstyl en mev L het op 'n plaas grootgeword met 'n meer buigsame ouerskapstyl. Die navorser verduidelik wat die (c) kindersubsisteem behels en die huweliksmaats noem dat die twee kinders wat in die huis woon, goed oor die weg kom. Aanvanklik het mnr L en kind E (mev L se kind by haar vorige man) gesukkel om 'n verhouding te bewerkstellig, maar hulle het nou 'n gemaklike verhouding. Mev L noem dat hulle versigtig is om kind M (die egpaar se eie kind) nie voor te trek nie. (Daar is minimale kontak met mnr L se kinders.)

2. Die belangrikheid van duidelike grense in 'n hersaamgestelde gesin word aan die egpaar verduidelik. Daar moet gewaak word teen té rigiede of verstrengelde grense. Mev L voel dat die grense wat kind E betref, duidelik is. Kind E se biologiese pa en mev L het 'n goeie verstandhouding wat kind E betref. Aangesien mnr L se kinders veel ouer is, en as gevolg van die konflik

met kind H, is die grense wat mnr L se kinders betref, nie so duidelik geformuleer nie. Duideliker grense bestaan wel ten opsigte van mnr L se oudste twee kinders, maar verstrengelde grense bestaan wat kind H aanbetref.

3. Die navorser verduidelik aan die egpaar die gevaar van kliekvorming in 'n hersaamgestelde gesin. 'n Hipotetiese situasie word geskets van wat sou gebeur as mnr L en kind H moontlik 'n koalisie teen mev L sou vorm. Die gevolge wat dit vir die egpaar se huwelik sou hê, word bespreek. Die egpaar voel egter dat daar tans nie klieks teenwoordig is nie. ('n Kliek bestaan wel tussen kind H en mnr L se vorige egmaat teen mev L, maar aangesien die navorser slegs met dié egpaar en gesin werk, val dit nie binne die bestek van die terapie nie.) (Becvar & Becvar 2000 :198-201 & Gladding 1995:198-199.)

- Herstrukturering van die egpaarsubsisteem: Die navorser eksploreer dit wat volgens haar assessering die kern van die egpaar se problematiek is, naamlik die egpaarsubsisteem. Daar word veral gefokus op akkommodasie en onderhandeling wat teenwoordig moet wees in die egpaarsubsisteem. Mev L voel dat sy mnr L beter kan akkommodeer, veral wat kind H betref. Mev L toon die insig dat sy hom baie kritiseer wat sy kinders betref en dat sy hom meer moet akkommodeer, omdat sy kinders vir hom baie belangrik is. Mnr L verstaan onder akkommodasie pogings om 'n ander persoon gemaklik te laat voel. Na 'n omskrywing van die begrip, naamlik om mekaar se unieke style in ag te neem, noem mnr L dat hy mev L ook slegs in 'n mate akkommodeer. Hy noem dat hy meer akkommoderend kan wees wat die dissiplinering van die kinders betref. Albei is van mening dat hulle mekaar slegs gedeeltelik akkommodeer. Wat onderhandeling betref, voel mev L dat hulle wel kan onderhandel, maar oor sekere problematiese kwessies (soos die dissiplinering van die kinders) hulle nog nooit werklik gepraat het nie. Hulle siening verskil in so 'n groot mate wat dit betref dat hulle gewoonlik konflik ervaar as dit by dissipline kom: Elkeen staan by sy of haar standpunt en los

dan gewoonlik die argument. Mnr L noem dat hulle vermoë om te onderhandel nie goed is nie. Hy noem dat mev L baie sensitief is vir kritiek. As hy byvoorbeeld met haar praat oor 'n knelpunt, soos sekere reëls vir die kinders, ervaar sy dit onmiddellik as kritiek en weier sy om verder daaroor te praat. Albei noem dat hulle hardkoppig is en nie maklik toegee nie, wat veroorsaak dat hulle nie kan onderhandel nie.

- Akkommodasie en onderhandeling: Die navorser fokus op een area (dissiplinering van die inwonende kinders) waarmee die egpaar tans konflik ervaar. Wedersydse akkommodasie en onderhandeling word voorgestel. Mnr L is van mening dat mev L strenger moet wees in haar toepassing van dissipline. Hy noem dat kind E eintlik teen halfses saans moet tuis wees, maar dat sy die vorige aand eers ná sesuur opgedaag het. Hy noem dat hy sterk voel daaroor dat mev L nie net moet dreig om te straf nie, maar ook moet hou by wat sy sê, om só aan die kinders struktuur te bied. Mev L raak verdedigend (sy ervaar kritiek teen haar) en noem dat mnr L nie die hele dag tuis is om te sien hoe die kinders haar uitput nie. Mev L voel ook dat mnr L nie so betrokke is by die kinders se dissiplinering as wat hy moet wees nie, veral wat kind E betref, omdat sy nie mnr L se kind is nie. Die navorser eksploreer 'n moontlike bevredigende middeweg vir die egpaar. Die egpaar kom na afloop van 'n bespreking ooreen dat mnr L meer betrokke sal wees by die dissiplinering van die kinders en mev L noem dat sy meer konsekwent sal wees in haar toepassing van reëls. Besonderhede soos spesifieke slaaptye vir die kinders word verder bespreek.

- Huiswerk: Die navorser gee aan die egpaar die taak om wat dissipline betref, mekaar te akkommodeer en te onderhandel, soos wat dit tydens die sessie bespreek is.

### 5.5.2 Bespreking

Hierdie metode spreek die problematiek van die egpaar op 'n uitstekende manier aan. Dit is juis die egpaar se onvermoë om mekaar (oor sekere sensitiewe onderwerpe soos dissiplinering) in onderhandeling te akkommodeer wat probleme veroorsaak. Die egpaar het aanvanklik nie die konsep akkommodasie verstaan binne die bestek van die metode nie, maar ná 'n verduideliking deur die navorser is dit begryp. Die strukturele metode fokus op die hier en nou en die navorser het tydens hierdie sessie (met dit wat die egpaar na vore gebring het) besef dat verskeie van die redes waarom die egpaar probleme ervaar om mekaar tot 'n onderhandeling te akkommodeer, met gebeure uit die verlede te doen het (wat volgens die navorser in komende sessies aan die lig sal kom).

## 5.6 Sessie 5

**Kognitiewe metode**

**Doelstelling:** Om kognitiewe distorsies eie aan die hersaamgestelde gesin te identifiseer en te bespreek. Om verder ook insig in te win oor afbrekende kognitiewe distorsies en om meer toepaslike geloofsisteme te ontwikkel.

### 5.6.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- 'n Eksplorerende bespreking oor kognitiewe geloofsisteme in die hersaamgestelde gesin (die navorser het 'n spesifieke problematiek geïdentifiseer waarmee die egpaar worstel, naamlik dissipline):

- Persepsies *(Wat is elkeen se eie persepsie van dissipline?)*: Mnr L se persepsie wat dissipline betref is streng gehoorsaamheid, byvoorbeeld die kinders *moet* saans om agtuur gaan slaap. Mev L se persepsie hou verband daarmee om 'n goeie waardesisteem deur dissipline op te bou, byvoorbeeld dat haar kinders sal weet wat reg en verkeerd is.
- Verwagting *(Wat verwag elkeen van sy of haar dissiplineringstyl?)*: Beide meen dat die ander huweliksmaat se siening van dissipline is soos wat dit is omdat hulle wil hê hul kinders moet respek vir hul medemens ontwikkel, byvoorbeeld om volwassenes as *oom* of *tannie* aan te spreek. Die erkenning van outoriteit deur die aanleer van goeie dissipline is vir albei ouers baie belangrik. Hulle kinders moet nou reeds leer om gesag te erken, sodat hulle dit as volwassenes ook sal doen.
- Toeskrywing *(Waarom dink hy of sy dat die ander huweliksmaat geloof het in sy of haar spesifieke dissiplineringstyl?)*: Mnr L skryf sy vrou se siening van dissipline aan 'n soort *New Age* siening toe (mev L is heelwat jonger as mnr L). Mev L is buigsaam in haar toepassing van dissipline. Dit hang egter ook af van die spesifieke dag se gebeure. As die kinders byvoorbeeld in die middag geslaap het, kan hulle later gaan slaap in die aand, maar indien hulle uit was vir die dag, moet hulle vroeër gaan slaap. Mev L is van mening dat mnr L in 'n meer rigiede siening van dissipline glo. Mnr L glo vas dat 'n kind 'n spesifieke roetine moet hê. Die kinders moet volgens hom elke aand om agtuur gaan slaap.
- Aannames *(Wat sal die gevolg wees van hul dissiplineringstyl?)*: Albei huweliksmaats neem aan dat hul kinders, wat alle fasette van hul menswees betref, as verantwoordelike volwassenes sal grootword.
- Standaarde *(Wat is die ideaal wat dissiplinering betref?)*: Albei huweliksmaats besef dat hulle die fondamente van dissipline kan lê, maar gee toe dat die ideaal nie altyd realiseer soos wat hulle dit wil hê nie. Mnr L sowel as mev L noem ook dat aspekte soos verkeerde vriende 'n groot rol kan speel (Huntley 1995:114-117).

- Insig rakende geloofsisteme: Die navorser verduidelik aan die egpaar hoe geloofsisteme patrone van gedrag kan laat ontstaan en dat hierdie geloofsisteme afbrekende gedrag in stand kan hou. Die navorser gebruik die kwessie van dissipline as voorbeeld, aangesien dit tans vir die egpaar 'n struikelblok is. Soos reeds genoem, het die huweliksmaats uiteenlopende geloofsisteme oor dissiplinering. Elkeen pas die tipe dissipline toe wat hy of sy glo korrek is en waarmee hy of sy self grootgeword het. Maar aangesien hulle geloofsisteme so radikaal verskil, ontstaan daar gewoonlik 'n argument en omdat elkeen glo dat sy of haar eie siening reg is, word 'n oplossing nooit bereik nie. As 'n verdere praktiese voorbeeld verwys die navorser na die kognitiewe patroon (Bylaag 4) ten opsigte van die knelpunt wat kind H betref:

  A: Aktiverende gebeurtenis = Kind H bel mnr L vir geld

  B: Geloofsisteem = Mnr L glo dit is sy vaderlike plig om finansieel aan kind H te voorsien
  Mev L glo dat kind H vir mnr L manipuleer om geld uit hom te kry (wat sy vermors)

  C: Gevolge = Konflik

- Konfrontering rakende geloofsisteme: Die navorser konfronteer die egpaar met die realiteit dat dit baie moeilik is om geloofsisteme te verander, aangesien dit oor 'n lang tydperk opgebou word en die individu veilig daarmee voel. Die egpaar kom tot die insig dat hul geloofsisteme verskil omdat hulle verskillende individue is, en dat hulle eerder begrip vir en insig in mekaar se geloofsisteme moet ontwikkel as om te poog om mekaar se sieninge te verander. Mev L noem dat sy meer sorgloos is; dit kom van haar dae as kind op die plaas, en dit het gevolglik 'n invloed op haar tipe dissiplinering. Mnr L noem dat hy in vaste reëls glo, omdat hy so grootgemaak is en hyself ook vaste roetines in sy lewe volg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Huiswerk: Die navorser gee aan die egpaar die taak om oop en eerlike diskussies aan te gaan oor hul verskillende geloofsisteme, aangesien hulle erken het dat hulle, wat dissipline betref, onkundig oor mekaar se geloofsisteme is.

5.6.2 Bespreking

Die egpaar was verbaas oor hul onkunde ten opsigte van mekaar se kognitiewe distorsies en dit was vir hul waardevol om dit te verwoord en gevolglik insig te ontwikkel in mekaar se sieninge en optredes. Hierdie metode het volgens die navorser goed ingeskakel by sy plek in die model, aangesien daar telkens verwys is na die vorige sessies en wat vroeër gesê en besef is. Dit was nodig dat die navorser eers kennis op die ander vlakke van die model moes inwin, voordat die konsep van kognitiewe distorsies met die nodige impak aan die egpaar verduidelik kon word.

Volgens die model word die verandering van geloofsisteme as 'n doelwit vir hierdie sessie voorgestaan. Tog het die navorser na aanleiding van die assessering van die egpaar se behoeftes en hul unieke situasie tot die besef gekom dat die fokus nie op verandering moet val nie, maar eerder op die ontwikkeling van begrip vir en insig in mekaar se geloofsisteme. Die egpaar het uiteenlopende geloofsisteme wat dissiplinering betref, maar dit beteken nie dat mnr L se siening reg en mev L se siening verkeerd is nie. Wat hierdie sessie betref, was dit dus nie nodig dat een van die huweliksmaats sy of haar geloofsisteem moes verander omdat dit verwronge is nie. Dit was eerder nodig vir albei om tot insig te kom dat hulle geloofsisteme, wat die dissiplinering van hulle kinders betref, aansienlik verskil en dat hulle 'n middeweg moes vind waarmee albei tevrede kan wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.7 Sessie 6

**Multigeneratiewe metode**

**Doelstelling:** Om die bestaan van die gesin van oorsprong se geloofsisteme te identifiseer en insig daarin te ontwikkel, en om meer gedifferensieerd van die gesin van oorsprong te raak.

### 5.7.1 Uitkomste

Die volgende het in hierdie sessie na vore gekom:

- Genogram: Deur die egpaar se genogram te teken, het die paar die kompleksiteit van hul hersaamgestelde gesinsisteem visueel waargeneem. Die navorser beklemtoon dat begrip van gesinsagtergronde 'n sleutel is tot insig in mekaar se geloofsisteme (Bylaag 5).

- Oorsprong van geloofsisteme: Deur middel van 'n eksploratiewe gesprek verkry die navorser en die egpaar groter insig in hulle gesinne van oorsprong. Mnr L het op 'n dorp grootgeword. Sy herinneringe aan sy gesinslewe is neutraal. Mnr L noem dat hy nie baie gelukkige kinderjare gehad het nie, maar dat dit ook nie ongelukkige kinderjare was nie. Hy vertel dat sy gesin nie baie geheg aan mekaar was nie. Hulle was nie geweldig betrokke by mekaar se lewens nie, maar hy voel nie dat sy kinderjare sleg was nie. Mnr L onthou dat sy ouers stiptelik en streng was in hul opvoeding en dat hy nie daarteen gerebelleer het nie. Hy dink dat dit goed was. Mev L het op 'n plaas grootgeword en sy onthou vrye en sorgelose tye as kind. Sy is oorwegend deur haar ouma grootgemaak. Later het sy na 'n dorp getrek en sy was ook in 'n koshuis op dié dorp. Na skool het sy na haarself begin omsien. Daar word besef dat die egpaar uit geweldig verskillende agtergronde kom, met veral groot verskille ten opsigte van die opvoedingstyle

van hul ouers. Mnr L se ouers was streng en rigied, terwyl Mev L se ouers buigsaam en toegeeflik was.

- Psigo-opvoeding: Die navorser fokus uit Olsen (1993:67-69) op die aspek dat vroeë ervaringe geloofsisteme formuleer. Dit dien as 'n kognitiewe filter waardeur die egpaar na hul verhoudinge en gesin kyk. Die egpaar kom tot die insig dat, wat sekere sake betref, daar sprake is van 'n generatiewe erflating, met ander woorde, aspekte wat van een generasie na 'n volgende oorgedra word. Mnr L handhaaf 'n meer rigiede opvoedingstyl, soos wat sy ouers met hom gehandhaaf het. Hy het tydens die sessie genoem dat hy 'n voorstaander is van streng dissipline. Mev L het 'n meer ontspanne en toegeeflike ouerskapstyl, wat terugwys na die manier waarop sy op die plaas grootgeword het. Mev L het van gelukkige tye as kind gepraat toe hulle rondgehardloop het en enigiets kon doen. Sy sal dit graag ook aan haar kinders wil gee, maar sy noem dat tye nou baie anders is.

- Vlak van differensiasie: Die egpaar toon op 'n kontinuum hul vlak van differensiasie aan (Bylaag 6). Mnr L plaas homself in die middel van die kontinuum en is tevrede met sy vlak van differensiasie van sy gesin van oorsprong; dit is waarmee hy gemaklik voel. Mev L is van mening dat sy meer na die gedifferensieerde kant toe beweeg. Mnr L spreek sy verbasing uit en noem dat hy dink mev L meer ongedifferensieerd van haar gesin-van-oorsprong is. Mev L vermeld dat sy wel gereelde telefoniese kontak met haar ouers het, maar dat dit van 'n meer oppervlakkige aard is, aangesien dit is hoe sy dit verkies. (Mev L noem dat sy en haar moeder 'n plofbare verhouding kan hê as hulle mekaar te veel sien of as hulle te betrokke raak by mekaar se lewens.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.7.2 Bespreking

Die navorser kon die impak van die gesin van oorsprong op die egpaar se persoonlikhede en veral opvoedingstyle duidelik sien. Mnr L se opvoeding was streng en volgens hom was daar nie sprake van openhartigheid tussen gesinslede nie. Mnr L is ook ernstig en eng in sy opvoedingstyl, wat spreek van sy gesin van oorsprong. Mev L praat maklik en is meer toegeeflik en ontspanne in haar opvoedingstyl, wat ook herinner aan die wyse waarop sy opgevoed is. Die egpaar het ook mekaar se gesinne van oorsprong in die loop van die sessie geëksploreer en meer begrip vir mekaar se perspektiewe ontwikkel. Dit was egter nie die egpaar se behoefte om te differensieer (volgens hierdie metode 'n primêre doel) van hul gesin van oorsprong nie. Die waarde het vir hulle daarin gelê dat hulle kennis van en insig in mekaar se gesin van oorsprong toegeneem het, wat weer kan oorvloei na ander fasette in hul huwelik. Op hierdie manier verstaan die egpaar nou mekaar se unieke hantering van dissipline beter. Dit sal 'n invloed hê op hul interaksie met mekaar en minder konflik, wat die kinders betref, veroorsaak. Deur die verloop van die model tot by hierdie sessie was 'n groeiende vlak van kennis van die egpaar teenwoordig, wat hoogs waardevol was vir die navorser en die egpaar, omdat sy hulle tot dieper insig kon lei.

## 5.8 Individueel ontwikkelende kwessies (objekrelasiemetode)

**Doelstelling:** Om die egpaar se individuele behoeftes en dieperliggende kwessies wat na die oppervlak gebring is, te assesseer.

Volgens die model word hierdie sessie(s) gebruik vir 'n gesinslid of huweliksmaat wat individuele berading vereis na aanleiding van aspekte wat in die vorige sessie(s) na vore gekom het. Die navorser vind dit egter nie nodig om een van die huweliksmaats alleen te sien vir berading nie. Die rede hiervoor is dat die navorser van mening is dat nie een van hulle met dieperliggende problematiek worstel nie.

Die navorser het al die metodes van die model toegepas. Dit was noodsaaklik dat die egpaar hulself moes bemagtig deur kennis op 'n interpersoonlike en intrapersoonlike vlak te bekom (veral wat hersaamgestelde gesinslewe betref), sodat die egpaar die vermoë ontwikkel om gelukkig as 'n hersaamgestelde gesin saam te woon. Die navorser is van mening dat die egpaar die nodige insig en begrip in hul problematiek getoon het. Die verantwoordelikheid berus nou by die egpaar self om die begrip wat hulle ontwikkel het en dit wat tydens die sessies geleer is, op 'n emosionele en kognitiewe vlak toe te pas. Die navorser moedig hulle aan om dit te doen.

Soos na afloop van die probleemoplossingsmetode (Sessie 2) vermeld is, het die navorser dit raadsaam gevind om eerstens op die problematiek van die huwelikspaar as 'n eenheid in die hersaamgestelde gesin te fokus. Die fokus sal in die tweede plek na die kinders en spesifiek na hùl moontlike problematiek in die hersaamgestelde gesin verskuif. Weens 'n gebrek aan ruimte in hierdie studie is die kinders egter nie breedvoerig as fokuspunt behandel nie. Die model is egter wel met die huwelikspaar (en hul problematiek in 'n hersaamgestelde gesin) deurloop en in die lig van voldoende terugvoer kan daar aanvaar word dat dit wel suksesvol toegepas is.

5.9 <u>Slot</u>

In die volgende hoofstuk word verskeie kernbevindinge uit die literatuur en die navorsing uitgelig. Die leemtes van die studie word aangedui en gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 Inleiding

In Hoofstuk 4 is die geïntegreerde gesinsterapeutiese model bekendgestel en in Hoofstuk 5 is die verskeie sessies voorgehou. In Hoofstuk 6 word die bevindings van die belangrikste aspekte uit die literatuur oor die hersaamgestelde gesin en die gesinsterapeutiese model weergegee, asook die bevindings uit die navorsing. Die hoofstuk word afgesluit met gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 6.2 Doelwit

As gevolg van die kompleksiteit van hersaamgestelde gesinne (met inagneming van die stygende egskeidings- en hertrousyfers) en in die lig van die verskillende beskikbare gesinsterapeutiese modelle en metodes, is dit belangrik dat terapeute 'n effektiewe behandelingswerkwyse moet volg om hierdie unieke gesinne te help. In hierdie studie het die navorser 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model gebruik met die doel om die multiproblematiese aard van die hersaamgestelde gesin aan te spreek.

## 6.3 Bevindings uit die literatuurstudie

Die belangrikste bevindings uit die literatuurstudie (Hoofstuk 2 en 3) sal vervolgens weergegee word. Die bevindings ten opsigte van die hersaamgestelde gesin word eers weergegee, en daarna die bevindings ten opsigte van die geïntegreerde gesinsterapeutiese model.

### 6.3.1 Literatuurbevindings rakende die hersaamgestelde gesin

- Die hersaamgestelde gesin ontstaan na aanleiding van een van twee oorsake:
  1. Hertrou na die ontbinding van die huwelik as gevolg van die dood van 'n egmaat.
  2. Hertrou na die ontbinding van die huwelik deur middel van 'n egskeiding.

- Die hersaamgestelde gesin is dikwels geneig om soos 'n kerngesin te wil funksioneer en baie onrealistiese verwagtinge kan dus ontstaan, wat weer aanleiding gee tot verskeie mites ten opsigte van die hersaamgestelde gesin. Die belangrikste hiervan is die volgende: Kitsliefde tussen die nuwe gesinslede, 'n kitsklaar en hegte kerngesin en die Aspoestertjie-mite, waar die stigma van die wrede stiefma aan die nuwe moederfiguur kleef.

- Die hersaamgestelde gesin se struktuur verskil aansienlik van dié van die kerngesin en omvat gesinslede wat uit verskillende gesinsverwysingsraamwerke kom en in 'n nuwe gesin saamgevoeg word.

- Daar bestaan sewe fases waardeur 'n hersaamgestelde gesin, van die samestelling van die gesin tot die laaste fase (herstrukturering en verstewiging), beweeg.

- Dit wil voorkom dat veral eksterne strukturele eienskappe van die hersaamgestelde gesin problematiek veroorsaak, en spesifiek ten opsigte van die volgende aspekte:

- Verandering en verlies: Die ontstaan van 'n hersaamgestelde gesin hou vele verliese op verskillende vlakke vir al die betrokkenes in. Verreikende veranderinge vind plaas.

- Onrealistiese mites: In verskeie hersaamgestelde gesinne word die volgende huwelik met onrealistiese mites betree, soos die geloof dat gesinsaanpassing van korte duur sal wees.
- Groepvorming binne die hersaamgestelde gesin: Wanneer beide ouers gesinne *saambring*, ontstaan twee verskillende subgroepe wat poog om dieselfde ruimte te deel. Nuwe rituele en tradisies, vakansietradisies en daaglikse rituele moet ook geskep word.
- Diskrepansies in die lewensiklus: 'n Eerste huwelik bestaan gewoonlik uit twee volwassenes wat eenderse gesinservaringe gehad het en wat die ervaring van ouerskap gesamentlik begin het. 'n Hersaamgestelde gesin behels 'n heel verskillende prentjie, wat verreikende gevolge vir die aanpassing en saamleef van die gesinslede kan inhou.
- Lojaliteitskonflik: Aangesien daar soveel verskillende persone, sterk verhoudinge (oud en nuut) en verskeie onderlinge alliansies in 'n hersaamgestelde gesin teenwoordig is, kan lojaliteitskonflikte ontstaan.
- Grense: Alhoewel daar ferm grense in die hersaamgestelde huishouding moet wees, moet daar ook beweegruimte wees vir die kinders sodat hulle tussen die twee huishoudings kan beweeg. Faktore wat gesinsgrense beïnvloed, is gesinskonteks, fase in die lewensiklusse van die gesinslede en die hoeveelheid tyd wat tussen die huwelike verloop het.
- Dissipline: Dissiplinêre problematiek is 'n groot bron van spanning in hersaamgestelde gesinne, en gemeenskaps- en familieverwagtinge vererger dié problematiek. 'n Poging om die dissiplinêre rol aan te neem, kan hoogs negatiewe resultate afgee. Die hergetroudes moet gesamentlik tot 'n plan van aksie kom, wat vir hulle unieke situasie vanuit hul kennis van hul kinders sal werk.
- Finansies: Geld hou ook implikasies vir die hersaamgestelde gesin in. Dit strek van praktiese implikasies, soos gereelde onderhoudsbetaling, tot implikasies op 'n emosionele vlak, byvoorbeeld 'n ouer wat as gevolg van 'n skuldgevoel 'n plek in kinders se harte wil *koop*.

- Gesinsrolle: Roldefinisies wat duidelik in 'n tradisionele familie gedefinieer is, kan nie blindelings op 'n hersaamgestelde gesin toegepas word nie. 'n Probleem wat ontstaan wanneer gesinsrolle geherdefinieer word, is dat hierdie rolle deur die groter gemeenskap voorgeskryf word en reeds by die persoon ingewortel is wanneer hy of sy die nuwe gesin betree. 'n Hersaamgestelde gesin vereis dus groter buigsaamheid wat rolle in die gesin betref.
- Nabyheid teenoor afstand: 'n Selfbewustheid ontstaan ten opsigte van verhoudinge in 'n hersaamgestelde gesin. Dit is nodig dat emosionele bande toegelaat moet word om mettertyd te ontwikkel.

• Die problematiek van 'n hertroue neem dramaties toe wanneer daar kinders betrokke is, veral ten opsigte van die volgende aspekte:
- Die ouderdom van die kind is 'n belangrike faktor in die tipe response wat die kind op die verskeie knelpunte eie aan 'n hersaamgestelde gesin sal hê.
- Na die hertroue van 'n ouer verander die rol en plek van die kind en ontstaan 'n unieke gesinsvorm wat vir die kind verwarring ten opsigte van sy sosiale posisionering kan skep.
- Lidmaatskap tot twee huishoudings impliseer 'n huis met een biologiese ouer en 'n ander huis met 'n sogenaamde *ander* ouer. Die verskillende waardesisteme van verskillende huishoudings kan vir kinders 'n bron van spanning wees, veral indien die ouers nie in staat is om hul konflik effektief te hanteer nie.
- Problematiek ontstaan tussen en as gevolg van die nie-inwonende en inwonende kinders.
- Die veelvoudige veranderinge in die kind se leefwêreld kan negatiewe gevoelens teenoor die self ontlok.

• Ouerskap in die hersaamgestelde gesin is 'n besonder moeilike taak, aangesien twee stelle kinders gewoonlik in 'n nuwe gesin saamgegooi word en albei lede van die egpaar die status van stiefouer verkry, met al die stigma

en spanning wat daarmee gepaardgaan. Die rol van die stiefouer is een van die belangrikste sleutels tot die ontwikkeling van die nuwe gesinseenheid.

- 'n Ander belangrike aspek wat die hersaamgestelde gesin so kompleks maak, is die rol wat ander persone, (soos die grootouers, die gewese huweliksmaat en vriende) in die ontplooiing en stabilisering van die gesin speel.

- Afgesien van die negatiwiteit wat met 'n hersaamgestelde gesin geassosieer word, is daar ook ander faktore wat bydra tot die krag van die gesin, onder meer die blootstelling aan 'n wye verskeidenheid van mense en ervaringe.

6.3.2 Literatuurbevindings rakende 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese model

- Daar bestaan veelvuldige en skynbaar teenstrydige metodes, wat verwarrend kan wees, in die gesinsterapeutiese veld. Die student kry tydens opleiding 'n oorsigtelike perspektief van 'n legio metodes en moet dan met net 'n voorsmakie van die verskeie metodes (almal met meriete), 'n werkwyse saamstel.

- Die hersaamgestelde gesin is uiters kompleks (soos in die vorige besprekingspunt bewys is). Hierdie gesin verg volgens die navorser 'n wyer terapeutiese benadering sodat hulle problematiek doeltreffend aangespreek kan word.

- 'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese model (spesifiek die model van David.C Olsen) is as werkwyse voorgehou, aangesien dit van ses erkende en gerespekteerde metodes uit die veld van gesinsterapie gebruik maak. Dit maak voorsiening vir buigsaamheid en bewegingsruimte vir die terapeut.

- Die ses metodes waaruit die model saamgestel is, is die volgende:

1. Probleemoplossingsmetode: Die primêre doel is om die gesin se huidige probleem aan te spreek. Die fokus is op oplossings en bevoegdhede eerder as op probleme, dus op dit wat veranderbaar en moontlik is. Dit is 'n eenvoudige korttermynmetode wat fokus op die ontwikkeling van die gesin se probleemoplossingsvaardighede.
2. Interaksionele metode: Die fokus van dié metode is op negatiewe en destruktiewe kommunikasiepatrone en die hersaamgestelde gesin se onvermoë tot effektiewe kommunikasie. Terapeute identifiseer simptome as kommunikasieboodskappe en soek herhalende gedrag wat die probleem in stand hou, sodat dit verander kan word.
3. Strukturele metode: Die strukturele metode sien die sleutel tot sukses in die hersaamgestelde gesin se vermoë om aanpasbare veranderinge binne die struktuur te maak, wat relatief is tot die gesinsomstandighede. Die primêre fokus is dus op die struktuur van die gesin en op die hede en toekoms.
4. Kognitiewe metode: Die persoonlike geloofsisteme wat probleme in die verhoudings in die gesin veroorsaak, word geïdentifiseer. Hierdie disfunksionele gedagtes en die gepaardgaande emosionele reaksies word gemonitor en die doel is om die kognitiewe distorsies (spesifiek ten opsigte van die hersaamgestelde gesin) met rasionele verklarings uit te daag.
5. Multigeneratiewe metode: Gesinne word beskou in terme van die psigologiese dinamika wat van generasie na generasie oorgedra word. Die metode fokus op groter selfdifferensiasie van die gesin van oorsprong. Dit gaan dus oor die persoon se vermoë om hom- of haarself van sy of haar gesin van oorsprong te differensieer. Die hersaamgestelde gesin word as 'n interafhanklike eenheid gesien. Die siening is dat probleme waarskynlik van een generasie na die volgende oorgedra word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. Objekrelasiemetode: Die objekrelasieterapeut sien die oorsprong van die huidige verhoudingsproblematiek in vroeë ouer-kind-interaksiepatrone. Hierdie teorie is meer individueel gerig en daar word gepoog om 'n veilige omgewing te bied wat ruimte laat vir die gesinslede se ontwikkelingsbehoeftes en geleentheid bied vir die individuele gesinslede om hul bevoegdhede te verbeter.

6.4 Bevindings uit die navorsing

Uit die sessies is die volgende bevind:

**Hipotese 1**

As gevolg van die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesin en onvoldoende voorbereiding vir die totstandkoming van hierdie gesin, beskik hersaamgestelde gesinne nie oor voldoende probleemoplossingsvaardighede nie. Derhalwe is die blote aanleer van hierdie vaardighede nie genoeg om die potensiële multiproblematiek aan te spreek nie.

Hierdie hipotese word aanvaar. Probleemoplossing is gewoonlik nie voldoende om die problematiek van 'n wanfunksionele gesin ten volle aan te spreek nie. Probleemoplossing is dus juis ook nie toereikend om die multiproblematiek van die hersaamgestelde gesin op te los nie. Dit is wel 'n goeie beginpunt vir terapie en is tydens die eerste vlak van behandeling toegepas. Na afloop van die sessie waartydens die probleemoplossingsmetode gebruik is, het die navorser bevind dat die egpaar nie oor voldoende probleemoplossingsvaardighede beskik nie. Die egpaar het geargumenteer en beide het hardkoppig by hul eie standpunt gestaan. Wanneer hulle agtergekom het dat nie een van hulle die ander kon oortuig nie, het albei huweliksmaats die argument onopgelos gelaat. Die aanleer van probleemoplossingsvaardighede is wel op 'n meer elementêre vlak

waardevol, maar hierdie egpaar se problematiek is té kompleks en té diep gewortel om slegs deur die probleemoplossingsmetode aangespreek te word.

**Hipotese 2**

Indien afbrekende en negatiewe kommunikasiepatrone geïdentifiseer word, kan meer effektiewe kommunikasievaardighede met behulp van psigo-opvoeding en inoefening aangeleer en derhalwe toegepas word.

Hierdie hipotese word verwerp. Die egpaar het wel hul negatiewe kommunikasiepatrone geïdentifiseer, soos hul simmetriese patroon waar albei huweliksmaats hardkoppig staan by hul standpunt. Maar die navorser het bevind dat, dieselfde probleem as by die probleemoplossingsmetode ook op die interaksionele metode van toepassing is. Die egpaar se kommunikasieproblematiek is reeds so diep gewortel (en vermeng met ander dieperliggende problematiek) dat die blote aanleer van meer effektiewe kommunikasievaardighede nie voldoende is om hul problematiek op te los nie.

**Hipotese 3**

Indien insig in hul unieke struktuur as hersaamgestelde gesin verkry kan word en herstrukturering gevolglik kan plaasvind, sal die hersaamgestelde gesin volgens meer funksionele patrone kan funksioneer.

Hierdie hipotese word aanvaar. Die egpaar het wel insig in hul egpaarsubsisteem en in die tekort aan wedersydse akkommodasie en onderhandeling verkry. Die egpaar het besef dat akkommodasie slegs gedeeltelik in hulle verhouding plaasvind en dat hulle oor geen onderhandelingsvaardighede beskik nie. Herstrukturering en versterking van die egpaarsubsisteem het plaasgevind, wat gelei het tot die beginpunt van meer funksionele patrone in die hersaamgestelde gesin. Hierdie herstrukturering het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaasgevind deur eksplorering van die egpaar as subsisteem en deur die fokus op 'n huidige probleemarea, naamlik dissiplinering, te plaas. Deur middel van psigo-opvoeding het die egpaar insig ontwikkel en saam besluit om te poog om 'n meer effektiewe stelsel van dissiplinering ten opsigte van hul kinders te handhaaf.

**Hipotese 4**

Indien dieper begrip van mekaar se geloofsisteme (kognitiewe distorsies) bereik kan word, sal die hersaamgestelde gesin meer toepaslike geloofsisteme kan konstrueer.

Hierdie hipotese word aanvaar. Die egpaar het begrip begin ontwikkel vir mekaar se teenstrydige geloofsisteme wat die aanvanklike konflik veroorsaak het. Só het die egpaar tot die besef gekom dat hulle teenstrydige geloofsisteme het, onder meer wat die dissiplinering van hul kinders betref. Hulle het besef dat konflik veroorsaak word omdat elkeen voel dat sy of haar siening die regte een is. Daar is verder gepoog om meer toepaslike geloofsisteme vanuit hul uiteenlopende perspektiewe te ontwikkel.

**Hipotese 5**

Indien begrip vir die invloed van die gesin van oorsprong tot stand kom, sal dit aanleiding gee tot insig in mekaar se geloofsisteme en lei tot 'n hoër vlak van selfdifferensiasie

Hierdie hipotese word aanvaar. Die invloed van die gesin van oorsprong is erken en insig in mekaar se geloofsisteme is ontwikkel. Na afloop van 'n eksplorerende gesprek het die egpaar besef in presies watter mate hul eie opvoeding as kinders verskil het en in watter mate hierdie verskillende ervaringe in hul opvoedingstyl

met hul kinders deurskemer. Dit het veroorsaak dat die egpaar die belangrikheid van selfdifferensiasie van die gesin van oorsprong besef het.

6.5 Tekortkominge van die studie

- ***Die uitsluiting van die strategiese metode:***

Die navorser identifiseer die uitsluiting van die strategiese metode as 'n tekortkoming van die model. Die strategiese metode is 'n gesinsterapeutiese metode wat nie as deel van die model ingesluit is nie. Die navorser het dit tydens haar bestudering van die literatuur bespeur en is van mening dat dit 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die geïntegreerde gesinsterapeutiese model. Die navorser verwys hierna, aangesien die strategiese metode volgens Carlson et al. (1997:62) onder meer fokus op die sosiale konteks en op die lewensiklusproblematiek, wat beide belangrike kwessies ten opsigte van die hersaamgestelde gesin is. Die insluiting van die strategiese metode sal dus volgens die navorser die waarde van die model verhoog.

- ***Die model kon met groter buigsaamheid toegepas gewees het:***

Ter toetsing van die struktuur is die model vir navorsingsdoeleindes stapsgewys gevolg, maar in die praktyk sal dit gevaar inhou as 'n terapeut die gesin bloot deur die model stuur. Hierdie model en die verskeie metodes waaruit dit saamgestel is, is uiters bruikbaar en dit kan definitief met groot sukses gebruik word in terapie met hersaamgestelde gesinne, maar die terapeut sal buigsaam moet wees wat die toepassing van die metodes in die unieke gesin betref.

Ten opsigte van 'n meer buigsame toepassing van die model, hou die navorser die volgende diagram aan die leser voor as 'n aangepaste geïntegreerde gesinsterapeutiese model.

**Diagram 5: Aangepaste geïntegreerde gesinsterapeutiese model:**




- ***Die aanleer van probleemoplossings- en kommunikasievaardighede kon eers na afloop van die behandeling van die emotiewe kwessies plaasgevind het:***

Die navorser is van mening dat die egpaar dit meer waardevol sou gevind het as hulle die probleemoplossings- en kommunikasievaardighede eers later geleer het, met ander woorde nadat die emotiewe kwessies wat die struikelblokke veroorsaak het, in perspektief geplaas is en katarsis plaasgevind het. In dié geval sal die probleemdefiniëring ook beter wees en sal assessering van kommunikasiepatrone ook beter kan plaasvind. Die navorser beskou hierdie tekortkoming as veral toepaslik op die hersaamgestelde gesin. Die navorser voorsien dat bloot die aanleer van probleemoplossings- en kommunikasievaardighede nie die multiproblematiek van 'n hersaamgestelde gesin sal kan aanspreek nie.

'n Hersaamgestelde gesin sal moontlik al hul moed bymekaarskraap en 'n gesinsterapeut raadpleeg. Die gevaar bestaan dat die hersaamgestelde gesin oorweldig kan voel deur die multiproblematiese aard van hul situasie en weens

hulle onvermoë om die probleemoplossingsvaardighede wat hulle tydens hul eerste sessie geleer het, toe te pas. Die gesin kan gevolglik gefrustreerd raak met die terapeutiese proses en dit staak wanneer hulle voel dat hulle nie gehelp word nie.

Probleemoplossing en die interaksionele aspekte kan steeds inleidend gebruik word, sodat die terapeut 'n assessering kan maak. Die navorser is egter van mening dat daar na afloop van die toepassing van die model en al die sessies, weer teruggekeer moet word en dat die terapeut dan, deur middel van psigo-opvoeding, vir die gesin probleemoplossings- en kommunikasievaardighede kan leer.

- ***Meer as een sessie kon per metode toegelaat gewees het:***

Die navorser voorsien 'n verdere tekortkoming indien slegs een sessie per metode gebruik word. Die navorser het byvoorbeeld een sessie vir die probleemoplossingsmetode en een vir die interaksionele metode gebruik, en so meer. Ruimte moet gelaat word vir meer tyd sover dit spesifieke metodes betref, aangesien een metode moontlik op 'n beter manier die kernproblematiek van die hersaamgestelde gesin kan aanspreek as 'n ander metode. So het die strukturele metode byvoorbeeld die egpaar se problematiek op 'n uitstekende manier aangespreek. Idealisties gesproke kon daar byvoorbeeld twee sessies aan hierdie metode toegewy word. (Die model was nie voorskriftelik ten opsigte van een sessie per metode nie, maar die navorser het na haar ervaring met die model besef dat meer as een sessie per metode waardevol kan wees.)

## 6.6 Aanbevelings

Die navorser maak die volgende aanbevelings:

### 6.6.1 Aanbevelings ten opsigte van die hersaamgestelde gesin

Die aanbevelings ten opsigte van die hersaamgestelde gesin geskied op drie vlakke. Die eerste aanbeveling is op 'n **individuele/gesinsvlak**: Aangesien die voorkoms van hersaamgestelde gesinne so drasties toeneem, is dit volgens die navorser uiters belangrik dat terapeute hulself vertroud moet maak met hierdie komplekse en problematiese gesinsisteem. Die hedendaagse terapeut gaan al meer te doen kry met hersaamgestelde gesinne of individue met probleme as gevolg van 'n hersaamgestelde gesinsituasie.

Aangesien die navorser bevind het dat psigo-opvoeding 'n belangrike deel uitmaak van terapie met hierdie tipe gesinne, is dit dus belangrik dat die terapeut hom of haar goed sal voorberei ten opsigte van feitlike kennis rakende die hersaamgestelde gesin, sodat hierdie gesinne bemagtig kan word en hul problematiek self kan begryp.

Terapeute in verskeie dissiplines kry dikwels te doen met probleme wat in of rondom hersaamgestelde gesinne kan ontstaan. As voorbeeld kan hier verwys word na die volgende:

- Maatskaplike werkers wat met toesig- en beheerkwessies te doen kry.
- Beraders wat werk met kinders wat uitreageer as gevolg van moontlike aanvaardingsprobleme van 'n stiefouer.
- Opvoedkundige sielkundiges wat werk met kinders wat skielik swak presteer, moontlik as gevolg van aanpassingsprobleme in 'n hersaamgestelde gesin.

Terapeute moet dus kennis neem van die dinamika van 'n hersaamgestelde gesin, sodat 'n korrekte assessering en, indien nodig, 'n goeie verwysing gemaak kan word.

Die tweede aanbeveling is op **groepsvlak**: Terapeute kan 'n groep saam stel vir hersaamgestelde gesinne. Daar is reeds genoem dat een van die grootste worstelinge vir die hersaamgestelde gesin, is dat hulle alleen voel wat hul probleme betref en dat hulle sogenaamd *anders* voel. Hersaamgestelde gesinne kan by mekaar leer en ook vir mekaar as 'n ondersteuningsisteem dien.

Die derde aanbeveling is op **gemeenskapsvlak**: Dit is nodig dat ook die samelewing in die breë ingelig behoort te word ten opsigte van die hersaamgestelde gesin. Die rede hiervoor is dat die samelewing onkundig is oor hierdie gesinsvorm en dit dus kan stigmatiseer. Daar blyk weinig begrip vir hersaamgstelde gesinne te wees en dit kan verder bydra tot hul problematiek. Dit is dus nodig dat opvoeders en kerk- en gemeenskapsleiers deur lesings, opleidingskursusse, literatuur en bekendstelling in ander media, oor die kenmerke en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin ingelig word, sodat groter begrip en meer ondersteuning kan plaasvind. Hierdie persone kan dan hul nuutgevonde kennis weer aan hulle gemeenskappe oordra. 'n Kerkleier kan byvoorbeeld tydens 'n oggendtee 'n praatjie oor die mites verbonde aan hersaamgestelde gesinne lewer.

### 6.6.2 Aanbevelings ten opsigte van geïntegreerde gesinsterapie

Daar is deurgaans in hierdie studie verwys na die toename in die verskynsel van egskeiding en hertrou. Aangesien dit veral in Suid-Afrika gebeur, is die navorser verbaas dat die veld van gesinsterapie as 'n terapeutiese werkwyse nie ook geweldig groei nie – dit gebeur wel in die buiteland. Met inagneming van die gevaar van tonnelvisie wat na aanleiding van die gebruik van 'n spesifieke gesinsterapeutiese metode kan ontstaan, en ook van die multiproblematiese

aard van die hersaamgestelde gesin, beveel die navorser aan dat deskundiges in die terapeutiese veld, soos beraders en sielkundiges, hulself vertroud maak met geïntegreerde gesinsterapie as 'n werkwyse. Die waarde hiervan lê volgens die navorser daarin dat die terapeut reeds oor kennis van die kliënt beskik en ook reeds 'n terapeutiese verhouding met die kliënt opgebou het, wat as grondslag kan dien. 'n Terapeut kan wel met 'n individu werk en groot sukses behaal, maar daar moet in gedagte gehou word dat die individu weer na die gesin moet terugkeer.

Volgens die navorser kan terapeute stagneer in die gebruik van bepaalde metodes. Terapeute moet egter die multiproblematiese en multikulturele aard van die samelewing in gedagte hou. 'n Verskeidenheid van werkwyses kan dus vereis word. Die navorser beveel aan dat relevante metodes ooreenkomstig die samelewing se behoeftes in 'n weldeurdagte geheel geïntegreer word en as 'n werkwyse ingespan word.

6.7 <u>Slot</u>

In hierdie hoofstuk is die vernaamste bevindings uit die literatuur en van die studie weergegee. Tekortkominge en aanbevelings is ook gemaak.

Die doel van hierdie navorsingsverslag was om 'n geïntegreerde benadering tot gesinsterapie voor te stel en om kennis en begrip oor die problematiek van die hersaamgestelde gesin te vermeerder. Die hoop word gekoester dat daar na afloop van die lees van hierdie studie by die leser groter begrip, insig en empatie vir lede van hersaamgestelde gesinne sal bestaan en dat die waarde van 'n geïntegreerde gesinsterapeutiese werkwyse besef sal word.

# Bronnelys

Avis, P. 1991. Strategic family therapy, structural family therapy & constructivism. MA-verhandeling, Johannesburg: RAU.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2000. Family therapy: A systemic integration. Boston: Allyn & Bacon.

Belovitch, J. 1987. Making remarriage work. Massachusetts: Lexington.

Bigner, J.J. 1998. Parent-child relations: An introduction to parenting. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Blom, B. 1997. Die benutting van gestaltspelterapie met die adolessent in die hersaamgestelde gesin: 'n maatskaplikewerk-perspektief. MA-verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Booth, A. & Dunn, J. 1994. Stepfamilies: Who benefits? Who does not? Hillsdale: Erlbaum.

Borck, L.E. & Fawcett, S.B. 1982. Learning counseling and problemsolving skills. New York: The Haworth Press.

Britz-Scheepers, L.B. & Du Preez, M.S.E. 1994. Die hersaamgestelde gesin: 'n maatskaplike perspektief. Social Work, Vol. 30, No. 3, pp. 237-247.

Burt, M.S. & Burt, R.B. 1996. Stepfamilies: The step by step model of brief therapy. New York: Brunner/Mazel.

Carlson, J., Sperry, L. & Lewis, J.A. 1997. Family therapy: Ensuring treatment efficacy. California: Brooks/Cole.

Carter, B. & McGoldrick, M. 1999. The expanded family life circle: Individual family and social perspectives. Boston: Allyn & Bacon.

Case, E.M. & Robinson, N.S. 1990. Toward integration: The changing world of family therapy. The American Journal of Family Therapy, Vol. 18, No. 2, pp. 153-160.

Du Plessis, J. 1993. 'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief. DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Du Plessis, J. 1994. Enkele kenmerke van en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin. Lyra Academica, Vol. 9, No. 2, pp. 65-68.

Feixas, G. 1990. Personal construct theory and systemic therapies: Parallel or convergent trends? Journal of Marital and Family Therapy, Vol. 16, No. 1, pp. 1-20.

Feldman, L.B. 1985. Integrative multi-level therapy: A comprehensive interpersonal and intrapsychic approach. Journal of Marital and Family Therapy, Vol. 11, No. 4, pp. 357-372.

Furstenburg, F.F. & Spanier, G.B. 1987. Recycling the family: Remarriage after divorce. California: Sage.

Ganong, L.M. & Coleman, M. 1994. Remarried family relationships. California: Sage.

Garland, D.S.R. 1978. Couples communication and negotiation skills. New York: Family Service Association of America.

Gladding, S.T. 1995. Family therapy: History, theory and practice. New York: Prentice-Hall, Inc.

Goldenberg, I. & Goldenberg, G.H. 2000. Family therapy: An overview. California: Brooks/Cole.

Gurman, A.S. & Kniskern, D.P. 1991. Handbook of family therapy. New York: Brunner/Mazel.

Hanna, S.M. & Brown, J.H. 1999. The practice of family therapy. Belmont: International Thomson Publishing, Inc.

Hodgson, N.A. 1983. The structural and strategic approaches in family therapy: A integrative review. MA-dissertation, Pietermaritzburg: University of Natal.

Hovsha, R. 1990. Family therapy: Strategic and ecosystemic approaches. MA-dissertation, Johannesburg: RAU.

Huntley, D.K. 1995. Understanding stepfamilies: Implications for assessment and treatment. Alexandria: American Counseling Association.

Ihinger-Tallman, M. & Pasley, K. 1987. Remarriage. California: Sage

Judd, C.M., Smith, E.R. & Kidder, L.H. 1991. Research methods in social relations. New York: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.

Kelley, P. 1995. Developing healthy stepfamilies: 20 families tell their stories. New York: Haworth Press.

Kramer, C.H. 1980. Becoming a family therapist. New York: Human Science Press.

Kriel, A.C. 1996. Die kwesbaarheid van die hersaamgestelde gesin: 'n Sosio-pedagogiese ondersoek. Ph.D., Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lebow, J.L. 1984. On the value of integrating approaches to family therapy. Journal of Marital and Family Therapy, Vol. 10, No. 2, pp. 127-138.

Lebow, J.L. 1987. Developing a personal integration in family therapy: Principles for model construction and practice. Journal of Marital and Family Therapy, Vol. 13, No. 1, pp. 1-14.

Lifeline South Africa, Skills Manual. 1997. Pretoria.

Miermont, J. 1995. The dictionary of family therapy. Oxford: Blackwell Reference.

Mikesell, R.H., Lusterman, D. & McDaniel, S.H. 1995. Integrating family therapy. Washington: American Psychological Association.

Minuchin, S. 1996. Families and family therapy. New York: Routledge.

Nelsen, J.C. 1983. Family treatment. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Nichols, M.P. & Schwartz, R.C. 1998. Family therapy. Concepts and methods. Boston: Allyn & Bacon.

Nichols, W.C. 1996. Treating people in families. New York: The Guilford Press.

Olsen, D.C. 1993. Integrative family therapy. USA: Augsberg Fortress.

Parkinson, L. 1987. Separation, divorce and families. London: Macmillan.

Pasley, K. & Ihinger-Tallman, M. 1987. Remarriage and step-parenting: Current research and theory. New York: Guilford Press.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek. Johannesburg: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Prinsloo, E. 1991. Die selfaktualisering van die stiefkind. DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Prinsloo, E. 1993. Topical problems of the reconstituted family in contemporary society. Educare, Vol. 22, No. 1/2, pp. 38-48.

Robinson, B.W. & Mcvey, W.W. 1985. The relative contribution of death and divorce to marital dissolution in Canada and the United States. Journal of Comparative Family Studies, Vol. 16, No. 1, pp. 93-109.

Robinson, M. & Smith, D. 1993. Step by step: Focus on stepfamilies. London: Harvester Wheatsheaf.

Sauber, S.R., L'Abate, L., Weeks, G.R. & Buchanan, W.L. 1993. The dictionary of family psychology and family therapy. London: Sage.

Scheepers, L.B. 1991. Die hersaamgestelde gesin: 'n Maatskaplikewerk-perspektief. D.Phil., Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schmidt, A. 1998. Die herbalansering van stiefverhoudinge: Die pastoraal-terapeutiese benutting van Ivan Boszormenyi-Nagy se kontekstuele terapie met hersaamgestelde gesinne. D.D., Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Sentrale Statistieksdiens van Suid Afrika. 1998. Statistiese berig P0307: Huwelike en egskeidings. Pretoria: Staatsdrukker.

Smith, G.B. & Schwebel, A.I. 1995. Using a cognitive-behavioral family model in conjunction with systems and behavioral family therapy models. The American Journal of Family Therapy, Vol. 23, No. 3, pp. 203-212.

Thorman, G. 1982. Helping troubled families: A social work perspective. New York: Aldine.

Tolsen, E.R. & Reid, W.J. 1981. Models of family treatment. New York: Columbia University Press.

Van der Westhuizen, C.H.J. 1997. Gesinsterapie. Pretoria: U.P. Drukkers.

Van Staden. S. 1987. My huwelik het misluk. Kaapstad: Owen Burgess-uitgewers.

Visher, E.B. & Visher, J.S. 1982. How to win as a stepfamily. New York: Dembner Books.

Visher, E,B. & Visher, J.S. 1988. Old loyalties, new ties. New York: Brunner/Mazel.

Visher, E.B. & Visher, J.S. 1996. Therapy with stepfamilies. New York: Brunner/Mazel.

Watts, S.W., Kempf, W.G. & Cottone, R.R. 1997. On integrating family therapy: A review of the literaure from 1988-1995. The American Journal of Family Therapy, Vol. 25, No. 3, pp. 193-212.

Worden, M. 1999. Family therapy basics. Canada: Brooks/Cole Publishing Company.

Bylaag 1

## Stappe tot probleemoplossing

1. Definieer die probleem (wees duidelik en spesifiek).

2. Identifiseer alternatiewe oplossings (alle alternatiewe oplossings word genoem, al klink hulle onrealisties).

3. Skryf die alternatiewe oplossings neer.

4. Bespreek die moontlike gevolge van elke alternatiewe oplossing (oorweeg die positiewe en negatiewe gevolge).

5. Gee vir elke alternatiewe oplossing 'n punt.
   Baie goed Matig Sleg

6. Kies die beste alternatiewe oplossing.

7. Stel vas of almal tevrede is met die oplossing.

Indien nie: Probeer om nog alternatiewe te identifiseer. Kies dan weer die beste een nadat 'n punt toegeken is.

(Borck & Fawcett 1982: 61-78)

Bylaag 2

**Alternatiewe vir probleemoplossing**

Gesin:______________________________

Datum:______________________________

Probleem:______________________________________________
______________________________________________________
______________________________________________________
______________________________________________________

Alternatiewe: Skaal:

Baie goed Matig Sleg

1.____________________________________________________
______________________________________________________
2.____________________________________________________
______________________________________________________
3.____________________________________________________
______________________________________________________
4.____________________________________________________
______________________________________________________
5.____________________________________________________
______________________________________________________
6.____________________________________________________
______________________________________________________
7.____________________________________________________
______________________________________________________
8.____________________________________________________
______________________________________________________
9.____________________________________________________
______________________________________________________
10____________________________________________________
______________________________________________________

Bylaag 3

## Kommunikasie




1. Duidelike boodskap.
2. Onduidelike boodskap.
3. Verwronge boodskap.

Bylaag 4

Die verloop van kognitiewe geloofsisteme



# Genogram

Bylaag 5




Verduideliking van genogram:



Bylaag 6

## Vlak van differensiasie

**Mnr L**

**Ongedifferensieerd** **Gedifferensieerd**



**Mev L**

**Ongedifferensieerd** **Gedifferensieerd**

